

Vertaalstrategieë in *Where the heart is – a writer in Provence* deur Marita van der Vyver: Die Afrikaanse vroueskrywer in Frankryk vir die Engelse leser

deur

Marelize Ferreira



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

Magister Philosophiae in Vertaling

aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Desember 2012

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die verwerk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derderegpartye sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

M. Ferreira

Datum: _____

Kopiereg © 2012 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming:

Hierdie studie ondersoek die wyse waarop Marita van der Vyver se deels outobiografiese roman *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* vertaal is. Die vraag wat ontstaan, is *wie* die spesifieke Engelse leser van Van der Vyver se vertaalde werke is – is dit die plaaslike Suid-Afrikaanse, of die internasionale Engelse leser? Indien die teks vir 'n plaaslike Suid-Afrikaanse leser vertaal word, word die teks so vertaal asof dit deur 'n plaaslike Engelssprekende geskryf is en indien dit vir 'n internasionale leser vertaal word, word die Afrikaanse kulturele gegewens geneutraliseer, aangepas of weggelaat sodat die teks vlot en verstaanbaar vir die internasionale leser sal lees?

In die eerste hoofstuk word Van der Vyver se agtergrond as skrywer bespreek en die bronteks wat in die studie aan bod kom, gekontekstualiseer. Die probleemstelling, navorsingsvrae, metodologie en verloop van die studie word ook bespreek. Die volgende hoofstuk verskaf die teoretiese agtergrond waarteen die studie geplaas word, naamlik die deskriptiewe en funksionalistiese vertaalteorieë waarbinne vertaling hoofsaaklik as 'n kulturele handeling beskou word. Die vertaalbenaderings wat hanteer word, is domestikering en vervreemding. Hoofstuk 3 en 4 bevat die empiriese ontleding van die doelteks – dit geskied aan die hand van 'n aangepaste Lambert en Van Gorp-model op sowel makro- as mikrovlak; op die makrovlak word groter aspekte van die teks soos die genre, titel, oorkoepelende vertaalbenadering en parateks ondersoek terwyl ontleding op mikrovlak die fyner aspekte van die doelteks onder die loep neem – hier word gekyk na pragmatiese, interkulturele en teksspesifieke vertaalprobleme en die wyse waarop die vertaler daarmee in die doelteks omgaan.

Die gevolgtrekking is dat die vertaler die spesifieke Franse en Afrikaanse verwysings in die doelteks behou en van 'n hoofsaaklik vervreemdende vertaalstrategie gebruik maak deur eg Afrikaanse en Franse kulturele aspekte in die doelteks te behou. Die vertaler bly deurlopend lojaal aan die outeur van die bronteks, maar toon ook lojaliteit teenoor die doelteksleser deurdat sy linguisties domestikeer en die teks sodoende meer verstaanbaar vir die doelteksleser maak. Daar word ook deurgaans aangetoon dat nie net die doelteks

vervreemdend is vir die doeltekslesers nie, maar dat die bronteks reeds vervreemdend is ook vir die brontekslesers deur die Franse kultuur wat so sterk aan bod kom.

Abstract:

This study investigates the manner in which Marita van der Vyver's semi-autobiographic novel *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* has been translated. The question that arises is *who* the reader of Marita van der Vyver's translated works is – the local South African or the international English reader? If the text was translated for the local English reader, will the text be translated as if it was written by a local English speaker and if the text was translated for an international reader, are the Afrikaans cultural elements in the novel neutralised, adapted or omitted in such a way that the text would be fluent and understandable for the international English reader?

In the first chapter, Van der Vyver's background as an author is discussed and the source text used in this study is contextualised. The problem statement, research questions, methodology, and course of this study are also discussed. The next chapter provides the theoretical background used as background of this study, namely the descriptive and functionalist translation theories where translation is generally viewed as a cultural activity. The translation approaches used are domestication and foreignisation. Chapters 3 and 4 both contain the empirical analysis of the source text. This analysis is done by using an adapted model of Lambert and Van Gorp on both macro- and micro-levels: larger aspects of the target text are explored on macro-level, such as the genre, title, overall translation approach and paratext while analysis on the micro-level deals with pragmatic, intercultural and text-specific translation problems. The techniques the translator applies to adequately deal with these translation problems are also investigated.

It is concluded that the translator generally transfers the culturally specific French and Afrikaans terms from the source text and makes use of a generally foreignising approach in the target text. The translator stays loyal to the author of the source text but also shows loyalty towards the reader by domesticating the target text on a linguistic level and generally making the target text more understandable for the English speaker. It is shown throughout the text that it isn't only the target text that is foreignising to

targer readers, but that the source text would also be foreignising for an Afrikaans reader because of the French cultural elements that are strongly featured throughout the text.

Erkennings en dankbetuigings

My studieleier, prof. Ilse Feinauer, vir haar onbeskryflike kennis van alles en nog wat, haar geduld en bystand.

Die personeel en tutors van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch – veral vir my hartsvriendinne en kollegas, Suzanne Bezuidenhout, Solette Stander, Rezel van der Merwe, Marlies Haupt en Lucelle Hough vir die vele staaltjies, prettige oomblikke en onderskraging.

Die MPhil Vertaling en Diploma in Vertaling Klas van 2010 – sonder julle sou dinge maar saai gewees het!

My ouers, Derick en Annelize, en my broer, Mario, vir hul ondersteuning, geduld, positiewe, dog ferm aanmoediging – veral vir my ma Annelize – sonder haar eindelose aanmoediging en finansiële bystand sou my universiteitsopleiding glad nie moontlik kon wees nie.

My werkgever, Random House Struik vir die nodige begrip en studieverlof.

God my Skepper vir geleenthede, krag en vermoëns.

“Maar my hart se punt bly maar ... om stories te vertel. Ons almal leef stories; ons het elkeen 'n storie om te vertel.”

- Marita van der Vyver

Inhoudsopgawe

Verklaring	ii
Opsomming	iii
Abstract	v
Erkennings en dankbetuigings	vii
Hoofstuk 1: Inleiding en oorsig	12
1.1. Doel en rasionaal van die studie	13
1.2. Agtergrond en kontekstualisering van die skrywer	14
1.3. Agtergrond oor die bronteks	14
1.4. Probleemstelling en navorsingsvrae	16
1.4.1. Probleemstelling	16
1.4.2. Navorsingsvrae	17
1.5. Metodologie en verloop van die studie	17
1.6. Samevatting	20
Hoofstuk 2: Teoretiese begroning: Vertaling as kulturele oordrag	21
2.1. Inleiding	22
2.2. Die polisisteem – die posisie van vertaalde werke binne ’n literêre sisteem.....	22
2.2.1. ’n Oorsig van die polisisteemteorie.....	22
2.2.2. Die posisie van vertaalde werke binne die polisisteem	26
2.2.3. Die posisie van <i>Where the heart is – a writer in Provence</i> binne die Suid-Afrikaanse literêre sisteem	30
2.3. Die deskriptiewe vertaalbenadering	36
2.3.1. Funksionalisme en lojaliteit	43
2.4. Vertaling as interkulturele kommunikasie	48
2.4.1. Wat is kultuur?	48
2.4.2. Hoe word taal en kultuur versoen?	50
2.4.3. Waarom is kultuur relevant binne die betrokke studie?	50
2.5. Kulturele vertaalbenaderings	53
2.5.1. Domestikering teenoor vervreemding	55
2.5.2. Die kulturele vertaalbenadering in <i>Where the heart is – a writer in Provence</i>	62
2.6. Samevatting	64

Hoofstuk 3: Makro-analise van die doeltteks

3.1. Inleiding	68
3.2. Voorlopige data	74
3.2.1. Voorblad, titelblad en titel.....	74
3.2.2. Die oorkoepelende vertaalbenadering.....	79
3.3. Makrovlak	80
3.3.1. Parateks: die flapteks, agterblad en foto's	80
3.3.2. Indeling van teks – hoofstuktitels, aantal en volgorde van die hoofstukke	82
3.3.3. Narratiewe struktuur en genre	86
3.3.3.1. Verteller en skrywer – outobiografiese elemente.....	86
3.3.3.1.1. Marita van der Vyver as skrywer	88
3.3.3.1.2. Marita van der Vyver as Afrikaanssprekende.....	89
3.3.3.2. Konteks, milieu en karakter	91
3.4. Samevatting.....	93

Hoofstuk 4: Mikro-analise van die doeltteks

4.1. Inleiding	95
4.2. Model vir mikro-analise	97
4.2.1. Vertaalprobleme	97
4.2.2. Skematiese voorstelling van Nord se model.....	99
4.2.2.1. Pragmatiese vertaalprobleme	102
4.2.2.1.1. Ekologiese terme	103
4.2.2.1.2. Kosterme	105
4.2.2.1.2.1. Franse kosterme.....	107
4.2.2.1.2.1.1. Onverklaarde Franse kosterme	107
4.2.2.1.2.1.2. Verklaarde Franse kosterme.....	108
4.2.2.1.2.2. Suid-Afrikaanse kosterme.....	111
4.2.2.1.2.2.1. Onverklaarde Suid-Afrikaanse kosterme	112
4.2.2.1.2.2.2. Verklaarde/geneutraliseerde Suid-Afrikaanse kosterme.....	113
4.2.2.1.3. Eiename	115
4.2.2.1.4. Plekname	120
4.2.2.1.4.1. Franse plekname	120
4.2.2.1.4.2. Suid-Afrikaanse plekname	121
4.2.2.1.5. Feeste en kulturele tradisies.....	122
4.2.2.1.5.1. Franse feeste en tradisies	122
4.2.2.1.5.2. Afrikaanse feeste en tradisies	123
4.2.2.1.6. Nasionale simbole	125
4.2.2.1.6.1. Franse nasionale simbole	125
4.2.2.1.6.2. Suid-Afrikaanse nasionale simbole	126
4.2.2.1.7. Sosiale instansies	126
4.2.2.1.8. Verwysings na boeke, films en musiek	127

4.2.2.1.9. Geskiedkundige verwysings	128
4.2.2.1.9.1. Franse geskiedkundige verwysings	129
4.2.2.1.9.2. Suid-Afrikaanse geskiedkundige verwysings	130
4.2.2.1.10. Sport en ontspanning	131
4.2.2.2. Teksspesifieke vertaalprobleme	132
4.2.2.2.1. Idiomatiese uitdrukkings en woordspelings	133
4.2.2.2.1.1. Franse uitdrukkings	136
4.2.2.2.1.2. Afrikaanse uitdrukkings	139
4.2.2.2.2. Samevattende opmerkings oor teksspesifieke vertaalprobleme	143
4.2.2.3. Interkulturele vertaalprobleme	144
4.2.2.3.1. Geldeenhede	144
4.2.2.3.2. Aanspreekvorme	144
4.2.2.3.2.1. Afrikaanse aanspreekvorme	144
4.2.2.3.2.2. Franse aanspreekvorme	145
4.3. Samevatting.....	146
Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en slot.....	148
5.1. Inleiding	148
5.2. Teoretiese uitgangspunt	149
5.3. Oorkoepelende vertaalbenadering.....	149
5.4. Vertaler se werkswyse	150
5.5. Stem en styl van die skrywer	151
5.6. Verdere studiemoontlikhede	151
5.7. Algehele slotsom.....	152
BRONNELYS.....	153
BYLAE A:	
1. Voor- en agterblad van bronteks.....	163
2. Voor- en agterblad van doelteks.....	164
BYLAE B:	
1. WOORDELYS VAN KULTURELE TERME IN BRONTEKS.....	165
2. WOORDELYS VAN KULTURELE TERME DOELTEKS.....	180

Hoofstuk 1

Inleiding en oorsig

1.1. Doel en rasionaal van die studie

Daar kan sonder twyfel opgemerk word dat Marita van der Vyver 'n gewilde Afrikaanse skrywer met 'n wye lesersmark is (Kemp, 2008:22). Lovell (2006:10) beskou in 'n resensie Van der Vyver se werke as lig en vermaaklik, terwyl Hambidge (2006:9) ook in 'n resensie na Van der Vyver se 'sukses' as gewilde Afrikaanse skrywer en 'wegholverkope' van haar romans verwys. Haar werk kan as toeganklik, gewild en selfs as "chick-literature" bestempel word, veral omdat dit vroulike kwessies op 'n toeganklike en humoristiese, maar tog effektiewe trant verwoord. Daar bestaan 'n vraag na haar boeke en 'n hele aantal resensies verskyn dikwels tydens die publikasie van haar nuwe werke. Haar werk kan wel vir vertaling navorsingsmoontlikhede oplewer, aangesien elkeen van haar publikasies in Engels vertaal word en soms selfs gelyktydig met die Afrikaanse teks verskyn. Aangesien Van der Vyver 'n wyd vertaalde skrywer is, verdien haar werk aandag vanuit 'n vertaalteoretiese oogpunt.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar spesifiek op 'n werk uit Van der Vyver se oeuvre gefokus wat verskyn nadat sy na Frankryk vertrek het, juis omdat daar soveel kulturele aspekte, beide op Afrikaanse en Franse gebied in hierdie werke aan bod kom – nie net ontdek die skrywer die onderskeie uitdagings en aanpassings van 'n nuwe, vreemde kultuur nie, maar sy gee ook 'n blik op hoe sy as *Afrikaanse* vrou hierdie uitdagings ervaar. Van der Vyver skryf as 'n Afrikaanssprekende oor die Franse kultuur vir die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, wat dan vir Engelssprekendes in hulle eie vertaal word. Wat sy as Afrikaanse skrywer in die bronteks reeds as vreemd ervaar, word verder "vreemd" gemaak deur dit ook nou vir die Engelssprekende leser te vertaal – sowel Franse as Afrikaanse "vreemdhede" kom nou in die Engelse doelteks na vore,

dus “vreemd” binne “vreemd” binne “vreemd”. *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* (in 2004 deur Tafelberg uitgegee) en die vertaalde weergawe deur Annelize Visser, *Where the heart is – a writer in Provence* (in 2006 deur Double Storey uitgegee) word as relevante tekste gekies – dit beskik oor verskeie kulturele aspekte wat relevante vraagstukke vir ’n vertaalteoretiese analise oplewer.

1.2. Agtergrond en kontekstualisering van die skrywer

Marita van der Vyver verwerf haar BA-graad met tale en drama (1978) en verwerf daarna ’n honneursgraad in joernalistiek (1979). As deeltydse student behaal Van der Vyver ’n MA-graad in joernalistiek (1987) oor die uitbeelding van die vrou in die Afrikaanse pers aan die Universiteit van Stellenbosch (*Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na Die Burger en die Nasionale Pers*) – hierdie onderwerp sou later sterk in haar toekomstige oeuvre as romanskrywer figureer (Van der Walt en Niemann, 2009:155). Hierna werk sy as verslaggewer by *Die Burger*, waar sy oor ’n wye reeks onderwerpe, onder andere aktuele kwessies, sowel as leefstylonderwerpe moes skryf. Sy werk daarna ook as ’n kopieskrywer by *Leserskring* en ’n artikelskrywer by die Afrikaanse vrouetydskryf, *Sarie* (Van der Merwe, Litnet, 2007).

Nadat Van der Vyver in 1987 slegs as vryskutjoernalis begin werk, debuteer sy as skrywer met die jeugroman *Vat jou jas*. Haar eerste volwasse roman *Griet skryf ’n sprokie* word in 1992 deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer en is sedertdien in Engels, Nederlands, Duits, Italiaans, Frans, Hebreeus, Tsjeggies, Sweeds, Spaans en Sjinees vertaal (Van der Merwe, 2007). Hierdie roman word bekroon met verskeie toekennings, onder andere die ATKV-prys, M-Net-boekprys en die Eugène Marais-prys en vestig Van der Vyver se loopbaan as romanskrywer en nie net die skrywer van jeugboeke nie. In 1994, ná die verskyning van *Griet skryf ’n sprokie*, verskyn Van der Vyver se tweede jeugroman, *Die dinge van ’n kind*, wat in Engels, Duits en Nederlands vertaal is. Sedertdien verskyn verskeie romans onder andere die opvolg van *Griet skryf ’n sprokie*, *Griet kom weer* (2001), *Wegkomkans* (1999), *Vergenoeg* (2003), en nog ’n jeugverhaal *Die avonture van Hanna Hoekom* (2006). Behalwe vir die sukses van *Griet skryf ’n*

sprokie, ontvang Van der Vyver verder regdeur haar loopbaan verskeie toekennings as skrywer van literatuur vir volwassenes, jong volwassenes en kinders (Van der Walt en Nieman, 2009:155). Hoewel Van der Vyver se drie jeugboeke voor haar eerste volwasse roman, *Griet skryf 'n sprokie* verskyn het, was dit juis die laasgenoemde roman wat haar 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika gemaak het, vanweë die openlikheid waarmee die Afrikaanse vrouestem vorendag tree binne 'n meer patriargale Afrikaanse literêre sisteem. In 2004 word Van der Vyver aangewys as een van *Rapport* en City Press se tien inspirerende vroue en in dieselfde jaar verskyn *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence*. In 2005 volg 'n bundel kortverhale *Bestemmings* (in Engels vertaal as *Short Circuits*), sowel as 'n kinderboek *Mia se Ma* (ook in Engels vertaal as *Mia's Mom*). In 2010 verskyn 'n volgende roman, *Dis koue kos, skat* (in Engels vertaal as *Just dessert, dear*), sowel as 'n kookboek, *Somerkos in Provence*, wat in Engels onder die titel *Summer food in Provence* gepubliseer word.

Volgens Van der Walt en Nieman (2009:154) beskou Van der Vyver veral die emansipering van die vrou as 'n belangrike tema in haar romans en word die hantering van onder andere vroulike seksualiteit en die rol van die vrou in die gesin, prominente onderwerpe in haar oeuvre. Veral haar oeuvre wat tydens haar verblyf in Provence, Frankryk geskryf is, plaas Van der Vyver fokus op die persoonlike, alledaagse ervaring van ma-wees en haar gesin.

1.3. Agtergrond oor die bronteks

In 1999 vertrek Van der Vyver na Provence, Frankryk, waar sy sedertdien haar loopbaan as skrywer van romans en rubrieke voortsit. Die skryfwerk wat uit haar lewe in *Rue de l'église* (Kerkstraat), Frankryk spruit, sluit onder andere die roman, *Stiltetyd*, wat handel oor die verwerking van verlies deur 'n Afrikaanse gesin in Frankryk, die rubriek, *Pos uit Provence*, wat sedert 2000 maandeliks in die Afrikaanse vrouetydskrif *Sarie* verskyn het, die rubriekbundel *Franse Briewe* (in 2008 deur Tafelberg uitgegee), die roman *Stiltetyd* (in 2006 deur Tafelberg uitgegee), die briefroman, *Dis koue kos, skat* (in 2010 deur Tafelberg uitgegee) en haar mees onlangse bekendstelling, *Somerkos in*

Provence (in 2010 deur Tafelberg uitgegee), ’n resepsie- en leefstylboek, wat in Engels onder die titel *Summer food in Provence* uitgegee word.

Al die publikasies wat sedert Van der Vyver se lewe in Frankryk verskyn, het ’n deels outobiografiese komponent en handel oor die lewe van ’n Afrikaanse vroueskrywer wat in ’n vreemde land moet aanpas en hoe sy daaglik haar pligte as moeder, huisvrou en ook skrywer, nakom en ’n multikulturele gesin onderhou. Van der Vyver merk self in ’n onderhoud met Andries Visagie (2008:173) op dat *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* feitlik nie-fiksie is. Daar kan met veiligheid opgemerk word dat hierdie rubriekbundel ’n sterk outobiografiese inslag bevat. Van Coller (in Coetser, 2009:129) merk ook tereg op dat dit nie net Van der Vyver se oeuvre uit Provence is wat outobiografiese inslag bevat nie, maar dat die meeste van Van der Vyver se werke as “verkapte outobiografieë” beskou kan word, aangesien sy oor veral vroulike kwessies skryf waarmee sy haar kon vereenselwig. Van der Vyver noem dat sy ’n spesifieke skryfstyl toepas as sy oor haar eie familie skryf en neem ’n spottende, lighartige trant aan, maar spot veral met haarself as skrywer en Afrikaanse vrou in ’n vreemde, nuwe omgewing. Alhoewel dié teks nie-fiksie is, omdat sy oor haar eie gesin en ervarings skryf, noem sy dat sy steeds soms ’n ietwat “oordrewe” beeld skets en generiese Franse karakters ontwikkel waarmee sy die spot dryf, aangesien sy nie graag inwoners in haar tuisdorp wil blootstel nie.

Annette Jordaan (2005:218) beskou die betrokke rubriekbundel as ’n warmhartige en openhartige essayistiese verslag van die skrywer, waarin die onverbloemde vrou-wees van die skrywer sterk vorendag kom. Jordaan (2005:218) verwys ook na die ironiese, self-spottende toon waarin die skrywer die ervaring van vreemdeling – *etranger* – wees in haar nuwe tuisdorp, verwoord. Behalwe hiervoor, word die alledaagse bestaan van die vrou as ma en huisvrou ook uitgebeeld, sowel as die stryd teen die Franse burokrasie, soms ongenadige weersomstandighede en ongelukke en siektes wat Van der Vyver en haar gesin tref (Jordaan, 2005:218). Volgens Annamarié Burger in *Beeld* (in Van der Merwer, Litnet, 2007) lees haar Provence-oeuvre soos persoonlike briewe aan ’n vriendin en is dít juis ’n prominente eienskap van haar skryfwerk oor haar tuiste, Provence.

Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence bevat nie net outobiografiese aspekte van Van der Vyver as Afrikaanse vroueskrywer nie, maar verskaf ook vanuit haar blik ’n perspektief op ’n vreemde ruimte – vanuit haar Afrikaanse perspektief op haar nuwe omgewing word die leser blootgestel aan die Franse kultuur, onder andere tradisionele familiegebruike, kosvoorbereiding en kosvoorkeure, feeste, tradisies, seisoenstemminge, Franse kookkuns, terme, gewoontes, geloof en die alledaagse bestaan, sowel as die eiesoortige Franse inwoners van haar nuwe tuisdorp. Dit is noodsaaklik om op te merk dat heelwat Franse terme (veral met betrekking tot die kookkuns) al redelik onder Suid-Afrikaanse lesers gevestig is weens die aanneem van leenwoorde in beide die Afrikaanse en Engelse leksikon, maar dit is interessant om op te merk hoe die “vreemde blik” vanuit die Afrikaanse skrywer se perspektief selfs meer “vreemd” word indien die Engelse doelteks aspekte van die Afrikaans sou behou.

1.4. Probleemstelling en navorsingsvrae

1.4.1. Probleemstelling

Soos reeds bespreek, bevat Van der Vyver se werke vanuit Provence semi-outobiografiese aspekte van haar as Afrikaanse vroueskrywer binne ’n vreemde, nuwe ruimte. Van der Vyver as vertaalde skrywer verdien ook aandag vanuit ’n vertaalteoretiese hoek, aangesien haar werke plaaslik, sowel as internasionaal, ’n wye lesersmark het. Dit lyk dan wel asof daar ook in ander tale ’n behoefte aan haar werke is.

Die vraag wat na aanleiding van die bogenoemde opmerking gestel kan word, is *hoe* die Engels vertaalde doelteks vertaal is – watter vertaalstrategieë is aangewend en hoekom? Die doel van die studie is om ’n ontleding van die doelteks te bied en sodoende aan te toon watter vertaalstrategieë aangewend is. Daar word ook ondersoek ingestel na die rol van die doelteksleser in hierdie vertaalproduk. Word Van der Vyver se Afrikaansheid steeds behou waardeur sy die Franse kultuur beskryf of verander sy in Engels bloot in ’n wêreldburger wat oor die vreemde Franse kultuur skryf?

1.4.2. Navorsingsvrae

Die aspekte wat in hierdie tesis aan bod sal kom, word in die vorm van navorsingsvrae aangebied. Die volgende vrae sal voorts deur die loop van die tesis aan bod kom en in die gevolgtrekking beantwoord word. Die eerste vraag wat tydens die studie gestel kan word, is watter vertaalstrategieë in die doelteks aangewend word. Word eg Afrikaanse en Franse kulturele aspekte wat in die bronteks voorkom, ook in die doelteks behou? Marita van der Vyver skryf as Afrikaanse vroueskrywer binne 'n vreemde ruimte – hierdie “vreemdheid” word nog “vreemder” gemaak indien dit vir 'n Engelssprekende leser vertaal word. Van der Vyver se bronteks bevat tot 'n mate reeds “vreemdheid” deurdat sy spesifiek Franse elemente in die Afrikaanse teks insluit. Die oorspronklike teks vervreem al uit die staanspoor die leser van die bronteks. Die vraag wat nou ontstaan, is *hoe* die vertaler dit aanpak. Word die eg Afrikaanse aspekte van die doelteks behou? Verwys die “ek-spreker” (in hierdie geval, Van der Vyver self) ook in die vertaalde teks na haarself as 'n spesifiek “Afrikaanse” skrywer? Word mikro-aspekte soos eg Afrikaanse einame, geografiese name, gebruike en tradisies en kulturele elemente net so behou (vervreem) of wegvertaal (gedomestikeer) sodat hierdie “Afrikaanse” vreemdheid nie vir die Engelse leser deurskemer nie? Is die vertaling van Van der Vyver se semi-outobiografiese teks 'n kulturele oordrag deur vervreemding as strategie in te span? Die hoofvraag handel oor die betrokke strategie –*die mate waartoe* die doelteks vervreemdend (en/of domestikerend) vertaal is.

1.5. Metodologie en verloop van die studie

'n Kwalitatiewe ondersoek word in hierdie tesis na die doelteks, *Where the heart is – a writer in Provence* gedoen om te bepaal watter aspekte van die teks spesifiek op Suid-Afrikaanse Engelssprekendes gemik is en hoe dit in die vertaalde teks bewerkstellig word. Daar word deur hierdie ondersoek bepaal of die vertaalde teks spesifieke aspekte van die Afrikaanse taal en kultuur soos dit in die bronteks voorkom, in die die teks behou, al dan nie.

'n Empiriese ondersoek word in hierdie studie aangewend, aangesien 'n werklik bestaande vertaalde teks aan die hand van die bespreekte teorie ontleed sal word.

Hierdie studie sal 'n teoretiese, sowel as 'n toegepaste komponent bevat. Reeds in hierdie inleiding word die skrywer en die betrokke bronteks bespreek en kontekstualiseer. Daarna sal die teoretiese begronding aan die hand van literatuur deur relevante vertaalteoretici soos Gideon Toury (deskriptiewe vertaalbenadering) Lawrence Venuti, David Katan en Christiane Nord verskaf en uiteengesit word.

Aan die hand van bogenoemde teoretiese begronding sal die doelteks aan die hand van die bronteks bespreek word. Eers sal 'n makro-ontleding van die doelteks gedoen word waartydens daar op tekstuele aspekte soos die voorblad, verdeling en titels van die afsonderlike hoofstukke en parateks gefokus gaan word. Daarna sal die bronteks op 'n mikrovlak ontleed word deur op aspekte soos idiome en woordspelings, eiename, ekologiese terme, geografiese name, huishoudelike gebruike en gebruike om kos en onthaal, en nasionale tradisies en feeste te fokus.

Dit is belangrik dat die toegepaste aspek van die studie aan die hand van teorie geskied, sodat ingeligte en gesistematiseerde afleidings oor die navorser se bevindinge gemaak kan word. Vir die doeleindes van hierdie studie, word 'n hoofsaaklik deskriptiewe vertaalbenadering toegepas. Dit beteken dat die doelteks nie ontleed word om die gehalte daarvan te bepaal nie, maar dat die vertaalstrategieë beskryf word spesifiek aan die hand van kulturele aspekte in die bronteks.

Daar is reeds in hierdie hoofstuk genoem dat Marita van der Vyver as 'n “goeie, gewilde” skrywer in die Afrikaanse literatuursisteem gereken word (die aantal resensies wat verskyn, verkoopsyfer van haar boeke). Haar werke word nie soseer as “hoë” literatuur beskou word nie, maar wel as sogenaamde “goeie gewilde” literatuur. Dit is in hierdie studie noodsaaklik om kortliks aandag aan die plasing van haar oeuvre binne die Afrikaanse literêre sisteem te bestee. Daar sal kortliks op die polisisteemteorie na aanleiding van Itamar Evan-Zohar gefokus word en daarna word die posisie van vertaalde werke binne die kanon van 'n spesifieke literêre sisteem aan die hand van die gegewe teorie bespreek. Hieruit word gekyk na die posisie van Van der Vyver se vertaalde werk binne 'n Engelse literatuursisteem.

In hoofstuk 2 kom die hoofvertaalteorieë waarop die ontleding van die doelteks berus, aan bod. Deur die loop van hierdie hoofstuk sal daar eers 'n oorsig oor vertaalteorie as

akademiese veld gegee word. Die polisistiem word dan bespreek, aangesien vertaling as 'n deskriptiewe studie uit hierdie teoretiese beweging spruit. Daarna word die Deskriptiewe Vertaalbenadering (DTS), sowel as die nosie van die kulturele wending op die gebied van vertaling bespreek. Die strategieë en teorieë wat ondersoek word, is onder andere die Deskriptiewe Vertaalstudies waartydens die sogenaamde kulturele wending in vertaalstudies ondersoek word. Laasgenoemde lei die teoretiese uiteensetting tot die volgende gedeelte van die teorie waar vertaling as oordrag van kultuur en nie slegs linguistiese sisteme nie, ondersoek word. Hier kom teorie deur David Katan, Christiane Nord en Lawrence Venuti aan bod. Die verskeie uitgangspunte van laasgenoemde teoretici word voorts versoen om die belangrikheid van vertaling as oordrag van kultuur aan te dui. Daarna word daar veral op twee konsepte gekonsentreer, *domestikering* en *vervreemding*, soos deur Venuti gemunt, aangesien dit grootliks as agtergrond vir die ontleding van die betrokke doeltteks dien.

Hierdie voorafgaande literatuurstudie dien as teoretiese agtergrond vir die praktiese ontleding van die doeltteks. Die doeltteks sal ontleed word aan die hand van die bronteks volgens 'n deskriptiewe model soos voorgestel deur José Lambert en Hendrik van Gorp. Hierdie model maak voorsiening daarvoor dat die doeltteks op beide die makro- en mikrovlak ontleed word.

Die ontleding geskied eers aan die hand van 'n makro-ontleding. Daarna sal ondersoek op 'n mikrovlak ingestel word. José Lambert en Hendrik van Gorp merk op dat 'n goeie benadering tot ontleding behels dat daar eers ondersoek na die makrovlak en dan die mikrovlak ingestel moet word. Volgens Lambert en Van Gorp (1985:45) bied die makro-aspekte van 'n teks 'n aanduiding van die algehele of breë strategie wat tydens 'n vertaling gevolg is. Na aanleiding van die model wat deur Lambert en Van Gorp vir die ontleding of beskrywing van 'n vertaalde werk voorgestel word, word daar daarna na die mikro-aspekte van die teks gekyk. Hieruit word dan bepaal hoe die makrostrategie wat in die teks na vore kom, op die mikrovlak van die vertaling bewerkstellig is.

Die ontleding van die makro-aspekte sal in hoofstuk 3 gedoen word en berus op die model van Lambert en Van Gorp (1985:52). Die makro-aspekte behels tekstuele gegewens soos die titel, die voorblad en die agterblad. Daar word ook gekyk na aspekte soos motto's voor in die boek, titels van die hoofstukke en of daar parateks soos 'n

proloog en epiloog in die teks voorkom. Deur 'n makro-ontleding van die doeltteks te doen, word die algehele stem en styl van die doeltteks aan die hand van die bronteks ontleed. In hierdie hoofstuk word daar op 'n breër vlak na die besluitneming en strategieë vir die betrokke vertaling gekyk. Sodoende kan 'n oorkoepelende vertaalbenadering uit die studie afgelei word.

Die mikro-ontleding van die doeltteks sal voorts in hoofstuk 4 gedoen word. Die mikro-ontleding van die teks berus op 'n verskeidenheid kleiner aspekte wat uit die betrokke doeltteks gelig sal word en sluit pragmatiese en interkulturele aspekte in die teks in. Hieruit word vasgestel of die vertaler enigsins kultureel eie aspekte (vertaling van eiename, dialoog, kulturele, godsdienstige en ideologiese verwysings) behou, al dan nie.

Laastens word daar in hoofstuk 5 tot 'n gevolgtrekking gekom waarin die navorsingsvrae en probleemstelling soos verwoord in 1.2 beantwoord word. In die gevolgtrekking word daar ook verdere navorsingsmoontlikhede genoem wat uit hierdie studie na vore gekom het.

1.6. Samevatting

Alhoewel daar reeds akademiese navorsing oor Marita van der Vyver se oeuvre gedoen is, verdien sy as vertaalde skrywer meer aandag vanuit 'n vertaalteoretiese hoek, aangesien daar reeds uit die agtergrondinligting afgelei kan word dat sy 'n wyd vertaalde skrywer is. Hierdie tesis gee aandag aan Van der Vyver as vertaalde skrywer en uit die studie wil die navorser die betrokke vertaalstrategieë wat in *Where the heart is – a writer in Provence* ontleed en sodoende tot 'n gevolgtrekking kom, sowel as verdere moontlikhede vir navorsing op 'n vertaalteoretiese gebied identifiseer.

Hoofstuk 2

Teoretiese begronding: Vertaling as kulturele oordrag

2.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om die teoretiese begronding waarbinne hierdie studie funksioneer, sistematies te bespreek. Die ontleding van *Where the heart is – a writer in Provence* sal vanuit verskeie vertaalteoretiese benaderings geskied, waaronder die deskriptiewe vertaalbenadering, die versoening van vertaling en kultuur, die benadering van funksionalisme en lojaliteit, sowel as die begrippe *domestikering* en *vervreemding*. Dit is ook in die geval van hierdie studie belangrik om die doelteks binne ’n Suid-Afrikaanse literêre sisteem te kontekstualiseer. Ten einde *Where the heart is – a writer in Provence* binne die Suid-Afrikaanse literêre sisteem te posisioneer, is dit belangrik om ook ’n oorsigtelike bespreking oor die polisisteemteorie, soos gemunt deur Itamar Even-Zohar, in hierdie hoofstuk te gee.

Die deskriptiewe vertaalbenadering (Descriptive Translation Strategy of DTS) dien as die oorkoepelende benadering vir hierdie studie en dit is op die polisisteemteorie gebaseer. Aangesien die Engelse afkorting, DTS, in navorsing gebruik word om kortliks na “descriptive translation strategies” te verwys, sal hierdie afkorting voortaan deurlopend in die studie gebruik word. Die sogenaamde kulturele wending binne vertaling spruit ook uit die deskriptiewe vertaalbenadering. Die deskriptiewe vertaalbenadering word vanweë die belangrikheid van die kulturele aspekte binne Van der Vyver se werk as sleutelbenadering in hierdie studie bespreek.

Die teoretiese agtergrond wat in hierdie hoofstuk aan bod kom, sal as vertrekpunt vir die ontleding van die bronteks dien, aangesien dit die belangrikheid belig van kultuur binne die aktiwiteit van vertaling, asook die idee dat taal en kultuur aan mekaar verwant is. Volgens Katan (2004:25) is dit E.T. Hall (1959/1990) wat die term interkulturele

kommunikasie vir die eerste keer munt deur te noem dat misverstande nie soseer deur taal plaasvind nie, maar deur “silent, hidden, unconscious yet patterned factors”, kortliks verwoord as verskille op grond van kultuur. Dit is belangrik om Van der Vyver se rubriekbundel teen die volgende teoretiese agtergrond te beskou, aangesien kultuur as integrale tema in die betrokke teks geïdentifiseer en ontleed kan word.

2.2. Die polisistiem – die posisie van vertaalde werke binne ’n literêre sisteem

2.2.1. ’n Oorsig van die polisistiemteorie

Volgens die beskrywende vertaalteorie is die hoofkategorie binne ’n vertaalproses die sosiokulturele norme en tekstueel-literêre gesprekke in die kultuur en taal van die doelteks, tesame met die model waarmee die vertaler te werk gaan en die besluite wat die aard van die finale vertaalproduk gaan beïnvloed. Binne die deskriptiewe vertaalbenadering word daar nie slegs op die vertaalde teks gefokus nie, maar ook op die betrokke sisteem waarin dit voorkom. Deskriptiwiste gee nie net rekenskap van die tekstuele strategieë wat in ’n vertaalde teks voorkom nie, maar ook van die manier waarop die vertaling in ’n doelkultuur- en literêre sisteem funksioneer.

Dit is juis weens die bogenoemde rede waarom die polisistiem in hierdie studie betrek word. Die deskriptiewe vertaalbenadering is veral gemoeid met die effek wat die vertaalde tekste binne die doelkultuur se nasionale literatuursisteem het. Hermans (1994:8) noem dat die volgende vrae tydens die vertaalproses gevra kan word: wie vertaal wat, wanneer, hoekom, vir wie, in watter konteks en die belangrikste, waarom? Daar word ook gevra watter effek die vertaalde werk op die doelkultuur sal hê en watter faktore in die spesifieke kulture die vertaalproses sal beïnvloed. Even-Zohar (in Schäffner, 1998:9) merk voortaan op dat kulture as polisisteme beskou moet word waarin vertalings met oorspronklike tekste en genres moet kompeteer ten einde prestige en mag binne ’n literêre sisteem te verkry.

Die polisistiemteorie is veral ’n gepaste veld van navorsing op die gebied van die deskriptiewe vertaalstudie omdat hierdie benadering kulturele en pragmatiese aspekte

van vertaling waarneem en nie net op die oordrag van linguistiese eenhede fokus nie. Voorts sal daar gekyk word hoe die polisisteem op vertalings van toepassing gemaak kan word.

Die polisisteemteorie, soos in die laat sewentigerjare deur die Israeliese navorser Itamar Even-Zohar ontwikkel, bied 'n raamwerk vir die bestudering en verklaring van werklike gedrag binne 'n sisteem, 'n literêre sisteem in die besonder. Die polisisteem is grootliks gebaseer op die uitgangspunte wat deur die Russiese Formaliste daargestel is. Enige semiotiese sisteem, soos taal en letterkunde, is onderafdelings van 'n groter sisteem, byvoorbeeld die kultuur (Adendorff, 2003:15). Literatuur as 'n sisteem word binne 'n groter kommunikasiesisteem, naamlik die *polisisteem* ('n sisteem wat bestaan uit vele sisteme) beskou. Volgens Adendorff (2003:15) korreleer die literatuur met onder meer die taalkundige, die ekonomiese, die politieke, die sosiale, die religieuse en ander relevante elemente binne die betrokke sisteem.

In 'n groter sosiokulturele polisisteem word literatuur nie meer slegs as 'n versameling tekste beskou nie; 'n stel faktore wat die produksie, promosie en resepsie van tekste voorafgaan, word ook betrek. Die literatuur bestaan uit 'n verskeidenheid sisteme, daarom 'n *polisisteem*. Die literatuur kan beskou word as 'n meervoudige sisteem, 'n sisteem van sisteme. Dit beteken dat literatuur as sisteem met verskeie ander sisteme (maatskaplik, sosiokultureel, polities, ekonomies, ens.) kan skakel en nie as geïsoleerd binne 'n samelewing beskou behoort te word nie. Volgens Even-Zohar (1979:288) berus hierdie feit grootliks op die uitgangspunt dat semiotiese verskynsels soos kultuur, taal en literatuur ("sign-governed human patterns of communications) as *sisteme* eerder as afsonderlike elemente beskou moet word. Even-Zohar beklemtoon dat die polisisteem 'n meervoudige sisteem is, 'n sisteem bestaande uit verskeie sisteme wat mekaar telkens oorvleuel, maar wat tog elkeen apart funksioneer (Adendorff, 2003:4).

Even-Zohar (1990:28) formuleer die literêre sisteem binne 'n polisisteem as volg:

The complex of activities, or any section thereof, for which systemic relations can be hypothesized to support the option of considering the "literary".

Deur hierdie stelling beklemtoon Even-Zohar dat die polisistiem 'n meervoudige sisteem is, 'n sisteem bestaande uit verskeie sisteme wat mekaar oorvleuel, maar wat tog elkeen onafhanklik funksioneer (Adendorff, 2003:15).

Die polisistiem het ook die uitgangspunt dat 'n literêre sisteem telkens in 'n toestand van *flux* of verandering verkeer na gelang van die sosiale omstandighede binne 'n kultuur. Literêre werke verander voortdurend tussen 'n sentrale en 'n marginale posisie (periferie) in die sogenaamde *kanon* binne 'n kultuur. Van Coller (in Adendorff, 2003:25) beskou die kanon as daardie versameling tekste binne 'n literêre sisteem wat as “verwysingspunt” kan dien. Gekanoniseerde tekste is daardie tekste waaraan 'n sekere literêre status toegeken is en deel word van die historiese en kulturele erfgoed van 'n gemeenskap (Adendorff, 2003:25).

Die sentrum van die kanon domineer die periferie (kantlyn) en daar is telkens 'n stryd tussen die twee wat deur transformasie plaasvind. Volgens Even-Zohar (1979:48) is die polisistiem 'n voorstelling van dinamiese funksionalisme. Dit beteken dat die polisistiem 'n oop, dinamiese, heterogene sisteem wat nooit staties kan wees nie. Viljoen (in Adendorff, 2003:15) noem dat 'n oop sisteem in interaksie met sy omgewing staan terwyl 'n geslote sisteem geen interaksie met sy omgewing het nie. Die “omgewing” word deur Viljoen beskryf as alles buite die sisteem self – faktore van buite wat die literêre sisteem binne 'n kultuur sal beïnvloed. Die literêre sisteem staan in interaksie met sy omgewing want so 'n sisteem bestaan nie net uit tekste nie, maar word ook deur buiteliterêre (sosio-ekonomiese, maatskaplike, sosio-politiese) faktore beïnvloed.

Daar kom telkens 'n hiërargie in die literêre sisteem voor. Hierdie hiërargie stel die posisie en interaksie van die verskillende *strata* van die polisistiem voor. Indien die hoogste posisie ingeneem word deur 'n innoverende literêre tipe, word die laer strata deur 'n meer konserwatiewe tipe ingeneem. Dit is reeds genoem dat die polisistiem nie staties is nie en voortdurend aan verandering onderhewig is. Die hiërargie binne die literêre sisteem sal dan telkens aan verandering onderhewig wees. Adendorff (2003:25) noem ook dat hiërgisering in verskillende subsisteme van die polisistiem voorkom. Sekere sisteme en subsisteme raak gekanoniseerd en ander nie – daarom bestaan daar 'n hiërargie in die polisistiem.

Uit hierdie veranderlike sisteme en subsisteme spruit die onderskeid tussen primêre en sekondêre opposisies wat konflik tussen vernuwing en konserwatisme verteenwoordig (Adendorff, 2003:27). Munday (2001:110) noem dat die verhouding tussen laasgenoemde telkens aan verandering en kompetisie onderhewig is. Wanneer letterkunde gevestig is, kan daar van 'n konserwatiewe sisteem (wat Even-Zohar die sekondêre sisteem noem) gepraat word, terwyl nuwe elemente wat in die letterkunde ingevoer word, meer innoverend is (volgens Even-Zohar, die primêre sisteem).

Met die teoretiese uiteensetting van die polisisteem is dit noodsaaklik om te kyk na die wyse waarop hierdie teorie op ander studievervelde toegepas kan word. Uit die navorsing oor die polisisteem spruit die moontlikheid om die rol van vertalers en vertaalde werke binne 'n literêre sisteem na te vors. Adendorff (2003:25) noem dat die polisisteem die noodsaaklikheid van interaksie tussen alle geïnteresseerdes of belanghebbendes by die literatuur impliseer.

'n Polisistemiese benadering sluit ook kultuurstudies in, wat die interaksie tussen verskillende rolspelers soos letterkundiges, vertalers, taalkundiges, kommunikasiekundiges, filosowe en psigoloë impliseer. Lourens (in Adendorff, 2003:30) merk ook op dat die heterogeniteit in kulture deur die polisisteem bestudeer kan word, veral waar dit in twee- of meertalige lande soos Suid-Afrika voorkom. So ook is 'n polisistemenbenadering op meertaligheid moontlik. Daar is vroeër in die afdeling genoem dat 'n deskriptiewe vertaalbenadering veral begaan is oor die effek wat 'n vertaalde teks binne die sosiale konteks van die doelkultuur het. Dit beteken ook dat tekste in verskeie literêre sisteme voortdurend met mekaar in wisselwerking tree. Hieroor sê Ulrych en Bossinelli (1999:223):

A view of literature (is) a complex and dynamic system; a conviction that there should be continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translation which is descriptive, target-oriented, functional and systemic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translations, in the relation between translation and other types of text processing, and in the place and role of translations both within a given literature and in the interaction between literatures.

Lefevere (1982:232) beskou literatuur as sisteme wat telkens teenoor mekaar geplaas word – so is die bronteks deel van een sisteem en die doelteks deel van ’n ander – beide literêre werke funksioneer nie noodwendig op dieselfde wyse binne albei sisteme nie, maar word anders beskou en ervaar deur die uiteenlopende lesers. Uit die navorsing om die polissisteem spruit die moontlikheid om die rol van vertalers binne ’n literêre sisteem na te vors. Die polissisteem dra ook by tot die deskriptiewe vertaalbenadering deurdat vertaling deur middel van hierdie benadering nie in ’n vakuum beskou word nie, maar waar eksterne invloede soos ander literêre werke en sisteme ’n rol speel (Spies, 2009:80).

Aangesien daar aanvaar kan word dat literatuur en kultuur met mekaar in wisselwerking tree, word daar besef dat ’n literêre sisteem deel uitmaak van die polissisteem. Verskeie kulture word deur Even-Zohar as polissisteme beskou en sodoende vorm vertaalde werke ook deel van die polissisteem. Dit is juis vanweë die feit dat die polissisteem ’n kulturele verskynsel is, dat hierdie teorie veral nuttig te pas sal kom binne die deskriptiewe vertaalbenadering. Voorts sal die polissisteem op grond van vertaalde werke bespreek word.

2.2.2. Die posisie van vertaalde werke binne die polissisteem

Met die teoretiese uiteensetting van die polissisteem is dit nou noodsaaklik om te kyk na die wyse waarop dit op ander studievervelde toegepas kan word en hoe die polissisteem en vertaling onder andere in hierdie studie funksioneer. Vanuit die bogenoemde bespreking kan afgelei word dat dit volgens die polissisteemteorie nodig is om voorsiening te maak vir die sogenaamde “laer” (perifere) vorme sowel as hoër (gekanoniseerde) vorme van literatuur binne ’n spesifieke sisteem. Dit beteken dat vertaalde werke binne ’n literêre sisteem nie minder onderhewig aan blootstelling en belangstelling moet wees nie. Soos reeds genoem, is literêre sisteme telkens onderhewig aan verandering en ’n voortdurende spanning ontstaan tussen perifere en sentrale literatuur. Die perifere literatuur “veg” vir ’n posisie binne die literêre sisteem om gelykstaande aan die sentrale literatuur te wees. Vertaalde werke neem gewoonlik ’n perifere posisie binne ’n

literêre sisteem in, maar kan ook vorder tot 'n meer sentrale posisie. Die volgende word hieroor opgemerk (Even-Zohar, 1990:56):

Translated works usually occupy a peripheral position, but they can at times assume a more influential role. That is, although translated literature is often associated with the secondary function of merely propping up in existing structures, genres, poetic traditions, etc., translations can be (and often are) capable of performing a primary function in the polysystem (bringing in new forms and models).

Even-Zohar se polissisteemteorie is grootliks gewy aan besprekings oor die rol wat vertaalde literatuur in 'n spesifiek literêre polissisteem vertolk en ook die wyer reeks implikasies wat die polissisteem oor die algemeen kan uitoefen op die gebied van vertaling. Even-Zohar argumenteer vir die erkenning van beperkte sistemiese verhoudings tussen geïsoleerde vertaaltekste wat in 'n gegewe polissisteem bestaan. Hierdie verhoudings is gegrond op die beginsel van seleksie – wanneer dominante skrywers in een literêre sisteem byvoorbeeld 'n sekere skrywer se werk uit 'n ander literêre sisteem kies om tot die doelkultuur toe te voeg, sowel as die neiging vir vertaalde tekste om aan die literêre norme van die spesifieke doelkultuur te voldoen.

Volgens Even-Zohar (1990:47) kan vertaling 'n sekere literêre sisteem “help” wanneer die literatuur op 'n gegewe tyd binne 'n spesifieke samelewing te jonk is, of steeds in die proses is om gevestig te word, of die op die periferie of swak (of beide) teenoor wêreldliteratuur, of 'n krisis in 'n literêre sisteem ondergaan.

Even-Zohar identifiseer drie vername redes waar vertaalde letterkunde nie noodwendig slegs 'n sekondêre posisie in die polissisteem kan inneem nie, maar ook 'n primêre posisie in 'n literêre sisteem kan inneem. 'n “Jong” literatuur wat steeds in die proses van vestiging is, probeer om so veel moontlik “vername” werke en literêre genres in sy eie taal oor te plaas en dit sodoende toeganklik vir die lesersrepubliek in daardie taal te maak. Tweedens kan 'n “swak”, perifere literatuur versterk word deur literêre werke van gehalte binne daardie literatuur in te voer.

Munday (2001:110) noem dat laasgenoemde kan plaasvind wanneer 'n kleiner nasie deur die kultuur van 'n groter een gedomineer word. Derdens, wanneer gevestigde

modelle nie meer as genoegsaam beskou word nie – in so 'n geval is dit moontlik vir 'n vreemde model om 'n posisie in die sisteem in te neem.

Vertaalde literatuur voorsien ook in die behoefte om soveel moontlike literêre tipes aan 'n redelik nuwe literêre sisteem binne 'n taal bekend te stel omdat 'n nuwe literatuursisteem nie onmiddellik alle soorte literatuur in die doeltaal kan skep nie. 'n Literêre sisteem word bevoordeel vanuit 'n ander literêre sisteem deurdat daar voorsiening vir blootstelling aan nuwe literêre tipes en nuwe kulture gemaak word.

Even-Zohar bespreek byvoorbeeld moderne Hebreeus as 'n voorbeeld van 'n jonger taal met 'n minder gevestigde literêre sisteem – hierdie taal het nie 'n inheemse literatuur nie en het 'n tekort aan 'n kanon van literêre vorme gehad. Gegewe die demografiese en ander politieke oorwegings moes Hebreeus staatmaak op vertalings om die belangrike gapings in die literêre sisteem te vul. In 'n jonger taal soos Afrikaans kan ouer klassieke werke uit ander literêre sisteme ook vertaal word om die lesers blootstelling te gee aan literêre vorme en vreemde skrywers waarmee hulle nie vroeër bekend was nie.

Dit werk ook omgekeerd dat 'n ouer, meer gevestigde literêre sisteem soos Engels uitgebrei kan word deur werke toe te voeg wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is en dan in Engels vertaal word. Die Engelse leser kan by hierdie vertaalde werke baatvind omdat hy of sy aan skrywers uit 'n ander literêre sisteem blootgestel word, of aan die Afrikaanse kultuur blootgestel word. Die Afrikaanse literêre sisteem kan ook daarby baat indien oorspronklik Afrikaanse werke as vertalings in die Engelse literêre sisteem opgeneem word. Die skrywers binne die Afrikaanse literêre sisteem word aan 'n wyer lesersmark bekend gestel en versterk sodoende die Afrikaanse literêre sisteem.

In bogenoemde omstandighede word 'n plek aan verskeie innoverende literêre vorme deur vertaling binne 'n literêre polissisteem toegeken. Dit word ook opgemerk dat die repertoire van 'n ontluikende literatuur nooit volledig is nie en vertaling as 'n belangrike bron van inspirasie in literêre sisteme dien (Baker & Saldanha, 2009:68). Daar word ook verwys na generasiegapings en veranderende sosiokulturele faktore wat veroorsaak dat sekere literêre vorme as uitgedien beskou word en vernuwing benodig. Vertaling kan ook in hierdie behoefte voorsien.

Daarteenoor kan daar omstandighede wees wat veroorsaak dat die vertaling wat eers 'n primêre posisie in 'n betrokke literêre sisteem ingeneem het, nou 'n sekondêre posisie in die literêre sisteem inneem. As vertaalde literatuur 'n sekondêre posisie inneem, verteenwoordig dit 'n perifere posisie binne die polisisteem. Dit het dan geen groot invloed op die sentrale sisteem nie en kan selfs 'n konserwatiewe element word, wat die konvensionele vorme van literatuur behou en aan die literêre norme van die doelteks voldoen.

Even-Zohar (1979:290) stel voor dat die posisie wat die vertaling in die polisisteem inneem, die vertaalstrategie moet bepaal. Vertalings kan in gevestigde, sterk, dominante literêre sisteme as opsionele ekstras op die periferie beskou word en dit het ernstige komplikasies vir die vertaalteorie- en praktyk. Volgens Gentzler (2002:195) gebruik die polisisteem ook die perifere status om te ontdek watter soort tekste vir vertaling gekies word. Toury (1995:233) noem dat ideologiese faktore meestal 'n rol speel wanneer werke vir vertaling gekies word, terwyl linguistiese en estetiese redes kleiner rolle in hierdie besluitnemingsproses speel. Dit beteken dat werke gekies word vir die effek wat dit op 'n sekere kultuurgroep sal hê en wat die doelkultuur van die bronteks sal kan leer.

Die polisisteem verteenwoordig belangrike vordering in vertaalstudies en bevoordeel navorsing in vertaalstudies deurdat dit vertaalde tekste in 'n groter veld van kulturele aktiwiteite plaas. Daar is 'n paar voordele hieraan verbode. Eerstens word literatuur self aan die hand van sosiale, historiese en kulturele faktore bestudeer. Tweedens beweeg Even-Zohar weg van die geïsoleerde studie van individuele vertaalde tekste tot vertaalstudie binne die kulturele en literêre sisteme waarin die tekste funksioneer. Laastens laat die nievoorgeskrewe definisie van ekwivalensie variasie toe na gelang van die kulturele en historiese situasie van die spesifieke teks (Gentzler, 2002:196).

Gentzler (2002:197) verskaf ook die volgende kritiek teen die polisisteemteorie. Dit sluit die volgende in: 'n oorveralgemening tot die sogenaamde 'universele wette' van vertaling wat op min bewyse gebaseer is, die feit dat daar te veel staatgemaak word op die historiese gebaseerde model van die Formaliste uit die 1920's wat nie noodwendig gepas is vir vertaalde tekste in 'n latere tydperk nie, die tendens om eerder op 'n 'abstrakte' model te fokus as die empiriese werklikheid waarin tekste en vertalers

bevind word en die vraag tot watter mate die veronderstelde wetenskaplike model werklik objektief is.

Ten spyte van die bogenoemde punte van kritiek, het die polisistiem wel 'n grondige invloed op vertaalstudie deurdat dit veroorsaak het dat vertaalstudie na 'n minder preskriptiewe beskouing van vertaling binne verskeie kontekste beweeg na 'n meer deksriptiewe benadering. Alhoewel die polisistiemteorie op 'n abstrakte vlak van repertoires en tekstuele modelle eerder as op die vlak van tekste, skryfvers of vertalers funksioneer, fokus dit die aandag op die praktiese en intellektuele behoeftes wat 'n vertaling moontlik binne 'n kultuur kan probeer voorsien (Hermans, 2002:23).

Die polisistiemteorie voorsien ook 'n manier waarop vertalings gekoppel kan word aan ander faktore behalwe die bronteks –die effek wat die vertaalde werke op 'n doelkultuur sal hê en watter faktore van die doelkultuur hierdie vertaling sal beïnvloed en hoe. Dit integreer vertaling met 'n wye netwerk van sosiokulturele praktyke en prosesse. Volgens Hermans (2002:23) is vertaalstudie weens hierdie rede 'n meer opwindende studierigting en word 'n sogenaamde “kulturele wending” op die gebied van vertaling gekenmerk aan die feit dat vertalings beïnvloed word deur die sosiokulturele omgewing waarin dit geskep word.

2.2.3. Die posisie van *Where the heart is – a writer in Provence* binne die Suid-Afrikaanse literêre sisteem

Vanuit die bespreking in die vorige afdeling oor die polisistiemteorie kan daar afgelei word dat dit volgens die polisistiem nodig is om voorsiening te maak vir die sogenaamde “laer” (perifere) vorme van literatuur, sowel as hoër (gekanoniseerde) literêre werke binne 'n spesifieke literêre sisteem.

Die rol van die resensie¹ en die menings van boekresensente is belangrik om 'n literêre werk se posisie binne die betrokke literêre sisteem te bepaal, aangesien hierdie resensies

¹ Daar word in hierdie studie net kortliks na die posisie van Marita van der Vyver as skrywer binne die Afrikaanse en Engelse literêre sisteem verwys. 'n Volledige studie sou in die vorm van 'n resepsiestudie gedoen kon word, maar vir die doeleindes van hierdie studie word daar slegs na enkele resensies verwys.

deur literêre kritici geskryf word en die algemene leser die opinie van hierdie kenners vertrou. 'n Manier waarop mag binne die literêre kritiek vergestalt word, is deur middel van herskrywing. (Adendorff, 2003:50). Dit beteken dat die literêre werk vir nieprofessionele lesers “herskryf” word deur literêre kenners wat resensies oor 'n betrokke werk skryf. Die leser lees nie hierdie literatuur soos wat dit deur die skrywer self geskryf is nie, maar eerder soos wat dit deur die kritici (in resensies) geskryf is.

Snyman (in Adendorff, 2003:50) voer aan dat instansies soos universiteite, biblioteke en uitgewers die herskryf van die literatuur beheer. Hierdie literatore, resensente en ander herskrywers van die literatuur bepaal die literêre diskoers op so 'n wyse dat dit binne 'n geslote omgewing volgens streng bepalings beheer word. Volgens Ohlhoff (1995:41) gee herskrywers die teks in een of ander vorm weer (deur byvoorbeeld die inhoud van 'n teks in 'n resensie te parafraseer). Hulle maak sekere keuses of plaas tekste binne 'n bepaalde raamwerk. Herskrywers skep 'n spesifieke beeld van 'n outeur, werk, genre of die literatuur in die algemeen. Die rol van resensies by die vorming van 'n literêre werk se beeld binne 'n bepaalde literêre sisteem is belangrik.

Daar is reeds genoem dat vertaalde werke nie so 'n sentrale posisie in 'n literêre veld inneem as oorspronklike literatuur nie, maar hierdie posisie kan wel verander of beïnvloed word deur die rol van resensente in 'n betrokke literêre sisteem. Dit is belangrik om na enkele resensies van Van der Vyver se vertaalde werk te kyk ten einde die posisie van haar werk binne die Engelse literêre sisteem te bepaal.

Soos reeds in hoofstuk 1 genoem, word Van der Vyver se literêre werke deur verskeie resensente en literêre kritici as “goeie gewilde” literatuur beskou. “Goeie gewilde literatuur” verwys na daardie literatuur in 'n literêre sisteem wat deur 'n wye lesersmark gelees word, maar nie noodwendig as grootse, klassieke literatuur beskou word nie en daarom nie as sodanig gekanoniseer word nie. Hierdie “goeie gewilde literatuur” staan ook bekend as die sogenaamde middelmoot-literatuur. Volgens Van Coller (2011:5) word hierdie middelmoot-literatuur as 'n “gevaar in vermomming” vir 'n literêre sisteem beskou, aangesien dit die sogenaamde hoë literatuur kan infiltrer en daar volgens hom 'n onderskeid tussen die posisies binne die literêre sisteem moet wees. Die verhouding tussen hierdie sogenaamde middelmoot-literatuur en hoë literatuur kan binne enige literêre stelsel problematies wees, aangesien dit verband hou met die wyse

waarop kultuur beskou word en watter waarde geheg word aan die onderskeiding van so 'n bepaalde kategorie wat in wese 'n tussenvorm (tussen hoog en laag) veronderstel (Van Coller, 2011:6). Na aanleiding van die volgende resensies sal daar gesien word dat Van der Vyver se werke wel as toeganklik beskou word en nie noodwendig as “groot literatuur” bestempel word nie. Haar werk hou nie 'n bedreiging vir “groot literatuur” in nie. In die resensies wat hier bespreek word, sal daar gesien word dat Van der Vyver se literatuur steeds nie in die groep van “groot literatuur” geplaas word nie.

Die romans deur Van der Vyver toon wye resepsie deur lesers deurdat daar telkens heelwat resensies van haar nuwe publikasies verskyn. Van der Vyver as skrywer het 'n posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem en is nie heeltemal gemarginaliseer nie. Alhoewel haar literêre werke deur 'n wye lesersmark aangehang word, word daar in 'n resensie opgemerk dat haar romans nie met skrywers soos Marlene van Niekerk of Ingrid Winterbach vergelyk behoort te word nie. Etienne Britz (2006:79) merk op dat haar werke “in die kategorie van trefferskrywers soos Dalene Matthee of Deon Meyer” geplaas kan word. Hy merk verder op dat trefferkuns deur Van der Vyver op so 'n peil is dat dit net so moeilik is om na te boots soos “groot literatuur”. In hierdie resensie tref Britz 'n onderskeid tussen “groot literatuur” en “trefferliteratuur” wat aan “goedkoop effekte en clichés” gekenmerk word. In hierdie resensie word Van der Vyver gekenmerk as 'n skrywer van sogenaamde trefferliteratuur.

Ander resensente soos Joan Hambidge spreek meer negatiewe kritiek teenoor Van der Vyver as skrywer uit. Alhoewel Hambidge (2006:1) Van der Vyver se romans as “goed vertel” en “behendig geskryf” beskou, noem sy dat die kritiese sisteem van 'n Afrikaanse roman hersien moet word en dat Van der Vyver nie as 'n ernstige skrywer beskou moet word nie, maar dat haar romans as “goeie, gewilde prosa” steeds 'n plek binne die Afrikaanse literêre sisteem het. Dit is duidelik dat literêre kenners nie die romans van Van der Vyver as “ernstige literatuur” beskou nie, maar dat daar steeds gevoel word dat haar gewilde romans 'n plek binne die literêre sisteem het.

Marita van der Vyver merk self in 'n onderhoud (Van der Merwe, Litnet, 2007) op dat sy nie vir 'n spesifieke mark as sodanig skryf nie, maar boeke skryf wat sy graag self sal wil lees. Sy bestempel haar styl as boeke wat toeganklik is, maar tog intelligent genoeg

is om die leser uit te daag. Sy erken dat sy nie haar romans skryf met die oog op “groot literatuur” nie.

Volgens Theo Kemp (in Van der Merwe, Litnet, 2007) is Marita van der Vyver een van die Afrikaanse skrywers met die breedste lesersmark en is *Die hart van ons huis* ’n toeganklike en sjarmante vertelling van Van der Vyver se lewe as Afrikaanse vrou, ma en skrywer in Provence. Sy skryf nie feministies of vervreemdend nie, maar gemoedelik en toeganklik, sonder om dieper te delf in “ernstiger” kwessies, maar net op die oppervlak daaraan te raak. Kemp (in Van der Merwe, Litnet, 2007) reken dat Van der Vyver haar lesersmark ken en dat sy op so ’n wyse skryf dat haar teikengroep by haar werke aanklank sal vind.

Vanuit die bogenoemde opmerkings uit resensies en menings van literêre kenners is dit duidelik dat Van der Vyver se romans as suksesvol en betekenisvol, maar steeds toeganklik bestempel word. Alhoewel *Die hart van ons huis* positiewe terugvoer in resensies ontvang het, is dit steeds volgens kritici nie ’n werk wat met ernstiger romans sal meeding nie.

Uit die bogenoemde resensies is dit duidelik dat Van der Vyver se werke nie noodwendig as groot literatuur beskou word nie, alhoewel dit ’n prominente posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem het. Van der Vyver se werke is nie ’n vermomming van “groot literatuur” soos Van Coller opgemerk het nie, maar word deur resensente beslis binne ’n meer randstandige posisie as die groot, ernstiger literatuur binne die sisteem geplaas.

Dit is reeds genoem dat vertaalde werke ’n meer perifere posisie binne ’n literêre sisteem inneem. Weens die veranderende aard van literêre sisteme, is dit wel moontlik dat hierdie werke tot ’n meer sentrale posisie in die literêre sisteem van die betrokke doeltaal kan vorder.

In die geval van *Where the heart is – a writer in Provence*, word hierdie teks op ’n meer perifere posisie as oorspronklik geskrewe Engelse literatuur binne die Suid-Afrikaanse Engelse literêre sisteem beskou. Daar is reeds genoem dat vertaalde werke ’n gemarginaliseerde posisie binne ’n literêre sisteem het en ’n Engelssprekende sou nie

noodwendig eerstehands met die werke van Van der Vyver kennis maak tensy daar 'n vertaling in Engels beskikbaar is nie.

Soos reeds genoem, vind daar deurgaans 'n dinamiese proses van verandering in die polisistiem plaas en is aanpassing van posisies binne 'n literêre sisteem tog moontlik. Alhoewel die algehele opvatting gewoonlik is dat vertaalde literatuur 'n hoofsaaklik sekondêre posisie binne 'n literêre sisteem aanneem, veroorsaak die voortdurende vloei en kompetisie dat die posisie van vertaalde letterkunde nie heeltemal vasgestel kan word nie en dit 'n primêre, sowel as sekondêre posisie kan inneem (Munday, 2001:110).

In die geval van Van der Vyver se *Where the heart is – a writer in Provence*, word die teks uit Afrikaans in Engels vertaal. In vergelyking met Afrikaans as 'n jong taal, is die Engelse literêre sisteem groter en ouer en het meer klassieke werke, wat 'n sentrale posisie binne die sisteem beslaan. Tog word Afrikaans as kleiner, jonger taal “versterk” deurdat die literêre werk vanuit daardie Afrikaanse sisteem aan die lesersmark van die Engelse taal oorgedra word – nie net word die Afrikaanse literêre sisteem indirek versterk deurdat die Afrikaanse skrywer se naam en titels van romans nou ook aan 'n wyer lesersmark beskikbaar is en vir 'n uitgebreide lesersgroep toeganklik gemaak word deur dit in Engels te publiseer nie, maar 'n Engelssprekende kultuur kan ook deur die lees van die doeltteks meer van die Afrikaanse kultuur “ervaar” en daarvan bewus gemaak word.

Marita van der Vyver se vertaalde romans in Engels verdien ook positiewe terugvoer in talle resensies. Arja Salafranca (2007:10) merk die volgende op in die *Star*:

Each English translation of Marita van der Vyver's novels is cause for celebration. And each translation seems to follow closely on the heels of Afrikaans.

In nog 'n resensie in *Natal Witness* word *Where the heart is – a writer in Provence* geprys vir die ligte en vermaaklike trant waarop dit geskryf is (Lovell, 2006:10). Vivien Horier (2006:12) merk in nog 'n resensie wat in *Cape Argus* verskyn op dat Van der Vyver se Engels vertaalde werke as “delightful, heartfelt and charming” beskou word. In nog 'n Engelse resensie word Van der Vyver se geskiedenis as skrywer uiteengesit (Shevlin, 2006:4). In hierdie spesifieke resensie wat in *Sunday Tribune* verskyn het, word sy as 'n formidabele skrywer beskryf. Engelse koerante plaas heelwat resensies

oor Van der Vyver se vertaalde romans en word positief deur resensente bestempel. Hierdie resensies dra by tot 'n gunstige resepsie van Van der Vyver se vertaalde werke in 'n Engelse lesersmark, aangesien die onbekende leser aan Van der Vyver as skrywer bekendgestel word. Indien Van der Vyver se werke nie vertaal word nie, sou die Engelse leser onwaarskynlik met hierdie werke in aanraking kom. Uit die gekose resensies uit Engelse koerante wat in hierdie studie gebruik word, is dit duidelik dat dit prominente Engelse koerante soos *Star*, *Sunday Tribune* en *Natal Witness* is wat hierdie resensies geplaas het – dit is 'n wye groep Engelse lesers wat aan die resensies, maar belangriker nog, aan die betrokke werk blootgestel word. Die rol van die resensie dra by tot die resepsie van 'n vertaalde skrywer binne 'n literêre sisteem.

Die twee betrokke literêre sisteme (Afrikaans en Engels) binne die Suid-Afrikaanse konteks kom met mekaar in aanraking deur die aktiwiteit van vertaling deurdat Engelse lesers aan die Afrikaanse skrywer en teks blootgestel word. Deur die Afrikaanse kultuur deur middel van vertaalde literêre werke aan die Engelse literatuursisteem oor te dra, word die Engelse leser se kennis oor die Afrikaanse kultuur en literêre sisteem versterk en die bewustheid van Marita van der Vyver as skrywer word ook vergroot deur haar hoofsaaklik Afrikaanse literatuur binne 'n Engelse literêre sisteem op te neem. Daar word verder in die studie by hierdie uitlating aangesluit deur voorts op die verskynsel van vertaling as kulturele oordrag te konsentreer, aangesien 'n doelteksleser uit een kultuur gekonfronteer word met die bronteks wat vir 'n lesersmark van 'n ander kultuur geskryf is.

Vanuit die bogenoemde bespreking van die polisisteem is dit duidelik dat 'n deskriptiewe vertaalbenadering beslis die omgewing en kultuur waarin die vertaling plaasvind, sowel as die werkswyse wat aangewend word en besluite wat gemaak word, in ag neem. Dit is ook logies dat die polisisteem op 'n deskriptiewe vertaalbenadering toegepas kan word, aangesien die deskriptiewe benadering uit die polisisteemteorie spruit. Die polisisteem is juis met kulturele faktore gemoeid en die deskriptiewe vertaalbenadering maak voorsiening vir die bestudering van kultuur in vertaling. Deur die bogenoemde bespreking is daar ook vasgestel dat vertaalde literatuur wel deel uitmaak van die spesifieke literêre sisteem van die doelkultuur en omdat die posisies van literatuur nie staties bly nie, sal vertaalde literatuur nie altyd op die periferie van die

betrokke literêre sisteem verkeer nie. Vertaalde literatuur kan ook waardevol wees om 'n spesifieke literêre sisteem uit te brei en te vergroot en lesers met ander kulture te skakel. Alhoewel die polisisteemteorie deur party teoretici as abstrak beskou is en daar kritiek gelewer is dat dit nie regtig met die vertaalpraktyk gemoeid is nie, is dit wel 'n nuttige teorie om die posisie van vertaalde literatuur in verskeie literêre sisteme te ondersoek.

2.3. Die deskriptiewe vertaalbenadering (Descriptive Translation Strategie)

Die deskriptiewe vertaalbenadering spruit uit die polisisteemteorie en sal in hierdie afdeling bespreek word. Die deskriptiewe vertaalbenadering is veral gemoeid met kultuur en vertaling en die rol wat die vertaalproduk in die doelkultuur speel.

Vertaalteorie word as 'n redelik nuwe veld op die gebied van akademie beskou, alhoewel vertaling in sy mees primitiewe vorm al sedert 3000 v.C. in Antieke Egipte deur die gebruik van tolking beoefen is en dit as 'n voorloper van vertaling beskou word (Schäffner, 2003:1). Vertaling word eintlik eers vanaf die sestigerjare as 'n afsonderlike akademiese gebied beskou. Deur die verloop van die geskiedenis het vertalers meer reflekteer oor die proses van vertaling, eerder as die voltooide vertaalproduk. Daar word hedendaags baie meer op die bestudering van vertaling as suiwer teoretiese komponent gefokus (Hermans, 1994:10-11).

Ten einde 'n grondige begrip van die deskriptiewe vertaalbenadering te verkry, is dit noodsaaklik dat die linguistiese (waar vertaling uitsluitlik op die oordrag van grammatikale eenhede berus), tekslinguistiese (sosiolinguistiese, waar die pragmatiek meer tydens die vertaalproses in ag geneem word) en funksionalistiese (waar dit oor die funksie/doel van die vertaalde werk handel) benaderings vlugtig te bespreek.

Soos enige akademiese gebied, ontwikkel vertaling met die verloop van tyd. Vertaling word oorspronklik eers beskou as 'n vertakking van toegepaste linguistiek as vakgebied en gevolglik is die metodes wat op vertaalstudie toegepas word afkomstig vanuit die taalkunde. Vertaling word oorspronklik gesien as die oordrag uit een taal in 'n ander

taal sodat die linguistiese elemente en grammatika in die doeltteks so na moontlik dieselfde bly aan die bronteks.

Vertaling word ook later binne die vakgebied van vergelykende literatuurstudie geplaas. Met die verloop van tyd word verskeie ander oogpunte en benaderings tot bestaande vertaalbenaderings gevoeg, aangesien vertaalstudie eers as vergelykende literatuurstudie of 'n vertakking van kultuurstudie beskou word (Bassnett & Lefevere, 1990:12). Dit is nie moontlik om vandag een spesifieke vertaalbenadering bo 'n ander uit te sonder nie, aangesien verskillende benaderings in wisselwerking tree en uiteenlopende perspektiewe aan vertaalstudie verleen. Dit is nooit moontlik om 'n "ideale" teoretiese vertaalbenadering vas te stel nie.

Aangesien vertaling al meer as 'n kulturele handeling beskou word en voorsiening maak vir die pragmatiese aard van 'n teks en die kulturele konteks waarin 'n teks gesetel is, is dit belangrik om die deskriptiewe vertaalbenadering vir die doeleindes van hierdie studie onder die loep te neem. Binne die deskriptiewe vertaalbenadering word daar nie slegs gekyk na die vertaalde teks nie, maar ook die sisteem waarin dit voorkom. Naudé (2000:10) merk op dat vertaalteoretici binne die deskriptiewe vertaalbenadering nie net rekenskap gee aan die tekstuele strategieë wat in 'n vertaalde teks toegepas is nie, maar ook aan die manier waarop die vertaling in die kultuur en literêre sisteem van die doeltteksleser funksioneer. So voed die teorie wat betref literêre sisteme die deskriptiewe vertaalbenadering.

Die deskriptiewe vertaalbenadering is ver verwyder vanaf die vroeë uitgangspunt dat vertaling bloot 'n vervanging van linguistiese eenhede en grammatika in een taal deur ekwivalente eenhede in 'n ander taal is (soos by die linguistiese benadering). Sedert die 1970's en 1980's kon die ontstaan van 'n meer empiriese, histories-georiënteerde benadering tot vertaling, veral ten opsigte van literêre vertaling, waargeneem word (Hermans, 1994:5). Die fokus verskuif vanaf linguistiese praktyke na sosiale, kulturele en kommunikatiewe praktyke – die pragmatiese aspekte van 'n vertaalde teks en nie net suiwer taalkundigeoriënteerde aspekte nie. Navorsing op die gebied van vertaalstudie sedert die middel-1970's toon dat daar spesifiek gefokus word op vertaling as 'n aktiwiteit wat transkulturele kontak (kontak tussen meer as een kulture) verbreed het.

Bogenoemde opmerking beteken dat vertalers ook nou gemoeid is met die kulturele en sosiale konteks waarin die betrokke vertaling plaasvind, sowel as die werkswyse waarop die vertaalproses plaasvind en nie die blote idee dat vertaling slegs die oordrag van linguistiese elemente binne 'n taalsisteem is nie. Alhoewel vroeër benaderings soos die sosiolinguistiese en funksionalistiese benaderings ook voorsiening gemaak het vir kultuur en die sosiale konteks van 'n teks, is 'n deskriptiewe studie van vertaling spesifiek nuttig vir die bestudeer van literêre vertaling. Waar die sosiolinguistiese en funksionalistiese benaderings meer voorsiening maak vir 'n geslaagde funksie-oordrag na die doeltekslesers, fokus hierdie studie ietwat sterker op die werkswyse wat deur die vertaler tydens die vertaalproses gebruik word. Vertaling word nou beskou as die resultaat van 'n aktiwiteit wat binne 'n sosiale konteks plaasvind. Schäffner (2003:9) verwoord die deskriptiewe vertaalbenadering as volg:

Descriptive translation studies describe translations as facts of target systems. They examine, for example, decision-making in translation and translational forms. They argue that the process of translating will bring the target text into line with the system of norms that govern the literary system into a culture.

Volgens Schäffner (1998, in Schäffner, 2003:7) word vertalings binne die deskriptiewe vertaalbenadering beskryf as “faktore van doelsisteme” (facts of target systems). Toury (die hooffiguur binne deskriptiewe vertaalstudies) ondersoek die besluite wat tydens die vertaalproses geneem word. Hy redeneer dat die vertaalproses die doelteksleser in ooreenstemming sal bring met die normsisteem wat die literêre sisteem in 'n kultuur beheer. 'n Belangrike aspek binne die deskriptiewe vertaalbenadering is die uitwerking wat die vertaalde tekste in die doelkultuur se literêre sisteem het (Schäffner, 2003:8). Verskillende kulture word gesien as polisisteme waar vertalings van literêre werke met oorspronklike tekste en genres in daardie literêre sisteem moet kompeteer om net soveel mag en aansien te verdien (Even-Zohar, 1979:309).

Dit beteken dat die besluite wat deur die vertaler tydens die vertaalproses geneem word, onder die soeklig geplaas word en dat die vertaalproses ondersoek kan word om by te dra tot die ontleding van 'n vertaalde teks. Dit is nie slegs die teks wat tydens die vertaalproses in oënskou geneem word nie, maar ook die sisteem waarin die vertaalde teks voorkom. Daar word nie meer 'n evaluerende ondersoek op die doelteks uitgevoer

(met ander woorde, hoe *goed* die doeltteks vertaal is en hoe na aan die bronteks dit is) nie, maar die doeltteks word bestudeer deur te fokus op die besluite wat deur die vertaler geneem is. Sodoende val die klem baie meer op die nuwe rol van die doeltteks binne die doeltteks se sisteem as op enige aspek van die bronteks.

Die term *deskriptief* (binne vertaalkunde) ontstaan hoofsaaklik as reaksie op wat vroeër as 'n primêr *preskriptiewe* benadering beskou is (Vosloo, 2005:17). Anthony Pym (2010:65) verwoord hierdie vertaalbenadering as 'n algemene paradigma waarin teoretici op die gebied van vertaling die vertaalproses *beskryf* eerder as om 'n stel reëls vir vertaling *voor te skryf*. Dit beteken dat laasgenoemde vertaalbenadering daarop gemik het om reëls, norme en riglyne daar te stel vir die *wyse* waarop vertaling in die praktyk beoefen moet word en ook hoe vertalers opgelei moet word (Hermans, 1997:7). Die deskriptiewe vertaalbenadering het ten doel om die werklike proses van vertaling te ontleed – dit is *hoe* die vertaler te werk moes gaan om 'n bepaalde vertaalproduk daar te stel. Met die ontwikkeling van die funksionalistiese benadering tot vertaling en die kulturele wending is daar wegbeweeg van die idee dat daar vaste kriteria vir 'n suksesvolle vertaling voorgeskryf kan word. Aangesien daar besef is dat vertaling verskillende kriteria kan hê vir sukses, word daar beweeg in die rigting van deskriptiewe vertaalstudies. Vertaalteoretici se fokus verskuif na beskrywings van *hoe* vertalings lyk eerder as om voor te skryf *hoe dit behoort* te lyk.

Vosloo (2005:17) noem ook dat die deskriptiewe vertaalbenadering die verskynsel van vertaling en vertaalprodukte beskryf –nie slegs die eindproduk (doeltteks) en die presiese ekwivalensie van die bronteks teenoor doeltteks nie, maar ook die strategieë en besluite wat tydens die proses van die vertaling aan bod kom. So 'n deskriptiewe benadering is geldig ten opsigte van hierdie studie, aangesien *Where the heart is – a writer in Provence* nie as 'n vertaling geëvalueer gaan word nie, maar wel omdat daar bepaal word *hoe* daar met verskeie kulturele aspekte in die doeltteks omgegaan word.

Andrè Lefevere (1982:232) versoen vertaling en die skryf van literêre werke deur op te merk dat enige literêre werk teen 'n bepaalde agtergrond vir 'n bepaalde gehoor geskep word. Indien die literêre werk buite konteks geneem word, word dit deur 'n sekere spektrum “refract” – dit beteken dat die vertaler die teks anders ervaar kan word as wat die skrywer bedoel het wanneer dit buite sy oorspronklike konteks geneem word.

Indien die literêre werke van Van der Vyver in oënskou geneem word, word die leser bewus van kulturele verwysings wat eie aan die Afrikaanse kultuurgroep is en indien die vertaalde werk *vir* 'n ander doelkultuur (die Engelse leser) vertaal word, moet die kulturele verwysings in die teks op 'n sekere wyse hanteer word. Die kulturele oorwegings binne die bronteks en die doelteks moet ongetwyfeld in ag geneem word. Aangesien die studie nie 'n evaluering van die vertaalde teks is nie, maar eerder die werkswyse van die vertaler bepaal, is dit 'n deskriptiewe studie.

Volgens die deskriptiewe vertaalbenadering is die hoofkategorie binne 'n vertaalproses ook die sosiokulturele norme en tekstueel-literêre gesprekke in die kultuur en taal van 'n doelteks – die fokus kan nie slegs op die tekstuele eenhede (grammatikale aspekte) van die vertaalde teks geplaas word nie, maar daar word tot die besef gekom dat die teks binne 'n kulturele konteks vir 'n spesifieke kultuurgroep geskryf word, en sodoende moet die vertaalde produk ook vir 'n sekere soort leser in 'n sekere verwysingsraamwerk geskep word. Die deskriptiewe vertaalteorie is gemoeid met die spesifieke *model* waarmee die vertaler te werk gaan en die *besuite* wat tydens die vertaalproses geneem word wat sodoende die finale vertaalproduk beïnvloed.

Die deskriptiewe vertaalbenadering is 'n meer empiriese, histories-georiënteerde benadering tot vertaling, veral ten opsigte van literêre vertaling. Die fokus verskuif vanaf linguistiese praktyke na sosiale, kulturele en kommunikatiewe praktyke – die pragmatiese aspekte van 'n vertaalde teks. Dit beteken dat vertalers gemoeid is met die kulturele en sosiale konteks waarin die vertaling plaasvind, sowel as die werkswyse waarop die vertaalproses plaasvind. Vertaling word beskou as die resultaat van 'n aktiwiteit wat binne 'n sosiale konteks plaasvind en dit word as volg deur Toury (in Schäffner, 1998:9) beskryf:

[T]he (prospective) systematic position and function of a translation determines its appropriate surface realization (= textual linguistic make-up) which in turn governs the strategies whereby a target text (or parts thereof) is derived from its original, and hence the relationships which hold them together ... features are retained, and reconstructed in target-language material, not because they are 'important' in any *inherent* sense, but because they are *assigned* importance, from the recipient vantage point.

Die besluite wat tydens die vertaalproses gemaak word en die norme van vertaling is twee prominente areas wat fokus verdien binne die deskriptiewe vertaalbenadering. In die deskriptiewe benadering word daar geredeneer dat die *vertaalproses* die doeltteks in ooreenstemming sal bring met die normsisteem van die literêre sisteem waarin die doeltteks verskyn – dit beteken dat die vertaalproses sal geskied na gelang van die norme van die doelkultuur van die vertaalde teks. In die teoretiese werke van Toury word norme veral deur verskeie invloede en omstandighede binne die vertaling omskryf – dit sluit die vertaler se individuele styl, vertaalbeginsels, ideologiese oorwegings, kulturele oorwegings en politieke besluite in. Die deskriptiewe vertaalbenadering raak hierdie kwessies aan en verskil van die fokus op ekwivalensie van die preskriptiewe vertaalteorie. Dit beteken dat daar tydens die preskriptiewe vertaalteorie vooraf ’n stel reëls of norme op grond van ekwivalensie tussen bron- en doeltaal vir die vertaler vasgestel word en dat die eindproduk (die doeltteks) aan die hand van die bronteks ontleed word om te bepaal hoe suksesvol hierdie vertaling is.

Die deskriptiewe vertaalbenadering is ook veral gemoeid met die *effek*² wat die vertaalde tekste binne die nasionale literatuursisteem van die doeltteksleser se kultuur sal hê. Hermans (1994:8) noem dat die volgende vrae tydens die vertaalproses gevra moet word: *wie* vertaal, *wat*, *wanneer*, *hoekom*, *vir wie*, in watter konteks en die belangrikste, waarom daar vertaal word. Daar word ook gevra watter effek die vertaalde werk op die doelkultuur sal hê en watter faktore in die spesifieke kulture van die bronteks en doeltteks die vertaalproses sal beïnvloed.

Die gebruik van die deskriptiewe vertaalbenadering in hierdie studie is veral relevant juis vanweë die feit dat hierdie benadering nie net met die linguistiese eenhede binne die teks gemoeid is nie, maar ook met die kulturele aspekte wat in die bronteks, sowel as die doeltteks voorkom. Hierdie studie fokus juis nie op die suiwer linguistiese aspekte van *Where the heart is – a writer in Provence* nie, maar wil bepaal hoe die *kulturele* aspekte vanuit die bronteks in die doeltteks oorgedra word, aangesien die bronteks deur ’n Afrikaanse skrywer vanuit ’n Franse omgewing vir ’n Afrikaanse lesersmark geskryf is en ook baie aspekte bevat wat eie aan die Afrikaanse kultuur is.

² Hierdie opmerking word later ten volle in die onderafdeling oor funksionalisme en lojaliteit verder bespreek.

Die deskriptiewe vertaalbenadering vergelyk veral literêre brontekste met die doeltteks. Hierdie benadering beskryf die verhouding tussen die oorspronklike teks en sy vertaalde teks (Naudé, 2000:10). Toury verwerp die idee dat die doel van vertaalteorie is om die kwaliteit van vertalings te bepaal en te verbeter deur na die suiwer ekwivalensie tussen linguistiese eenhede te kyk. Bassnett (2002:7) merk in aansluiting by Toury se siening op dat die deskriptiewe benadering dit moontlik maak om 'n empiriese verslag van die bestudeerde vertaling te verskaf.

Holmes (1988, in Van Leuven-Zwart, 1992:60) som die deskriptiewe benadering op deur te noem dat die doel van die deskriptiewe vertaalbenadering is om die verskynsel van vertaling en vertalings te beskryf soos wat dit binne die vertaalpraktyk voorkom (werklike vertalings word bestudeer). Verder merk hy op dat die doelstelling daarvan is om uiteindelik algemene beginsels daar te stel waardeur dít wat in die vertaalpraktyk waargeneem word, verduidelik en voorspel kan word.

Soos reeds genoem in die bespreking van die bronteks, skryf Van der Vyver veral vanuit 'n outobiografiese oogpunt oor haar ervaring as Afrikaanse vroueskrywer in 'n vreemde kultuur. Myns insiens is hierdie aspek belangrik om tydens die vertaalproses in ag te neem, aangesien die rubriekbundel binne die outobiografiese, kulturele konteks van die skrywer gesetel is en hierdie aspekte 'n kardinale deel van die teks vorm. Elke literêre vertaling is van nature kultuurgebonde, aangesien die bronteksleser van die doelteksleser verskil. Teoretici soos Venuti en Lefevere merk ook op dat vertaling 'n eerstehandse interpretasie van 'n literêre werk is en interpretasie is onvermydelik in kultuur gesetel – die wyse waarop 'n vertaler die bronteks benader en interpreteer, hang af van die vertaler se kulturele verwysingsraamwerk.

Die deskriptiewe vertaalbenadering dui ongetwyfeld op die wegbeweeg van die formele aspekte van taal (linguistiek) na 'n meer kultureel georiënteerde beskouing (pragmatiek). Binne die diskoers van vertaalwetenskap word daar na die tydperk vanaf die vroeë tagtigerjare as die “kulturele wending” verwys. Die tekortkominge wat deur voorskriftelike of normatiewe vertaalteorieë deur vertalers en vertaalteoretici in die praktyk waargeneem is, word tydens hierdie periode krities in oënskou geneem en vertaling word as 'n kommunikatiewe handeling in die doelkultuur beskou.

Volgens Bassnett & Lefevere (in Vosloo, 2010:48) word bogenoemde siening as 'n paradigmaskuif beskou – die skuif van vertaling as 'n *teks* na vertaling as *sosiokulturele* aktiwiteit. Vanuit hierdie skuif vloei 'n verskeidenheid kritiese, historiese en politieke benaderings en die klem word telkens op die interaksie tussen kultuur en vertaling geplaas. Vertaling word ook met heelwat ander dissiplines versoen, waaronder die verband tussen vertaling en mag (ideologie), vertaling en feministiese teorieë, vertaling en postkoloniale teorieë en vertaling as herskrywing (Munday, 2001:127).

Hermans (1985:11) som die metodologie onderliggend aan die deskriptiewe vertaalbenadering as volg op:

The precepts of DTS consists in a view of literature as a complex and a dynamic system; a conviction that there should be continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translations which is descriptive, target-oriented, functional and systemic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translation, in relation between translation and other types of text processing, and in the place and role of translations both within a given literature and in the interaction between literatures.

Hierdie opsomming dui aan dat die deskriptiewe benadering na vertaling as 'n aktiwiteit oor en binne 'n groter geheel kyk.

2.3.1. Funksionalisme en lojaliteit

Sowel die funksionalistiese en deskriptiewe benadering is gemoeid met vertaling as 'n aktiwiteit van kulturele oordrag. Vir die doeleindes van literêre vertaling in hierdie studie is dit belangrik om ook op Christiane Nord (1997) se nosie van lojaliteit te fokus. Die funksionalistiese benadering ontwikkel onafhanklik van die deskriptiewe vertaalbenadering, maar word steeds in hierdie hoofstuk aangeraak, aangesien die term lojaliteit in hierdie benadering gesetel is.

In die funksionalistiese benadering word daar gefokus op die *funksie* of *doel* van die vertaalde teks. Die teks word vir die teikengehoor of doelteksleser aangepas sodat die vertaalde teks voldoen aan sekere spesifikasies wat vooropgestel word. Hierdie

benadering word deur Reiss en Vermeer (in Nord, 1997b:1) geformuleer³ en berus op die gedagte dat daar op die funksie van tekste en vertalings gefokus word. Nord (1997b:1) beskou vertaling as 'n aktiwiteit waartydens kommunikasie plaasvind. Kommunikasie geskied deur taal en kommunikatiewe handeling wat plaasvind, is nie universeel nie, maar ingebed binne 'n sekere konteks. Taal vorm deel van kultuur⁴ en kommunikasie word voorafgegaan deur sekere beperkings wat deur kulturele situasies kan ontstaan – waar twee kultuurgroepe met mekaar kommunikeer, kan daar moontlik 'n ontwrigting in kommunikasie bestaan.

Heelwat vertalers en teoretici in die praktyk is van mening dat die funksionalistiese benadering (met betrekking tot die skoposteorie) te veel van die bronteks wegbeweeg. Gevolglik maak Nord hierdie benadering toegankliker en prakties meer uitvoerbaar deur die konsep *lojaliteit* daar te stel. Tydens die vertaling van 'n literêre teks is daar verskillende instansies aan wie die vertaler lojaal moet bly. Eerstens kan die vertaler lojaal bly aan die outeur van die bronteks, aangesien die bronteks 'n kreatiewe skepping deur die outeur is. Tweedens moet die vertaler lojaal bly teenoor die kliënt (instansie wat die vertaalopdrag gee, byvoorbeeld die uitgewer), omdat daar met die aanvang van 'n vertaling 'n sekere opdrag met spesifikasies aan die vertaler gegee word – die uitgewer gee 'n opdrag aan die vertaler om 'n literêre werk vir 'n spesifieke doel te vertaal. Derdens moet die vertaler lojaal bly teenoor die doelteksleser deur te verseker dat die doelteksleser die teks sal verstaan en dat die kommunikatiewe funksie van die teks uitgevoer sal word. Die doelteks moet so vertaal word dat dit koherent aan die doelteksleser se situasie is.

Volgens Nord (1997b:8) behels *lojaliteit* dat daar erkenning gegee word aan die kultuurspesifiekheid van vertaalkonsepte en dat daar 'n verantwoordelikheid op die vertaler rus om te verseker dat die gewenste kommunikatiewe doelwit aan die doelteksleser oorgedra sal word. Waar daar tydens vroeë benaderings op getrouheid van linguïstiese ekwivalensie tussen die bron- en doelteks gefokus is, word *lojaliteit* nou aan geslaagde kommunikasie gekoppel. Volgens Nord (1997b:9) word die vertaalde teks as

³ In die geval van hierdie studie word daar slegs vir inleidende doeleindes na die funksionalistiese benadering verwys, omdat *lojaliteit* aan die hand hiervan verduidelik sal word. Funksionalisme word nie volledig in hierdie studie bespreek nie.

⁴ Taal as kulturele gegewe word later onder 'n verdere onderafdeling bespreek.

lojaal beskou wanneer die kommunikatiewe doelwit wat deur die bronteks oorgedra word, so akkuraat moontlik in die doelteks weerspieël word.

Soos reeds genoem, word daar in 'n funksionalistiese benadering aandag gegee aan die nosisie dat enige vertaling aan 'n kulturele konteks gekoppel word, aangesien 'n teks uit die bronkultuur in die doelkultuur oorgedra word. Aangesien kommunikasie ook aan kultuur gekoppel word en geslaagde kommunikasie in 'n teks beteken dat die teks lojaal is aan die leser, speel kulturele oorwegings 'n belangrike rol tydens die vertaalproses. Indien 'n vertaler *lojaal* wil wees aan die outeur van die bronteks, die bronteksleser, sowel as aan die doelteksleser is dit belangrik om die spesifieke kulturele verwysings in die bronteks reg te kan interpreteer en op 'n verstaanbare wyse aan die doelkultuur oor te dra. Dan moet die vertaler ook bewus wees van konvensies in die doelkultuur sodat die vertaalde teks aanvaarbaar vir die doelteksleser vertaal kan word en aan dié leser se verwagting kan voldoen.

Vanuit die bogenoemde beskouings kan daar afgelei word dat die effektiwiteit van vertalings nie meer op suiwer oordrag van linguïstiese eenhede berus nie, maar eerder op die suiwer oordrag van die kommunikatiewe doelwit in 'n betrokke teks. Alhoewel kommunikasie steeds vandag die primêre doel en funksie van 'n vertaalde teks is, word baie vertaalde tekste nie net bloot as 'n kommunikasiehandeling beskou nie (Venuti, 2002:465). Literêre vertalings het nie dieselfde doel as die vertaling van handleidings, kennisgewings en ander tegniese tekste nie. Die *doel* van 'n literêre teks verskil – by literêre tekste wil die vertaler meer kreatiewe vryheid hê om vreemde elemente in die teks te behou, juis om die leser aan hierdie vreemde elemente bloot te stel. Volgens Nord (1997a:45) is dit makliker om duidelike riglyne en leidrade oor die sender se bedoeling tydens nieliterêre kommunikasie te verkry, aangesien die kommunikatiewe doelwit van 'n tegniese teks veel duideliker uiteengesit is.

Dit is nie die geval by literêre tekste nie, aangesien die kommunikatiewe doelwit en styl van 'n literêre teks nooit gestandaardiseer is nie, maar eerder 'n kreatiewe uiting van die outeur is. Die literêre teks word nie geskryf met die doel om noodwendig 'n spesifieke boodskap oor te dra nie en daar sal nie dieselfde kommunikatiewe doelwit aan 'n roman as aan 'n handleiding of instruksiegids geheg word nie. Volgens Nord (1997b:10) kan 'n funksionalistiese benadering en die konsep van loyaliteit steeds op die

vertaling van 'n literêre teks toegepas word, selfs al verskil die kommunikatiewe doelwitte daarvan heelwat van ander tekste. By die skryf van 'n literêre werk kan daar ook, soos in die geval van enige teks of kommunikatiewe handeling, verskeie partye soos 'n sender en ontvanger geïdentifiseer word. Nord (1997a:40) onderskei die magte betrokke by die vertaling van literêre tekste as die outeur (sender van die boodskap), bron- en doelteksleser (ontvanger van die boodskap), die medium (geskrewe of mondelings oorvertel), plek, tyd, boodskap en die effek of funksie.

Daar word geredeneer dat die funksionalistiese benadering ideaal vir die vertaling van literêre tekste is, aangesien die vertaler die bronteks voldoende moet interpreteer en ook die sender se bedoeling met die teks moet verstaan, maar ook die doelteksleser (ontvanger) se kulturele kennis van die bronteks, sosiokulturele verwysingsraamwerk en vorige leeservaring in ag moet neem (Nord, 1997a:44). Volgens haar moet geen informatiewe items wat nie in die doelteksleser se verwysingsraamwerk bekend is, binne die vertaalde teks geplaas word nie. In 'n literêre teks werk dit nie so nie, aangesien fiksie nie noodwendig met die realiteit van die doelteksleser ooreenstem nie en die doelteksleser sodoende wel gekonfronteer kan word met konsepte wat nie in sy of haar betrokke verwysingsraamwerk bekend is nie. Nord (1997a:46) noem dat sulke kulturele gapings oorbrug kan word deur bykomende inligting op verduidelikings wat deur die vertaler in die teks aangebring kan word. In sodanige gevalle sal die vertaler verantwoording moet doen aan die doelteksleser, skrywer van die bronteks of opdraggewer van die vertaalhandeling (soos 'n uitgewer) vir sulke aanpassings en sodoende steeds getrouheid in die vertaling behou.

In die ideale geval van literêre vertaling sal skrywers wel die kulturele konteks van hulle doelteksleser in ag neem. Nord (1997a:48) merk op dat die balans tussen die funksie en die effek in 'n literêre vertaling baie delikaat is, aangesien daar van die vertaler verwag word om nie slegs die kernboodskap oor te dra nie, maar ook die spesifieke manier waarop die boodskap oorgedra is. Dit beteken dat die vertaler die spesifieke styl en nuanses wat in die betrokke literêre werk gebruik is, ook in ag moet neem ten opsigte van besluite wat tydens die vertaalproses geneem word. Hier word verdere eise aan die vertaler gestel, aangesien daar geredeneer word dat die literêre vertaling 'n onafhanklike kreatiewe skepping moet wees (Nord, 1997a:49) of 'n "metamorfose" van die

oorspronklike teks, wat steeds binne die doelkultuur sal kan voortleef (Benjamin in Nord, 1997a:49). Tog moet die vertaling die literêre struktuur van die oorspronklike teks herproduseer sodat die genre en skeppingswaarde van die oorspronklike behou kan word en die doeltaal sodoende kan verryk sodat doelteksleser kan verstaan waarom dit die moeite werd was om die bronteks in die eerste plek te vertaal.

In die geval van *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* is die sender Marita van der Vyver as outeur en die ontvanger die bronteksleser (Afrikaanse leser) sowel as die doelteksleser (Engelse leser). Die medium is die geskrewe roman wat vertaal is en die gewenste effek of funksie is die semi-outobiografiese oordrag van Van der Vyver se belewenisse as Afrikaanse vrou in ’n vreemde, Franse ruimte. Die verantwoordelikheid rus nou by die vertaler om te besluit aan *wie* die lojaliteit betoon moet word. Die vertaler kan getrou bly aan die intensies van Van der Vyver as outeur deur die outobiografiese en kulturele aspekte in die roman so ver moontlik te behou of die vertaler kan haar by die doelteksleser skaar deur die teks op so ’n wyse aan te pas dat enige kultureel “vreemde” aspekte nie die doelteksleser se verstaan van die vertaalde teks sal kniehalter nie, maar eerder die doelteksleser se eie kulturele verwysingsraamwerk sal uitbrei en dat die vertaalde teks, soos vroeër opgemerk deur Walter Benjamin, die doeltaal sal verryk.

Vanuit die bogenoemde oorwegings word daar nou afgelei dat die vertaler van ’n literêre teks binne die funksionalistiese benadering ’n doelteks moet skep wat getrou bly aan die vertaalopdrag, maar ook deur die doelkultuur aanvaar sal word. Tog maak die konsep van lojaliteit voorsiening daarvoor dat die literêre vertaler wel die outentiekheid van die bronteks kan behou, maar dat daar verantwoording gedoen word vir die strategieë wat in die doelteks aangewend word.

Funksionalisme kan baie goed op literêre tekste toegepas kan word omdat die vertaler uiteraard meer lojaal aan ’n literêre bronteksskrywer as aan ’n tegniese bronteksskrywer moet bly, maar daar moet terselfdertyd aan die doelteksleser en die opdraggewer lojaal gebly word. “Getrouheid” is ’n tekstuele term wat linguisties gefundeer is. “Lojaliteit” is ’n etiese term wat sosiaal gefundeer is.

Kultuur is dan die samebindende faktor vir die deskriptiewe en funksionalistiese benaderings. Vir die doeleindes van hierdie studie, moet die nisie van kultuur aan vertaalbenaderings gekoppel word.

2.4. Vertaling as interkulturele kommunikasie

Aangesien die hoofproblematiek in hierdie studie die sterk teenwoordigheid van die Afrikaanse en Franse kultuur in *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* is, wat aan 'n Engelssprekende leser oorgedra moet word, moet kultuur afsonderlik bespreek word. In hierdie afdeling word die definisie van kultuur, die wyse waarop taal en kultuur aan mekaar verbind word, en vertaling as kulturele aktiwiteit bespreek.

2.4.1. Wat is kultuur?

Volgens David Katan (2004:24) weet mense instinktief watter betekenis die woord *kultuur* vir hulle het en daar kan tussen verskeie vorme van kultuur of betekenis van die woord *kultuur* onderskei word. Een van die oudste definisies van kultuur is deur die Engelse antropoloog Edward Barnett Tylor (1871:1985:1) (in Katan, 2004:24) gemunt en word deur die *Encyclopedia Britannica* (2000) (in Katan, 2004:24) gebruik om kultuur as onderwerp in te lei: “Culture is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, customs and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society”. Dit skep die idee van kultuur as 'n groep mense of 'n samelewing bestaande uit mense en dat kultuur binne elke samelewing teenwoordig is. Teen 1952 munt die Amerikaanse antropoloog Alfred Louis Kroeber en Clyde Kluckhohn (in Katan, 2004:25) 'n meer omvattende definisie van die term *kultuur*:

Culture consists of patterns, explicit and implicit of and for behaviour acquired and transmitted by symbols, constituting the distinctive achievement of human groups, including their embodiment in artefacts; the essential core of culture consists of traditional (i.e., historically derived and selected) ideas and especially their attached

values. Culture systems may, on the one hand be considered as the products of action, on the other hand, as conditioning elements of future action.

Dit beteken dat kultuur as 'n sisteem beskou word wat deur verskeie tekens daargestel word – hierdie tekens sluit in taal, geskiedenis, artefakte en tradisionele idees. Volgens Katan (2004:25) is dit noodsaaklik om kultuur te definieer ten einde te begryp hoe dit binne sekere akademiese velde beskou en aangebied word. Indien kultuur as 'n “spesifieke deel van die beskawing binne 'n sekere tydperk” gedefinieer word, word dit aan geskiedenis as vakgebied gekoppel. In die geval van taal (vertaling) en kultuur, kan *kultuur* nie as 'n tasbare, sigbare produk (artefakte, ens.) gedefinieer word nie, maar eerder as 'n interne, kollektiewe begrip van die samelewing, wat ervaar of opgedoen (acquired), eerder as aangeleer word.

Met die opbloeï van tegnologie word die wêreld al meer geglobaliseer en daar word gevra hoe belangrik die idee van kultuur binne 'n hedendaagse konteks is. Bassnett (2002:1) merk op dat die kwessies oor interkulturele kommunikasie veral onder die loep gekom het vanweë die groot opbloeï in elektroniese media en die implikasie wat dit op globalisering het. Katan (2004:24) beweer dat alle individue hulle as deel van 'n sekere kultuur ag, maar dat hulle nie noodwendig aan daardie kultuur geheg is nie.

Dit is veral Engels wat veroorsaak dat die wêreld 'n globale samelewing daarstel deurdat groot bronne van vermaak en media wêreldwyd hierdie taal vooropstel (Crystal, 2003:1). Hierdie idee van “eentaligheid” veroorsaak dat die uniekheid van verskillende kulture nie meer waargeneem word nie en dat daar nie werklik tussen verskillende kultuurgroepe onderskei kan word nie (Katan, 2004:53). Dit beteken wel nie dat daar geen waarde aan kultuur op die gebied van vertaling geheg kan word nie – in die geval van literêre werke val die klem juis op kreatiewe oordrag eerder as funksionele kommunikasie wat deur nieliterêre tekste geskied. In die geval van tegniese tekste is daar ook lesergroepe wat kultuurgebonde is en sekere verwagtinge het wat in die doeltteks moet geskied. Lesers van die doelkultuur word ook verryk deur meer oor 'n ander kultuur te leer indien aspekte wat kultureel eie aan die bronkultuur is, behou word (Sien ook Venuti 2002:41).

2.4.2. Hoe word taal en kultuur versoen?

Indien daar vlugtig verwys word na vroeë vertaalteoretici (veral vanuit die linguistiese benadering, soos Catford), word dit duidelik dat taal en tekste meer in 'n vakuum geplaas is en dat die konteks en pragmatiese aspekte van 'n teks nie werklik tydens vertaling in ag geneem is nie. Tans word daar besef dat taal ingebed is binne 'n bepaalde omgewing, konteks en kultuur.

Die betekenis van woorde kan nie losstaande van konteks geskep word nie – woorde verskil in verskillende kontekste omdat woorde teen 'n kulturele agtergrond funksioneer. Betekenis word aan woorde geheg na gelang van die konteks waarin die betrokke teks voorkom. Eugene Nida (1964:29) merk op dat die konteks meer onderskeiding van betekenis verskaf as die woord of teks wat geanaliseer word. Betekenis word dus nie deur taal oorgedra nie, maar word deur die leser self, vanuit hulle eie verwysingsraamwerk of kultuur, afgelei.

'n Belangrike oorweging in hierdie studie is die idee dat geen literatuur losstaande van 'n spesifieke konteks of verwysingsraamwerk geskep word nie. Van der Vyver se rubriekbundel word binne 'n Franse ruimte, vanuit haar perspektief as Afrikaanse vroueskrywer geskep. Sy jukstaponeer veral die Franse kultuur teenoor die Afrikaanse kultuur en die woorde en idiomatiese uitdrukkings waarmee sy in die bundel omgaan, is eie aan die konteks waarbinne die rubriekbundel geskryf is. Indien die Afrikaanse teks in Engels vertaal word, is dit nie net die grammatikale aspekte van die bron- en doeltaal wat 'n rol speel nie – vanselfsprekend moet die vertaler die linguistiese aspekte van die teks ook in oorweging bring aangesien die teks op taaluiting berus, maar dit is belangrik dat die vertaler die groter konteks van die bundel as geheel in gedagte hou ten einde 'n betekenisvolle literêre werk vir die doelteksleser te skep.

2.4.3. Waarom is kultuur relevant binne die betrokke studie?

Vanuit die bespreking van die deskriptiewe vertaalbenadering en die posisie van vertaalde literatuur binne die polisistiem word dit duidelik dat vertaling nie slegs meer op grond van suiwer ekwivalensie tussen grammatikale eenhede beoordeel kan word

nie, maar dat die fokus ook op die doelteksleser binne 'n spesifieke kultuur geplaas moet word ten einde die verstaanbaarheid van 'n vertaalde teks te verseker. David Katan sien vertaling ook as aktiwiteit van kulturele oordrag beskou en hy merk op dat “translations across cultures” en “cultural proficiency” sedert die 1980's sleutelwoorde op die gebied van vertaling as akademiese veld geword het en dat daar sedertdien op vertaling as 'n aktiwiteit van transkulturele kommunikasie en bemiddeling gefokus word (Katan, 2004:1).

Volgens Katan (in Munday, 2009:74) is dit E.T. Hall (1959/1990) wat die term *interkulturele kommunikasie* vir die eerste keer munt, deur te noem dat misverstande nie soseer deur taal plaasvind nie, maar deur “silent, hidden, unconscious yet patterned factors”, kortliks verwoord as verskille op grond van kultuur. Vanuit Katan se siening word dit duidelik dat vertaling en kultuur intrinsiek aan mekaar gekoppel kan word. Daar bestaan ook twee ekstreme sienings vanuit hierdie standpunt: óf alle tekste word op so 'n wyse vertaal sonder dat daar enige kulturele nuanse verlore gaan, óf niks kan sonder kulturele verlies vertaal word nie.

Soos reeds gesê, is Nord (1997a:43) ook van mening dat vertaling 'n interkulturele handeling is en merk op dat vertaling plaasvind in situasies waar lede van uiteenlopende kulture betrek word. Taal is 'n intrinsieke deel van kultuur, veral as Snell-Hornby (1988:40) se definisie van kultuur as “a totality of knowledge, proficiency and perception” beskryf word. Hierdie definisie word duideliker uitgebrei deur Ward H. Goodenough (in Nord, 1997a:43):

As I see it, a society's culture consists of whatever it is one has to know or believe in order to operate in a manner acceptable to its members, and do so in any role that they accept for any one of themselves. Culture, being what people have to learn as distinct from their biological heritage, must consist of the end product of learning: knowledge, in a most general, if relative, sense of the term. By this definition, we should note that culture is not a material phenomenon; it does not consist of things, people, behavior, or emotions. It is rather an organization of these things. It is the forms of things that people have in mind, their models for perceiving, relating and otherwise interpreting them.

Hierdie definisie dien volgens Nord as die wegspringpunt van 'n funksionalistiese benadering tot vertaling en dit is waar die studie van kultuur tot vertaling toegevoeg word (Göhring in Nord, 1997a:44).

Reeds in hoofstuk 1 word die outobiografiese en kulturele aard van hierdie rubriekbundel bespreek. In die teks lê die verteller (Van der Vyver) voortdurend klem op haar Afrikanerherkoms, Calvinistiese opvoeding en verwys deurlopend na haarself as 'n opregte “boeredogter”, “Suid-Afrikaner” en “skrywer van Afrikaans”. Dit is dus nie net die Franse kultuur en die verduideliking van verskeie Franse terme wat moontlik vir die Afrikaanse en Engelse leser vervreemdend kan wees nie, maar die deurlopende gebruik van Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings en kulturele verwysings kan die Engelssprekende doelteksleser ook vervreem.

Tog kan die “Afrikaansheid” wat deur die skrywer se outobiografiese verwysings in die teks gevoeg word, nie bloot geïgnoreer word nie. Die vertaler moet hierdie aspekte van die bronteks in ag neem tydens die vertaalproses. Ten einde die verskynsel van Afrikaanse “vreemdheid” te verduidelik wat steeds in die doelteks behou word, is dit nodig om te begryp dat vertaling ook as 'n kulturele oordrag beskou word.

House (in Riccardi, 2002:92) bevestig dat daar oor die jare 'n skuif in vertaalwetenskap van linguisties georiënteerde benaderings na kultureel georiënteerde benaderings was. Hierdie standpunt kom na vore in stellings soos ‘one does not translate languages but cultures’ en ‘In translation we transfer cultures not languages’. Soos reeds tydens die bespreking van die deskriptiewe vertaalbenadering genoem, is die vertaalwetenskap oor dekades deurlopend beïnvloed deur postmodernistiese, postkoloniale, feministiese en ander sosio-politiese en filosofiese diskoerse, aangesien daar geredeneer kan word dat taal binne kultuur gesetel is.

David Katan (in Munday, 2009:74) merk op dat vertaling wel 'n kommunikasiehandeling is, maar dat nie almal saamstem met die aanwesigheid van kulturele verskille in vertaalde tekste wat dalk kultureel vreemd vir die leser van daardie teks voorkom nie. Aangesien die konsep “kultuur” abstrak en moeilik is om ten volle te verklaar, is daar wel teoretici wat nie ten gunste van taal en vertaling as 'n kulturele

handeling is nie en daar bestaan 'n verdeling tussen diegene wat taal en kultuur as twee aparte eenhede beskou en dié wat taal wel as deel van kultuur beskou.

In die eerste geval word vertaling beskou as 'n linguistiese aktiwiteit wat enkodering en dekodeer van linguistiese eenhede behels (bronteks in doelteks) en die 'conduit metaphor of language transfer' genoem word (Katan, 2004:75). Kultuur en kulturele verskille kan dus deur taal oorgedra word sonder dat iets noodwendig verlore gaan. In die tweede geval word geglo dat die konteks meer betekenis aan die teks verleen en dat die betekenis nie net deur taal oorgedra word nie, maar deur die konteks van die leser se kultuur (Nida in Munday, 2009:75) en die verwagtinge of verwysingsraamwerk van die betrokke leser. Hieroor merk Katan (in Munday, 2009:75) die volgende op:

Each readership is hence bound to receive the text according to their own expectations, and translation is necessarily a relativist form of 'manipulation' (Hermans 1985), 'mediation' (Katan, 1999/2004) or 'refraction' (Lefevre, 1982/2004) between two different linguacultures (Agar, 1994).

In die geval van literêre vertalings moet daar in ag geneem word dat die literêre werk as kunsskepping beskou kan word en nie slegs vertaal word met die doel van suksesvolle kommunikasie soos in die geval van die meeste tegniese tekste nie. Hier produseer die skrywer die literêre werk met die doel om kuns te maak, ongeag die literêre genre.

2.5. Kulturele vertaalbenaderings

In 'n wêreld wat deurentyd globaliseer word, word dit belangrik dat kommunikasie oor kultuurgrense geskied sodat almal mekaar verstaan en boodskappe so gou en effektief moontlik oorgedra word. Ten einde oor hierdie kultuurgrense te kommunikeer, is dit belangrik dat die vertaler soveel moontlik van die bronkultuur, sowel as die doelkultuur weet, sodat 'n teks so betekenisvol moontlik vir die potensiële leser oorgedra kan word. Soos reeds in die afdeling oor die deskriptiewe vertaalbenadering opgemerk, berus vertaalteorie ook op die besluite wat die vertaler tydens die vertaalproses neem.

Volgens Kruger (2011:301) beskryf Tymoczko die verhouding tussen teks en kultuur as metonimies:

A piece of literature customarily evokes its culture through consequential and telling signals or details, typically parts or aspects of the culture that are saturated with semiotic significance and emblematic of the culture as a whole, both in terms of objective structure and subjective experience ... In this regard, such cultural elements within a literary work are metonymic evocations of the culture as a whole, including its material culture, history, economy, law, custom, values and so on.

Tymoczko merk hier op dat kultuur en teks nou aan mekaar verbind word en dat kulturele elemente binne 'n teks 'n geheel vorm. Daar kan dus aangeneem word dat 'n teks altyd binne 'n kulturele verwysingsraamwerk verweef is en nooit as “neutraal” van aard beskou kan word nie.

Wat Kruger (2011:301) wel ook opmerk, is die feit dat party literêre werke meer kulturele aspekte as ander vooropstel. 'n Literêre werk vir volwasse lesers sal byvoorbeeld meer kulturele verwysings bevat as 'n kinderboek wat vir opvoedkundige doeleindes geskryf is.

Van der Vyver skryf die bronteks met die doel om 'n kreatiewe literêre werk te skep wat haar ervaring met lesers deel. Waar party tekste meestal 'n homogene Westerse middelklas uitbeeld, word daar aangeneem dat kulturele aspekte geneutraliseer word. In die geval van Van der Vyver se rubriekbundel speel kultuur 'n belangrike rol, aangesien die Afrikaanse vrou die vreemde Franse ruimte aan lesers verwoord – dit sou dus nie moontlik of sinvol wees om enige kulturele element binne die teks te neutraliseer nie, want dan verdwyn die hele motief vir die boek se bestaan. Daar word verder dat geargumenteer dat die uitbeelding van kultuur binne so 'n literêre werk belangrik is vir die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem binne 'n Suid-Afrikaanse Engelssprekende lesersgemeenskap. Deur Afrikaanse literêre tekste te vertaal en aan Engelse lesers bloot te stel, word die werke van die skrywer aan 'n wyer lesersmark blootgestel en raak die skrywer op 'n nasionale vlak meer bekend.

Taal en kultuur is albei belangrike faktore wat by die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* in ag geneem moet word. Dit is dus belangrik om

vertaalstrategieë aan te wend wat die effektiewe *kultuuroordrag* tydens die vertaalproses bewerkstellig. Volgens Nida (1964:130) is dit belangrik om hierdie kulturele verwantskappe in gedagte te hou wanneer 'n vertaalstrategie uiteindelik gekies word. Voorts sal daar op twee vertaalstrategieë, soos gemunt deur Venuti, gefokus word ten einde te bepaal watter vertaalstrategie moontlik in die geval van *Where the heart is – a writer in Provence* gebruik is, naamlik *domestikering* of *vervreemding*.

2.5.1. Domestikering teenoor vervreemding

Indien *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* vir 'n internasionale lesersmark vertaal sou word, sou die Afrikaanse kulturele aspekte beslis deur internasionale Engelse lesers (en selfs deur Suid-Afrikaanse Engelssprekende lesers) as vreemd beskou word en sal die teks deur talle verduidelikings, voetnote of 'n woordelys verryk moet word. Die vertaler kon ook kies om die Afrikaanse “vreemdhede” bloot te neutraliseer (op so 'n wyse te vervang dat die basiese betekenis dieselfde bly, maar die kulturele betekenis nie 'n hindernis vir die doelteksleser sal wees nie) of bloot weg te laat. Hierdie keuses of strategieë word breedvoerig aan die hand van teorie soos deur Lawrence Venuti uiteengesit, hier onder uiteengesit. Dan sal daar besluit word watter vertaalstrategie in die doelteks geïdentifiseer word.

Venuti (1995:15) is, soos die teoretici binne die deskriptiewe vertaalbenadering, van mening dat die meeste vertalers gekonfronteer word met die vraag: waarom word daar vertaal, wie is die leser vir wie daar vertaal word en hoe moet die vertaler te werk gaan? Vroeër is daar reeds opgemerk dat vertaling moontlik as 'n kulturele handeling beskou word aangesien enige vertaling linguisties sowel as ekonomies, kultureel en ideologies beïnvloed kan word. Venuti noem ook dat die vertaler wat 'n teks uit eie keuse vertaal (in die geval van 'n literêre werk) die wyse van vertaling kan kies en kan besluit tot watter mate die teks ingedring en verander gaan word, al dan nie.

Daar is twee wyses waarop die vertaler te werk kan gaan, naamlik domestikering en vervreemding. Venuti se idee van domestikering en vervreemding van 'n teks spruit uit die Duitse teoloog en filosoof Friedrich Schleiermacher se uitgangspunt dat die vertaling van 'n teks op verskeie wyses kan geskied. Schleiermacher (in Venuti,

1995:15) identifiseer tydens 'n lesing in 1813 twee metodes waarop die vertaalde teks moontlik deur die vertaler aangepak kan word:

Either the translator leaves the author in peace as much as possible and moves the reader towards him; or he leaves the reader in peace, as much as possible, and moves the author towards him.

Die vertaler moet dus besluit of die hy/sy eerder die vertaling so vlot moontlik gaan laat lees om die lesers se guns te wen, of om so na moontlik aan die oorspronklike teks te vertaal en sodoende moontlik die lesers van die doelteks te vervreem. Schleiermacher merk in sy bogenoemde aanhaling op dat die vertaler 'n keuse het oor hoe die vertaling benader gaan word – die vertaler word toegelaat om te kies tussen *domestikering*, waar elemente wat moontlik kultureel “vreemd” vir die doelteksleser kan voorkom, verminder of geneutraliseer word sodat die doelteksleser volkome sal verstaan wat bedoel word, of *vervreemding*, waar die kulturele elemente van die bronteks binne die doelteks behou word en die doelteksleser as't ware die doelteks kultureel verwyder van hulle eie kultuur vind (Venuti, 1995:15). Deur laasgenoemde benadering word die doelteksleser sodoende “gedwing” om met die vreemde kultuur van die bronteksleser in aanraking te kom.

Soos reeds genoem, is die domestikerende benadering ten gunste van 'n vertaling wat so vlot as moontlik lees en ten volle deur die doelteksleser verstaan word. Eugene Nida⁵ gebruik in 1964 die terme “dinamiese” en “funksionele” ekwivalensie, maar dit word sedertdien herbeklemtoon en ontwikkel. Nida (1964:37) is ten gunste van die natuurlikheid van 'n vertaling, met ander woorde dat 'n vertaling nie moet lees soos 'n vertaalde teks nie, maar naatloos moontlik inpas by die die kultuur van die doelteks. Nida (in Venuti, 1995:16) merk hieroor die volgende op:

A translation of dynamic equivalence aims at complete naturalness of expression and tries to relate the receptor to modes of behaviour relevant within the culture of its own culture.

⁵ Eugene Nida gebruik nie die terme *domestikering* en *vervreemding* nie, maar pas sy nosie van verstaanbaarheid op Bybelvertaling toe. Dit behels dat die kultuur, sowel as die boodskap van die brontekste van die Bybel so getrou moontlik aan die doeltekslesers oorgedra word.

Met “naturalness of expression” word daar bedoel dat die belangrikheid van ’n vlot vertaling in ag geneem word en vanuit Nida se werk word dit duidelik dat hierdie “vlotheid” deur die domestikering van ’n teks verkry word. Nida gebruik die term naturalisasie, wat Venuti en ander teoretici domestikering noem. Domestikering behels dat elemente van die teks wat nie bekend is in die doelteksleser se kultuur nie, uitgehaal en vervang word. Nida (in Venuti, 1995:16) sê:

The translator must be a person who can draw aside the curtains of linguistic and cultural differences so that people may see clearly the relevance of the original message.

Die skrywer van ’n literêre teks is gewoonlik nie gemoeid met die leser van die bronteks nie, maar Nida is van mening dat die vertaler daarvoor verantwoordelik is om die doelteks wel so verstaanbaar moontlik vir die leser daarvan te maak. Die vlotheid van die doelteks word dus verkry deur enige elemente wat “vreemd” vir die doelteksleser kan voorkom, te vervang met kulturele aanpassings wat binne daardie leser se eie konteks bekend is. Venuti (1995:15) argumenteer teen die werkswyse van Nida waar die sogenaamde ‘vlot’ vertaling aan bod kom. Hy argumenteer ook teen die ‘onsigbaarheid’ van die vertaler in die teks en lewer kritiek op die dominante Anglo-Amerikaanse tradisie van vlotheid en deursigtigheid in vertaling as sogenaamde “forcible replacement of the linguistic and cultural difference of the foreign text with a text that will be intelligible to the target-language reader” (Venuti, 1995:18).

Onsigbaarheid is die gevolg van domestikerende vertaling, omdat die vertaler so onsigbaar moontlik in die doelteks moet wees – die doelteks moet op so ’n wyse lees dat die doelteksleser nie sal weet dat dit ’n vertaalde teks is nie. Die afwesigheid van vreemde elemente in ’n doelteks veroorsaak dat die teks vlot deur die doelteksleser gelees word en verleen die illusie van deursigtigheid (‘transparency’) aan die doelteks. Hoe vlotter die doelteks, hoe onsigbaarder is die rol van die vertaler en hoe sigbaarder word die skrywer van die bronteks, aangesien sogenaamde deursigtigheid in die teks die aanwesigheid van die vertaler en die omstandighede waaronder die bronteks vertaal is, verbloem. Venuti beskou die vertaler dus as iemand wat “gesien” moet word in die teks wanneer die doelteksleser die doelteks lees. Die doeltekslesers moenie mislei word om te dink hulle lees oorspronklik geskrewe tekste nie. Die lesers moet bewus wees van die

rol van die vertaler in die doeltaalprodukt. Tekste waarin vertalers 'n vervreemdende strategie toepas, sal soos 'n vertaling sal lees.

Alhoewel Venuti ten gunste van 'n meer vervreemdende strategie tydens vertaling is, besef hy dat kultureel vreemde elemente problematies vir die doelteksleser kan wees. Venuti (in Baker, 2006:66) stel dus voor dat 'n strategie van "simptomatiese lees" (symptomatic reading) tydens vervreemding toegepas word. Dit beteken dat die vertaler 'n wye verskeidenheid kultuurmateriaal, sowel gekanoniseer as gemarginaliseer, tydens die vertaalproses moet raadpleeg. Die vertaler moet oor 'n goeie kennis van beide die bron- en doeltalingskultuur beskik om kulturele elemente in die bronteks te kan verstaan, maar ook aan die doelteksleser te kan verduidelik waar nodig. Deur die bronteks gedetailleer te lees, verwag Venuti dat daar vreemdhede in die doelteks geproduseer sal word wat die leser bewus maak van die sogenaamde etnosentriese "geweld" binne die doelteks. "Etnosentriese geweld" verwys na die kompetisie tussen twee kulture wat tydens die vertaalproses plaasvind en dat een kultuur altyd bo 'n ander gestel sal word, hetsy dit die bron- of doeltalingskultuur is: Venuti (1995:19) beskou 'n vervreemdende strategie in 'n vertaling as weerstandig (resistant), want terwyl die vlotheid wat tydens domestikering verkry word, die bronkultuur uitsluit en gewelddadig daarmee wegdoen, pleeg vervreemding weer "geweld" teen die doeltalingskultuur, maar die norme en verwagtinge van die doelteksleser word terselfdertyd uitgedaag. Dit beteken eenvoudig dat die doelteks soos 'n vertaling sal lees en dat die doelteksleser in hierdie proses aan kulturele vreemdhede van die bronteks blootgestel word. Venuti (in Baker, 2005:66) beskou die "geweld" wat teenoor die doelteks gepleeg word, tog as 'n positiewe rekonstruksie van die vreemde bronteks, ten koste van die doeltalingskultuur.

The violence of translation resides in its very purpose and activity: the reconstitution of the foreign text in accordance, with values, beliefs and representations that pre-exist in the target language, always configured in hierarchies of dominance and marginality, always determining the production, circulation and reception of texts. Translation is the forcible replacement of the linguistic and cultural difference of a foreign text with a text that will be intelligible to the target-language reader.

Verveemding moet dus nie beskou word as iets wat die doelteksleser van die vertaalde teks sal afskrik nie, maar juis as 'n manier waarop kulturele verskille tussen die bron- en

doelkultuur op 'n verstaanbare wyse aan die doelteksleser oorgedra sal word en die doelteksleser iets uit die vertaling sal leer. Myns insiens is die doelteks verstaanbaar vir die doelteksleser wanneer die sintaksis en taal van so 'n aard is dat dit steeds verstaan kan word, maar ook leersaam en verrykend wanneer vreemde kulturele elemente uit die bronteks in die doelteks behou word en saam met die doeltaal binne die teks geïntegreer word om 'n “nuwe” werk te skep wat betekenisvol vir die doelteksleser kan wees. Dit is dus leersaam, omdat die doelteksleser die vertaalde teks in sy of haar taal lees, maar terselfdertyd aan vreemde elemente blootgestel word.

In stede van 'n vlot, verstaanbare doelteks, argumenteer Venuti (1995:23) vir die ontwikkeling van 'n “theory and practice of translation that resists dominant target-language cultural values so as to signify the linguistic and cultural difference of the foreign text”. Hiermee word bedoel dat die kulturele verskille wat deur die doelteksleser ervaar word, wel in die teks behou word, juis sodat die doelteksleser deur hierdie verskille verryk kan word. Hy staaf ook sy argument deur die volgende opmerking:

A translated text should be the site where a different culture emerges, where a reader gets a glimpse of a cultural other, and resistancy, a translation strategy based on an aesthetic of discontinuity, can best preserve that difference, that otherness, by reminding the reader of the gains and losses in the translation process ... (Venuti, 1995:28).

Waar tradisionele vertaalbenaderings respek vir die oorspronklike teks en 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks vooropstel, word vertaling meer as 'n gereguleerde transformasie beskou deur benaderings wat meer deur kulturele studies beïnvloed is (Schäffner, 2003:9). Gevolglik word die tradisionele siening van die vertaler as 'n onsigbare oordraer van betekenis, vervang deur dié van 'n sigbare tussenganger (interventionist). Arrojo (1997:22) sluit in hierdie verband by Venuti aan:

[T]he translator's visibility in the text is no longer an embarrassment to be avoided ... [but] becomes the focal point of translation scholarship in postmodern times, opening up new fertile areas for research.

Venuti verkies en propageer, soos Schleiermacher, die sigbaarheid van die vertaler in die doelteks. Indien die betrokke literêre werk as 'n “vertaling” voorgehou word en die vertaler se naam op die titelblad of elders in die teks verskyn, word die vertaler

“sigbaar” gemaak en is die leser bewus daarvan dat hy of sy ’n vertaling van die oorspronklike teks lees. Die sigbaarheid van die vertaler word ook gekenmerk deur die aantal kulturele vreemdhede wat in die doeltteks behou word – die doeltteks sal nie so vlot lees soos ’n teks wat spesifiek vir die doeltteksleser aangepas is nie en die sigbaarheid van die vertaler sal sodoende na vore kom.

Venuti is gekant teen die idee dat ’n teks ‘vlot gedomestikeer’ moet word en voel dat die vertaler op die bronteks moet steun en so intensief moontlik met die bronteks moet omgaan ten einde die betekenis wel effektief oor te dra. Die vreemdheid in ’n vervreemdende teks is nie ’n deursigtige representasie van die sogenaamde essensie van die teks nie, maar wel ’n strategiese konstruksie van die bronkultuur in die doeltteks. Dit beteken dat die vertaler die bronkultuur op ’n sekere wyse vir die doelkultuur uitbeeld deur middel van die vertaalde teks. Indien vervreemding as strategie gekies word, kies die vertaler om die bronkultuur aan die doeltteksleser voor te hou, eerder as om te domestikeer deur die bronkultuur te neutraliseer, weg te laat, of by die doelttekskultuur aan te pas. Volgens Venuti (1995:19) kan die konsep ‘vervreemding’ produktief toegepas word op enige doeltaal en -kultuur. Hy noem wel dat vervreemding nie noodwendig onbemiddelde toegang vir die doeltteksleser na die vreemde kultuur van die bronteks kan verleen nie, maar dat dit wel ’n sekere beeld van die bronkultuur kan konstrueer wat deur die doelkultuur waargeneem word:

Foreignization does not offer unmediated access to the foreign – no translation can do that – but rather constructs a certain image of the foreign that is informed by the receiving situation but aims to question it by drawing on materials that are not currently dominant, namely the marginal and the nonstandard, the residual and the emergent.

Deur ’n doeltteks wat vervreemding as vertaalstrategie gebruik in die literêre kanon van ’n sekere literêre sisteem op te neem, word daardie betrokke kanon ook hersien of uitgebou omdat nuwe werke in die literêre sisteem opgeneem word en die leser verryk (Venuti in Baker, 2006:68). Dit sluit aan by stellings wat vroeër gemaak is dat ’n literêre vertaling ook die doeltaal kan verryk indien dit op so ’n wyse vertaal is dat dit in die doelkultuur kan voortleef. Die doeltteksleser as individu kan ook meer van die betrokke bronkultuur leer en sy of haar eie verwysingsraamwerk sodoende uitbrei.

In die geval van *Where the heart is – a writer in Provence* kan die vertaler kies hoe die Engelse doeltekslesers die Afrikaanse kultuur moet beskou deur te besluit watter kulturele aspekte in die vertaalde teks uitgebeeld behoort te word, al dan nie. Dít wat die doelteksleser oor die Afrikaanse kultuur lees en leer, berus dus op die strategieë wat die vertaler aanwend. Die vertaler neem die onderskeie kultuurelemente binne die bronteks in oënskou en besluit dan hoe dit in die doelteks verweef sal word. Indien hierdie kultureel vreemde elemente ingesluit word, verkry die Engelssprekende doelteksleser 'n beeld van sowel Afrikaanse as Franse kultuur deurdat die bronteks deurlopend kulturele elemente uit Van der Vyver se Franse ruimte asook haar Afrikaanse herkoms bevat.

Venuti (1995:21) is van mening dat die vervreemding van 'n vertaalde teks nuttig kan wees om 'n kleiner taal en kultuur te verryk en terselfdertyd die vertaler toelaat om hom/haar te verdiep in die bronteks. In hierdie geval is Engels (doeltaal) die meer dominante, groter taal en Afrikaans 'n kleiner taal met 'n meer beperkte literêre sisteem. Die feit dat die Afrikaanse outeur binne die Engelse literêre sisteem opgeneem word (al is dit as vertaalde werk slegs op die periferie), beteken nie dat Afrikaans die Engels versterk nie, maar dat die Afrikaanse outeur se werke deur die vertaling aan 'n groter lesersgroep blootgestel word. Sodoende word Afrikaans as kleiner taal dan wel versterk en verryk. In *Where the heart is – a writer in Provence*, is die vertaler self van Suid-Afrikaanse afkoms⁶ en sy is bekend met die Afrikaanse kultuur, maar sy sal ook weet wat vir 'n Engelssprekende leser van 'n Suid-Afrikaanse leser bekend sal wees, al dan nie.

Alhoewel dit lyk asof domestikering en vervreemding as moontlike strategieë teen mekaar opgeweeg word, is dit belangrik om op te merk dat daar nie slegs domestikering of slegs vervreemding in 'n vertaalde teks sal voorkom nie. Indien 'n hoofsaaklik vervreemdende strategie in 'n vertaalde literêre werk toegepas word, sal daar altyd ook 'n mate van domestikering in die teks toegepas word. Slegs die feit dat 'n bronteks reeds in die doeltaalleser se meer bekende taal vertaal word, beteken dat die oorspronklike teks verstaanbaarder gemaak word en dus gedomestikeer word.

⁶ Die vertaler is Annelize Visser. Daar word nie breedvoerig van haar melding gemaak in hierdie studie nie. Sy is tans werksaam by *Elle* as eindredakteur. Sy het ook 'n breedvoerige kennis van die Provençalse kultuur deurdat sy ook soontoe gereis het en 'n blog op elle.co.za daarvoor geskryf het.

Die vertaler moet aan die begin van enige vertaalproses besluit hoe die doeltteks aangepak gaan word en wie die lesers daarvan gaan wees voordat die vertaalproses begin. In die geval van Van der Vyver se romans, word die Afrikaanse teks vir 'n Engelssprekende lesersmark vertaal. Die navorsingsvrae wat in hoofstuk 1 genoem is, wil bepaal of die doeltteks vir 'n *internasionale* of *plaaslike* Engelse mark vertaal is en of die wyse waarop die vertaling gedoen is, daardie besluit weerspieël.

2.5.2. Die kulturele vertaalbenadering in *Where the heart is – a writer in Provence*

In die geval van *Where the heart is – a writer in Provence* sal die Engelssprekende leser hoofsaaklik kultureel verryk word, nie net omdat die vreemde ruimte van Frankryk deurlopend in die rubriekbundel aan bod kom nie, maar juis omdat hierdie vreemde kultuur vanuit die perspektief van die Afrikaanse skrywer weergegee word. Die vertaler sou nie anders kan as om hierdie aspek van die bundel in berekening te bring nie en die Engelssprekende leser sal met hierdie Afrikaansheid gekonfronteer word.

Die vertaler kan nou op een van twee maniere te werk gaan: neutraliseer die teks en verwyder enige Afrikaanse verwysings sodat daar geen beduidenis van die Afrikaanse stem in die teks is nie, of behou hierdie Afrikaanse verwysings in die teks. Natuurlik sal beide strategieë 'n uiteenlopende invloed op die doelkultuur hê: aangesien die teks juis vanuit 'n outobiografiese oogpunt geskryf is, sal die teks myns insiens die unieke nuanse verloor wat deur die skrywer as verteller geskep word, indien die vertaler sou verkies om die teks te domestikeer.

Indien 'n teks met baie kulturele verwysings vir 'n internasionale lesersmark vertaal sou word en die vertaler besluit om 'n hoofsaaklik vervreemdende strategie toe te pas, sal die kulturele verwysings in die teks verklaar moet word deur gebruik te maak van bykomende teks soos woordelyste, verklarings in die teks self (meer omvattende verduidelikings saam met die spesifieke kulturele term) of voetnote. Hierdie werkswyse word deur Kwame Anthony Appiah (2001:46) as 'n sogenaamde “thick translation” beskryf – die doeltteks word as't ware omslagtiger gemaak deur pogings om dit vir die doeltteksleser so verstaanbaar moontlik te maak. Daar sal byvoorbeeld voetnote,

verklarende woordelyste en vertaalnotas by die doelteks gevoeg word om enige kultureel vreemde terme in die teks so ver moontlik vir die doelkultuur te verduidelik. Hierdie konsep van “thick translation” word juis gemunt omdat Appiah noem dat nie alles wat in die doelteks verskyn, vir die doelteksleser sal sin maak nie en as voldoende kommunikasie moet geskied en vervreemding terselfdertyd toegepas word, moet die vreemde elemente na wense verduidelik word. Kwame Anthony Appiah (1993:420) merk op dat elke uiting in ’n sin meer as die letterlike betekenis kan hê, maar dat die letterlike betekenis verduidelik moet word voordat die leser ander intensionele betekenis bv. ironie daaruit sal kan aflei:

While each utterance of a sentence will be surrounded and motivated by more than its literal intentions, will have (in other words) more reasons than these, and while some utterances will not even have these intentions – because, for example, they are clearly ironically *intended* – it remains true that explanations of what a speaker is doing in uttering a sentence will almost always involve reference to the standard intentions, even in the cases when they are absent.

Daar kan geredeneer word dat die internasionale Engelse leser ook kultureel verryk sal word deur die lees van ’n doelteks waar ’n hoofsaaklik vervreemdende strategie gebruik word. In so ’n geval sal die Afrikaanse terme en kulturele verwysings deur middel van die sogenaamde “thick translation” (soos deur Appiah beskryf) verklaar moet word sodat ’n leser wat geensins met die (Suid-)Afrikaanse verwysingsraamwerk vertrou is nie, kulturele terme beter sal verstaan. So ’n moontlike benadering sluit ook aan by Nord se konsep van lojaliteit teenoor die doelteksleser, aangesien die vertaler ’n verpligting het om die essensie van die rubriekbundel so effektief moontlik aan die doelteksleser oor te dra. In so ’n geval sal daar parateks soos voetnote en woordelyste bygevoeg moet word. Indien daar nie voetnote, woordelyste as parateks of toegevoegde verduidelikings in die teks verskyn nie, word daar aanvaar dat die doelteksleser vertrou is met die Afrikaanse terme, soos wat dit in die doelteks behou is. Uit hierdie doelteks kan daar afgelei word dat die teks moontlik vertaal is vir ’n hoofsaaklik Suid-Afrikaanse Engelssprekende mark, aangesien dit lyk asof die vertaler aanvaar dat die Engelssprekende leser wel met die Afrikaanse konsepte vertrou is omdat daar nie parateks of ander verduidelikings as deel van die teks voorkom nie.

Die Franse terme in die bronteks word ook nie altyd volledig vir die Afrikaanse bronteksleser verduidelik nie en die navorser wat self nie met die Franse kultuur vertrou is nie, soms 'n Franse term moes opsoek om die betekenis daarvan vas te stel. Dit is nie steurend tydens die leesproses nie en verleen 'n outentieke gevoel aan Van der Vyver se Franse ruimte en toon hoe sy dit aanvanklik as Afrikaanssprekende ook as vreemd ervaar het. Die vertaler sou deurgaans slegs dít vertaal wat in die bronteks voorkom. Indien geen term in die bronteks uitgebrei of verklaar word nie, sou die vertaler dit onveranderd in die doelteks behou.. Die vertaler aanvaar dus dat die doelteksleser met die kultureel vreemde terme bekend is. Selfs al word daar nie van parateks gebruik gemaak om begrippe en terme te verklaar nie, sou die doelteksleser steeds kultureel verryk kon word omdat die leser aan verskeie kulturele vreemdhede blootgestel word en self verklarings daarvoor moes opsoek indien hierdie terme onbekend is en ook nie uit die konteks afgelei kan word nie.

2.6. Samevatting

Soos reeds bespreek, is *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* 'n semifiteitlike rubriekbundel wat deels outobiografiese gebeure in die skrywer se lewe verwoord. Van der Vyver skryf vanuit haar eie perspektief as 'n Afrikaanse vrou wat die Franse kultuur as vreemd ervaar. Deurentyd verwys Van der Vyver na verskeie Afrikaanse aspekte wat eie aan die bronkultuur is. Dit is wenslik om so na moontlik aan die bronteks te vertaal en die “Afrikaansheid” en eie stem van die bronteksskrywer te behou asook om die bronteksskrywer se gevoel van vreemdheid binne die Franse kultuur te behou, daarom dus eerder 'n vervreemdende strategie in die vertaling.

Cai (2008) beskou die balans tussen vervreemding en domestikering in vertaalde werke as “akkommodasie” vir die skrywer en doelteksleser en noem dat vertalings meestal van albei strategieë gebruik maak om sowel bron- as doelteksleser te bevoordeel. Die strategie wat die meeste in die spesifieke vertaalde werk voorkom, word die primêre strategie genoem en die ander die sekondêre strategie. Tydens die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* sal gekyk word of vervreemding wel die primêre strategie is. Van der Vyver is bekend vir haar unieke, humoristiese en gesellige

skryfstyl. Indien die Engelse leser dieselfde styl wil ervaar, moet die vertaler die vele idiomatiese uitdrukkings in die bronteks in ag neem. Indien die Afrikaans idiomaties aangepas moet word vir die Engelse leser sodat die teks in idiomatiese Engels vertaal word, sal daar wel ook gedomestikeer word.

By die bespreking van funksionalisme en lojaliteit, sowel as die afdeling oor domestikering en vervreemding (Venuti se “symptomatic reading”) is daar tot die gevolgtrekking gekom dat dit belangrik vir die vertaler is om oor ’n diepgaande agtergrondkennis van sowel bron- as doelkultuur te beskik. Die rol van die vertaler tydens die vertaalproses word deur hierdie siening van vertaling beïnvloed – Brossard (in Gentzler, 2002:216) beskou die vertaler nie net as die bemiddelaar tussen twee tale en kulture nie, maar as ’n mede-outeur van die teks. Boase-Beier en Holman (1999:4) merk ook op dat die vertaling van ’n literêre werk juis ook as ’n herskrywing en herskepping van die oorspronklike werk beskou kan word, aangesien verskillende kulture telkens ’n literêre werk op verskillende maniere kan ervaar.

’n Vertaling vanuit ’n jong taal soos Afrikaans in ’n meer gevestigde taal soos Engels, kan gesien word as ’n bydrae tot die kulturele kennis van die doelteksleser en tot die betrokke literêre sisteem van die doeltaal. Volgens Brossard (in Gentzler, 2002:216) skep die vertaling nie slegs ’n blik op die sogenaamde kulturele “ander” nie, maar die vertaling kan ook deel vorm van die konstruksie van die sogenaamde “ander” kultuur vir die doelteksleser. Soos reeds genoem, is die vertaalde teks ’n strategiese konstruksie waarin ’n spesifieke beeld van die bronkultuur deur die vertaler voorgehou word – dit beteken dat Van der Vyver as oorspronklike skrywer van die doelteks die Afrikaanse en Franse kultuur op ’n sekere manier aan die leser voorstel en dat die vertaler ook hierdie twee kulture op ’n sekere wyse in die doelteks moet voorstel. Indien die vertaler besluit om die Afrikaanse bronkultuur te konstrueer sodat die Afrikaansheid ook deur die Engelse kultuur ervaar sal word, sal enige kultureel “vreemde” aspekte vir die Engelse doelteksleser in die teks behou word.

In *Where the heart is – a writer in Provence* blyk dit met die eerste oogopslag dat terme en konsepte wat eie aan die Afrikaanse en Franse kultuur is, deurlopend onveranderd in

die vertaalde teks oor te dra⁷ soos wat dit in die bronteks voorkom. So word verskeie kostermes soos *pastis*, (BT:3) *ratatouille* en *tian* (BT:137), *aïoli* (BT:211) en *biltong* (BT:38), boerewors (BT:171), Hertzoggies (BT:145) en braai (BT:134) (Van der Vyver, 2006) in die doelteks behou in stede daarvan om dit te domestikeer deur die terme te neutraliseer of te verduidelik deur ’n omvattende verklaring van hierdie terme te verskaf of ’n meer bekende, geneutraliseerde Engelse kosterm te gebruik (soos “vegetable casserole” in plaas van *ratatouille* of “dried meat” in plaas van *biltong*). Afrikaanse en Franse plekname soos Voortrekker Street (BT:4), die Boland (BT:21), Avignon (BT:31), Lille (BT:43), Marseille (BT:71) sowel as eienames van Franse karakters soos *Madame Voisine* (BT:14) kom ook heelwat in die doelteks voor. Reeds deur die teenwoordigheid van hierdie terme kan die navorser aflei dat daar moontlik van ’n hoofsaaklik vervreemdende benadering in die doelteks gebruik gemaak word.

Die vervreemdende strategie kan myns insiens juis deur die vertaler toegepas word om by die tema van die bundel aan te sluit. In *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* verwoord Van der Vyver juis die vreemdheid wat sy as Afrikaner in haar nuwe Franse tuisdorp aanvaar. Sy skets telkens haar daaglikse verwarring wat deur die kulturele verskille ontstaan. Sodoende word “vreemdheid” as tema in hierdie deels outobiografiese rubriekbundel beskou. Deur ’n vervreemdende strategie tydens die vertaalproses toe te pas, kan die doelteksleser ook die “vreemdheid” waaroor die verteller eerstehands skryf, ervaar deurdat hy of sy self vervreem word deur gelyktydig met twee vreemde kulture gekonfronteer te word. Die vervreemdende strategie word moontlik ook toegepas om die algehele tema van die bundel beter aan die doelteksleser te verwoord – die tema van vreemd-wees in ’n nuwe omgewing, sowel as die verskille tussen twee kulture. Nie net ervaar die leser die vreemdheid wat die verteller in Frankryk ervaar nie, maar die leser ervaar terselfdertyd vreemdheid deur aan sowel Afrikaanse as Franse kulture blootgestel te word. Indien die vreemdheid nie oorgedra word nie en bloot geneutraliseer word, sal daar iets van die tema en unieke stem van die boek verlore gaan. Die strategie van vervreemding word dus ter wille van die bronteks gebruik, sodat daar lojaal gebly kan word aan die skrywer en die oorspronklike styl van die bronteks.

⁷ Hierdie voorbeelde is slegs ter illustrasie en word later in hoofstuk 4 meer breedvoerig en sistematies bespreek en geanaliseer.

Voorts sal hierdie teoretiese agtergrond op die ontleding van die doelteks toegepas word deur modelle op te stel waarvolgens daar vasgestel word watter oorkoepelende vertaalbenadering hoofsaaklik in *Where the heart is – a writer in Provence* toegepas word. Eers sal die makrostrukturele vlak van die doelteks ontleed word, waarna die mikrostrukturele vlak ontleed sal word op grond van die oorkoepelende benadering wat uit die makrostrukturele vlak afgelei word.

Hoofstuk 3

Makro-analise van die doeltteks

3.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan 'n deskriptiewe ontleding op die makrostrukturele vlak van *Where the heart is – a writer in Provence* gedoen word, soos reeds in hoofstuk 2 gesê. Hierdie ontleding geskied aan die hand van die Lambert- en Van Gorp-model waarvolgens die vertaalde teks eers op makrostrukturele vlak ontleed word om die oorkoepelende benadering tot die vertaling vas te stel waarna die mikrostrukturele vlak van die vertaling ondersoek word.

Lambert en Van Gorp (1985:45) stel voor dat 'n model gebruik word waarin vertaalbenaderings en -strategieë beskryf en getoets word. Hierdie wyse van ontleding strook met Gideon Toury se nosie van norme. Toury is van mening dat daar tydens vertaling telkens 'n uitruiling tussen kulture plaasvind. In vertaling is daar altyd ten minste twee tale betrokke, dus is daar altyd ten minste twee kultuurgroepe betrokke. Elke kultuurgroep het 'n eie groep vooropgestelde reëls vir wat vir hulle aan 'n vertaling aanvaarbaar en toepaslik is, al dan nie. Aangesien vertaling met die uitruil van kultuur te make het en verskillende kulture elkeen oor 'n stel norme beskik, beskou Toury (1995:61) vertaling as 'n aktiwiteit wat deur norme beheer word en dat dit hierdie norme is waardeur die tipe ekwivalensie in vertalings bepaal word. Volgens Toury stel norme 'n stel reëls daar waarvolgens daar vertaal word sodat 'n vertaling vir 'n sekere kultuurgroep en binne 'n spesifieke sisteem aanvaarbaar is. Toury (1995:55) omskryf norme as sosiokulturele beperkinge eie aan 'n kultuur, gemeenskap en tyd:

Norms are the translation of general values or ideas shared by a community – as to what is right and wrong, adequate or inadequate – into performance instructions appropriate for and applicable to particular situations.

Toury (1995:55) onderskei voorts tussen drie hoofnorme in vertaling, naamlik aanvanklike (*initial*) norme, voorlopige (*preliminary*) norme en operasionele (*operational*) norme:

Aanvanklike norme behels die besluitneming van die vertaler ten opsigte van 'n algehele strategie teenoor die vertaling. Dit behels of daar gestreef word na 'n vertaling wat geskik (*adequate*) of aanvaarbaar (*acceptable*) is vir die doelteksleser. Geskiktheid van 'n teks verwys daarna dat die teks sterk bronteksgeoriënteerd is, terwyl 'n aanvaarbare teks sterker doelteksgeoriënteerd is.

Voorlopige norme behels die norme wat bepaal watter tekste vertaal word, al dan nie. Dit verwys na die faktore wat bepaal watter tekstipes of individuele tekste ingevoer moet word na 'n spesifieke taal/kultuur/literêre sisteem op 'n spesifieke tydstip. Dit het ook te make met die keuse of daar uit die oorspronklike bronteks vertaal moet word of uit 'n bestaande vertaling vertaal moet word.

Operasionele norme het te make met die werkswyse waarop die vertaler tydens die vertaalproses besluit. Toury (1995:202-203) onderskeie tussen *twee vorms* van operasionele norme naamlik:

Grondbeginselnorme: bepaal strategieë en benaderings wat op die makrovlak van die vertaling toegepas word en sluit byvoorbeeld toevoegings of weglatings in 'n teks in.

Tekslinguistiese norme: bepaal strategieë en benaderings wat te make het met die mikrovlak van die vertaling. Dit behels benaderings ten opsigte van sinskonstruksie, woordkeuse, en so meer.

Binne die model word voorgestel dat die teksanalise moet begin deur inligting oor algemene makrostrukturele eienskappe van die doelteks in te samel. Dit beteken dat afgesien van die teks, enige groter strukturele aspekte van die teks (soos die voorblad, titel, indeling van hoofstukke, sowel as die parateks) ook ontleed word ten einde 'n oorkoepelende vertaalstrategie te bepaal. Vanuit hierdie oorkoepelende vertaalstrategie

stel die navorser vas of die doeltteks as 'n vertaling, 'n aanpassing of imitasie van die oorspronklike teks identifiseer kan word deur waar te neem of die vertaler se naam in die teks verskyn, of die werk op die voorblad as 'n "vertaling" bestempel word, en dies meer. Deur die makrostrukturele eienskappe te analiseer, stel die navorser 'n oorkoepelende vertaalbenadering vas wat deurlopend in die doeltteks gevolg is. 'n Oorkoepelende vertaalteoretiese benadering kan vasgestel word op grond van Toury se aanvanklike norme – dit behels dat 'n algemene vertaalstrategie vir 'n bepaalde vertaalprodukt vasgestel word.

Vir die makrostrukturele ontleding van 'n vertaalde teks, stel Lambert en Van Gorp (1985:52) die volgende skema voor om vas te stel watter aspekte van die teks onder die loep geneem behoort te word.

1. Voorlopige data:

- Titel en titelblad (aanwesigheid of afwesigheid van genre, word skrywer en vertaler se name aangedui)
- Parateks (op die titelblad, in voetnote of in addendum)
- Oorkoepelende strategie (aanpassing of algehele vertaling). Hierdie oorkoepelende strategie word vasgestel vanuit die voorlopige data wat beskikbaar is en dit stem ooreen met Gideon Toury se nosie van die aanvanklike (initial) norm, wat beteken dat die voorafgaande besluite wat die vertaler neem, in ag geneem word.

2. Makrovlak:

- Indeling van die teks (hoofstukke, bedrywe, stanzas)
- Hoofstuktitels
- Verhouding tussen die tipe narratiewe, dialoog, ens.
- Interne narratiewe struktuur (storielyn, einde, proloog, epiloog, klimaks, gevolgtrekking)
- Bykomende kommentaar soos verhoogaanwysings

Kruger (2011:295) sluit by Lambert en Van Gorp se siening en hul vooropgestelde model aan deur te noem dat dit belangrik is om verskeie dimensies en komponente van 'n teks (die narratiewe struktuur van die teks, paratekstuele materiaal, illustrasies en voorbladontwerp) by die ontleding van 'n teks te betrek, sowel as die konteks waarin die teks verskyn (die historiese en ideologiese konteks). Indien 'n teks teen hierdie agtergrond ontleed word, kan die makrostrukturele aspekte van die teks heelwat oor die vertaalstrategieë en –besluite, verklap. Genette (in Kruger, 2011:294) merk die volgende op:

Text is rarely presented in an unadorned state, unreinforced and unaccompanied by a certain number of verbal or other productions, such as an author's name, a title, a preface, illustrations. And although we do not always know whether these productions are to be regarded as belonging to the text, in any case they surround it and extend it, precisely in order to *present* it, in the usual sense of this verb but also in the strongest sense: to make present, to ensure the text's presence in the world, its 'reception' and consumption in the form (nowadays, at least) of a book.


Uit die bogenoemde opmerking word daar afgelei dat al die aspekte wat deel vorm van 'n literêre werk, 'n rol speel by die besluitneming tydens die vertaalproses en dat hierdie aspekte kardinaal deel vorm van 'n teks en nie net buite rekening gelaat kan word nie. So verklap die besluit op die voorbladontwerp byvoorbeeld baie van die wyse waarop die doelteksleser die teks met die eerste oogopslag sal ervaar en parateks soos voetnote of vertalersnotas kan bevestig dat die teks 'n vertaling met baie vreemde elemente is, al dan nie. Teen hierdie agtergrond kan die parateks wat in 'n teks voorkom baie verklap oor die waarde en funksies van 'n boek, sowel as die ideologiese invloede op die spesifieke teks.

In hierdie hoofstuk word daar hoofsaaklik op die voorlopige data en makrostrukturele aspekte van die bron- en doelteks gefokus. Data soos die voorblad en titelblad, sowel as die flaptekste (alhoewel voorblad en agterblad in bylae A vervat word, word die flapteks nie ook gegee nie – die voorblad en agterblad word opgeneem vir die visuele elemente wat daarin aanwesig is) word onder die loep geneem. Daar sal ondersoek ingestel word na hoe die titel van die teks vertaal is en hoe dit van die oorspronklike titel afwyk, al dan nie. Die vertaling van die hoofstuktitels word ook bespreek. Daar sal gekyk word na

hoe die vertaler se naam op die titelblad figureer en of die rubriekbundel as 'n "vertaling" geklassifiseer word. Daar sal ook vasgestel word tot watter mate parateks in die doelteks aanwesig is en hoe dit bydra tot die vertaler se teenwoordigheid of sigbaarheid in die doelteks. Die volgorde van die teks en indeling van hoofstukke in die doelteks sal ook met die bronteks vergelyk word en indien daar afwykings by die doelteks is, sal moontlike redes hiervoor beredeneer word.

Vir die doeleindes van hierdie studie, word 'n aangepaste weergawe van Lambert en Van Gorp se model verskaf. Hierdie model word skematies voorgestel en voorts in die hoofstuk word die verskillende onderdele van die model ontleed en bespreek. In hierdie model word die voorlopige data en die makrovlak apart voorgestel.

Figuur 1: Aangepaste model gebaseer op Lambert en Van Gorp



3.2. Voorlopige data

3.2.1. Voorblad, titelblad en titel

Wanneer 'n leser vir die eerste keer met 'n boek in aanraking kom, is die voorblad die heel eerste, mees prominente ding van daardie teks wat 'n leser waarneem. Die ontwerp van die voorblad moet dus van so 'n aard wees dat die leser met die eerste oogopslag by die boek aanklank kan vind. Deur middel van die voorblad word 'n sekere gevoel en boodskap oor die boek aan 'n leser oorgedra. Dit is dus belangrik dat die voorblad die inhoud en boodskap van die boek oordra, maar op so 'n wyse dat die leser met 'n blote suggestie van die boek se hoofboodskap gekonfronteer word en geprikkel word om die boek verder te lees.

In die geval van vertaalde literêre werke verskil die voorblaaie van die bron- en doeltteks soms van mekaar, aangesien die uitgewers die voorblad op so 'n manier ontwerp dat dit by die verskillende lesersgroepe sal aanklank vind. Wat vir die leser uit die bronkultuur werk, sal nie noodwendig vir die leser in doeltkultuur werk nie. Dit is uiteraard so dat die voorblad heelwat oor die betrokke leserskultuur sal verklap – die uitgewer moet vasstel watter voorbladontwerpe vir die betrokke lesersgroep aanvaarbaar sal wees, al dan nie.

In die geval van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* en die doeltteks, *Where the heart is – a writer in Provence*, word daar heelwat verskille by die onderskeie voorblaaie opgemerk. Afdrukke van die twee voor- en agterblaaie verskyn volledigheidshalwe in bylae A, sodat hierdie twee omslae vergelyk kan word.

Die voorblad van die bronteks bevat 'n kleurpotloodskets van 'n antieke muurtafel met sewe perskes daarop gerangskik. Hierdie skets is die hooffokus van die voorblad. Die voorbladontwerp is deur Laura Olivier en die penskets wat op die voorblad gebruik word, deur David Osborne. Aan die bokant van die voorblad merk die leser die onderpunt van 'n venster op. Die kleure wat op hierdie voorblad gebruik word, bestaan uit warm skakerings van bruin en geel – aardse kleure wat 'n sonnige, esteties aantreklike beeld van Van der Vyver se Franse ruimte aan die leser oordra. Die rugkant van die teks bevat dieselfde skets van 'n tafeltjie, maar hierdie tafel is sonder vrugte en die kleure is koel skakerings van grys en donker skakerings van pers en blou. Die

voorblad en agterblad word juis so uitgebeeld om moontlik aan te dui dat Van der Vyver se Franse omgewing, wat helder, vriendelik en warm op die voorblad uitgebeeld word, ook 'n minder aangename skadukant bevat. Op die voorblad van die bronteks verskyn die titel eerste in 'n groter lettertipe, met Marita van der Vyver se naam onderaan. Afgesien van die skets, merk die leser dadelik die titel op.

Die voorblad van die doelteks verskil aansienlik van die bronteks, maar bevat steeds die Franse tema. Op hierdie voorblad merk die leser 'n foto van 'n Franse woning op – drie vensters met houtdeurtjies teen 'n heldergeel muur verleen 'n romantiese gevoel aan die Franse ruimte. Onderaan die voorblad merk die leser 'n heining en 'n prieël op. Die titel van die bundel is ook in 'n prominente lettertipe op die voorblad aangebring, maar in hierdie teks, verskyn Marita van der Vyver se naam bo die titel en is nie so prominent soos in die doelteks nie. Die leser se fokus word hoofsaaklik op die voorbladfoto gevestig. Die rugkant van die doelteks bevat meestal teks wat teen 'n foto van 'n muur geplaas is. Die voorbladontwerp van die doelteks is deur Michiel Botha en die foto wat gebruik word, is geneem deur Bridget Impey.

Op die agterblad verskyn die uittreksel waarmee die teks open, gevolg deur die volgende:

With these words award-winning novelist Marita van der Vyver begins the story of her life as a writer, wife and mother in a small Provençal village. First published to great acclaim as *Die hart van ons huis*, this translation will delight her large following of English readers.

In hierdie uittreksel word genoem dat die doelteks wel 'n vertaling van 'n oorspronklike Afrikaanse teks is. Alhoewel die teks hier as 'n vertaling bestempel word, staan dit nie baie prominent op die teks nie. Die boek word dus bemark as 'n teks wat op sy eie kan staan, aangesien die woord *translation* nie dadelik sigbaar op die teks is nie.

Op die titelbladsy van beide die bron en –doelteks, word die opdrag “Aan ons gaste”/ “To our guests” aangetref. Die feit dat hierdie opdrag dieselfde in die Engelse teks bly, dui daarop dat die persoonlike inslag wat in die bronteks aangetref word (aangesien die verteller persoonlike stories wat sy met vriende sou deel, ook met die leser deel), ook na die doelteks oorgedra word. Hierdie boodskap kan ook letterlik verwys na die gaste wat

by Marita van der Vyver en gesin in Frankryk tuisgaan, aangesien sy ook ’n gastehuis bedryf en kamers uithuur, of vriende en familie uit Suid-Afrika wat by hulle in Frankryk tuisgaan tydens persoonlike kuiers. Aangesien Van der Vyver haar persoonlike ervarings met haar lesers deel en hulle as’t ware na haar ruimte nooi, word die leser die “gas” wat die Franse woning saam met Van der Vyver beleef. Die Engelse lesersgehoor behoort dieselde “persoonlike” ervaring met die lees van die bundel waar te neem en daarom bly die opdrag op die titelblad dieselfde.

Dieselfde inligting, naamlik die naam van die outeur, verskyn op die titelbladsye van die bron- en doeltteks. Dit is opmerklik dat die volle titel van die bundel, *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* nie op die titelblad verskyn nie, maar slegs *Die hart van ons huis*. Die volle titel, *Where the heart is – a writer in Provence*, verskyn op die titelblad van die doeltteks. Die naam van die oorspronklike outeur, Marita van der Vyver, verskyn ook op beide titelbladsye. Op die titelblad van die doeltteks word die naam van die vertaler, Annelize Visser, se naam vermeld. Die titelblad is die enigste plek waar die naam van die vertaler genoem word. Die vertaler maak haarself ook nie juis prominent as medeskrywer deur vertaalnotas in die doeltteks te plaas nie. Haar naam as vertaler is aanwesig en die teks word ook op die agterblad ’n vertaling van die oorspronklike Afrikaanse werk genoem

Op die titelblad word daar ook genoem dat die bronteks eerste in 2004 as *Die hart van ons huis* deur Tafelberg Uitgewers uitgegee is. Dit word ook op die agterblad van die doeltteks genoem dat die teks ’n vertaling van die oorspronklike Afrikaanse teks is. Die doeltteks word dus as ’n vertaling van die bronteks voorgedou, maar dis ’n hoogs onsigbare vertaler wat in die teks aanwesig is en die Engelse leser van die doeltteks kan moontlik “mislei” word dat hulle hier met ’n oorspronklike teks te doen het. Hierdie onsigbaarheid van die vertaler is teen Venuti se beginsel dat die vertaler so sigbaar moontlik in ’n teks moet wees.

Dit is opmerklik dat die meeste van Van der Vyver se romans tot dusver deur Tafelberg of Human & Rousseau uitgegee is (Sien Van der Vyver-biografie op Litnet vir ’n volledige lys publikasies) (Van der Merwe, Litnet, 2007) en dat die Engelse vertalings van die betrokke romans byna gelyktydig verskyn, ook plaaslik deur Tafelberg of

Human & Rousseau uitgegee word. Hier verskyn 'n lys van die kinderboek- en romantitels wat tot dusver in Engels vertaal is. (Van der Merwe, 2007):

Dis koue kos kos, skat – Just Dessert, Dear, vertaal deur Mari Weeks (2010)

Stiltetyd – Time Out, vertaal deur Mari Weeks (2006)

Mia se ma – Mia's Mom, (kinderboek) vertaal deur Kobus Geldenhuys (2005)

Bestemmings – Short Circuits, vertaal deur Laura Seegers (2003)

Die hart van ons huis – Where the heart is, vertaal deur Annelize Visser (2006)

Vergenoeg – There is a season, vertaal deur KL Seegers (2007)

Griet kom weer – Travelling Light, vertaal deur Isobel Dixon (2005)

Wegkomkans – Breathing Space, vertaal deur Isobel Dixon (2000)

Olinosterfante op die dak – Rhinocéphants on the roof (kinderboek) (gelyktydig saam met Afrikaans uitgegee) (1996)

Die dinge van 'n kind – Childish Things, (jeugroman) vertaal deur Madeleine van Biljon (1996)

Griets skryf 'n sprokie – Entertaining Angels, vertaal deur Catherine Knox (1994)

In die geval van *Where the heart is – a writer in Provence*, is dié vertaling deur Double Storey, 'n onderafdeling van Juta uitgegee. Hierdie uitgewer is ook Suid-Afrikaans. Daar is nie verdere bykomende inligting oor die teks of die skrywer wat op die titelblad verskyn nie.

Die titel van enige kunsskepping soos 'n roman, storie of gedig, is moontlik die belangrikste woord of frase wat aan die kunsskepping verleen word (Jonanović in Pinto, 2000:132). Tesame met die voorblad van 'n roman, is die titel ook die eerste aspek van die teks waarmee die leser gekonfronteer word. Eenvoudig gestel, is die titel van 'n roman bloot die naam van 'n teks. Hieruit word twee eienskappe van romantitels afgelei: eerstens moet dit kort en bondig wees en tweedens moet die nodige inligting oor die teks met die eerste oogopslag aan die leser oordra.

Die literêre werk word gewoonlik eerste aan die titel herken en die titel is 'n frase wat die kernboodskap van die teks moet oordra. Dit is dus belangrik dat die vertaler ook 'n berekende besluit neem wanneer die titel van 'n teks vertaal word. Volgens Nord (1995:265) moet die funksionaliteit van die brontekstiel ook onderskei word van die funksionaliteit van die doeltkestiel. Sy sluit ook aan by haar argument vir 'n funksionalistiese benadering deur te noem dat elke vertaalproses voorafgegaan moet word deur 'n analise vir wie die doelteks vertaal word en dat hierdie vertaalde teks 'n sekere doel vir die betrokke leser moet uitvoer. Dus redeneer Nord dat die titel van so 'n aard moet wees dat die *doel* van die vertaalde teks in ag geneem word om die titel te bepaal.

In die geval van 'n roman of prosa is dit nie so maklik om 'n titel bloot direk te vertaal nie, omdat die titel nie altyd kort en bondig is nie en moontlik afhang van die kultuur, styl en genre waarin die teks gesetel is. Party titels van literêre werke is soms lank en kompleks en kan moeilik wees om te vertaal. Tweedens dra die titel nie altyd die boodskap van die teks dadelik oor nie, aangesien titels van literêre werke soms abstrak of in teenstelling met die res van die teks kan wees om 'n poëtiese inslag aan die titel verleen (Iliescu, 2001:94). Die titel sal nie altyd kultureel relevant vir die doelteksleser wees nie.

Catalina Iliescu (2001:94) merk vervolgens op dat die titel van 'n roman in 'n vertaalde teks baie belangrik is om in ag te neem tydens vertaling vir die doeleindes van interkulturele kommunikasie. 'n Meer abstrakte titel in die bronteks sal miskien nie funksioneel wees vir die doelteksleser indien dit net so vertaal word nie. Die doelteksleser moet in gedagte gehou word wanneer die titel van 'n werk vertaal word, aangesien dit die doelteksleser 'n goeie idee van die inhoud van die teks moet gee en 'n kern-idee waaroor die teks handel of wat die boodskap daarvan is, uit die titel van die teks kan aflei.

Die titel van die bronteks, *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence*, dui daarop dat hierdie rubriekbundel oor die skrywer, Marita van der Vyver, se woning in Provence, Frankryk, handel. Die frase “Die hart van ons huis” dui daarop dat Van der Vyver haar gesin wat ook in die Franse tuiste woonagtig is, in haar bundel betrek. Die “hart” van 'n huis of tuiste verwys gewoonlik in die Afrikaanse taal na die tuisteskepper

of versorger van die huis, gewoonlik die vrou. Hier kan die leser dus aanneem dat die skrywer in Provence ook die versorger van ’n gesin is en dat sy die gebeure in haar tuiste deur haar skryfwerk wil verwoord.

Die titel van die doeltteks wyk af van die bronteks en is nie direk vertaal nie, maar lui: *Where the heart is – a writer in Provence*. Die frase “where the heart is” is moontlik afgelei van die Engelse gesegde “home is where the heart is”. Vanuit die Engelse titel word die idee geskep dat Van der Vyver se Franse woning nie net ’n vreemde huis is nie, maar ’n tuiste. Die “writer in Provence” is soortgelyk aan die Afrikaanse titel en dit dui ook aan dat die bundel oor ’n tuiste vanuit die oogpunt van ’n skrywer beskou word. Beide titels skep die idee van ’n warm tuiste as sentrale boodskap met die skrywer as tuisteskepper as sekondêre boodskap. Daar kan wel tot die gevolgtrekking gekom word dat die titel van beide die bron- en doeltteks die boodskap en aard van die boek effektief oordra.

Dit is wel moontlik om die Afrikaanse titel letterlik in Engels te vertaal. Indien die Afrikaanse titel letterlik in Engels vertaal word, sou dit steeds vir die leser sin maak: “Die hart van ons huis” – “The heart of our home”. Daar sal nie ’n betekenisafwyking wees indien die titel letterlik vertaal word nie. Die idiomatiese vertaling van die titel werk beter. Dit klink natuurliker terwyl dit steeds die kernboodskap en temas van die teks opsom. Daar is ook nie woorde of frases in die titel wat nie verstaanbaar sal wees vir die doelteksleser nie.

3.2.2. Die oorkoepelende vertaalbenadering

Soos reeds genoem, is ’n makrostrukturele analise van die vertaalde teks nuttig om ’n oorkoepelende vertaalbenadering te bepaal waarvolgens die doeltteks vertaal is. Op grond van die vasgestelde vertaalbenadering sal ’n meer spesifieke mikrostrukturele analise kan geskied. Volgens die deskriptiewe vertaalbenadering word die vertaler se algehele strategie ten opsigte van ’n vertaling bepaal.

Die oorkoepelende vertaalbenadering kan sover as volg beskou word: die doeltteks wyk nie af van die bronteks wat inhoud en styl betref nie. In die doeltteks word die

outentieke, outobiografiese stem van die skrywer behou en die narratiewe struktuur bly ook dieselfde. Daar word ook nie van die konteks en milieu afgewyk in die doeltteks nie. Dit is ook opmerklik dat daar van min parateks in die doeltteks gebruik gemaak word. Daar kom nie voetnote of verklarende vertaalnotas in die doeltteks voor nie. Die algehele boodskap en tema van die bronteks bly ook dieselfde in die doeltteks.

3.3. Makrovlak

3.3.1. Parateks: die flapteks, agterblad en foto's

Parateks word omskryf as enige bykomende teks wat in die doeltteks ingesluit word (Genette in Kruger, 2011:294). Hier is die funksie van die parateks om die boek aan die voornemende leser te “bemark” en ’n begeerte by ’n leser te skep om die boek te lees. Genette in Kruger, 2011: 294) beskou parateks as:

a zone not only of transition, but also of transaction: a privileged place of a pragmatics and a strategy, of an influence on the public, an influence that ... is at the service of a better reception for the text.

Nikolajeva en Scott (in Kruger, 2011:296) beklemtoon die belang van parateks deur daarna te verwys as kardinaal deel van die “boodskap” wat ’n boek wil oordra. Ander vertaalteoretici beskou die ontleding van parateks as ’n wyse om ideologies gedrewe manipulasie tydens die vertaling van ’n literêre werk aan te dui.

Die ontleding van die parateks van *Where the heart is – a writer in Provence* toon die volgende: met die eerste oogopslag is die parateks gering – daar is ’n agterblad en flapteks (flapteks word nie in die bylae ingesluit nie) in hierdie teks, maar uitgebreide verklarings van vreemde begrippe deur middel van woordelyste en voetnote ontbreek. Uit die min parateks wat aanwesig is, lei die navorser af dat die doeltteksleser die vertaalde teks so moet ervaar soos wat die Afrikaanse leser dit sal ervaar en daarom word daar nie uitgebreide verklarings van kulturele terme en vreemde woorde in die teks verskaf nie. Daar word ook geen vertaalnotas in die doeltteks gebruik nie. Behalwe vir die feit dat die vertaler se naam slegs op een plek in die teks verskyn, word die teks verder onderspeel as ’n vertaling deur slegs op die agterblad aan te dui dat dit ’n

vertaling van 'n oorspronklike Afrikaanse werk is. Die vertaler se rol is ook nie deurlopend en prominent in die teks sigbaar nie. Die doelteks word ook nie uitsluitlik as 'n vertaling bemark nie, maar eerder as 'n Engelse teks deur Van der Vyver.

Die agterblad en flapteks tree funksioneel saam met die voorblad op aangesien 'n verdere prikkel om die boek te lees by die voornemende leser geskep word deur slegs die nodige inligting oor die boek op die flapteks of agterblad te plaas. 'n Opsomming van die boek en bykomende inligting oor die skrywer verskyn gewoonlik op die flapteks of die agterblad van 'n teks. In hierdie geval verskyn 'n kort opsomming van waaroor die teks handel, sowel as bykomende inligting oor die skrywer, in die bronteks op die bronteks se flapteks. Op die voorste flapteks van die bronteks verskyn 'n foto van Marita van der Vyver. In die doelteks word daar geen bykomende inligting oor of 'n foto van Van der Vyver as skrywer verskaf nie, maar name van ander publikasies deur Van der Vyver word wel op die titelblad van die bronteks ingesluit:

Ander romans deur Marita van der Vyver:

Griet skryf 'n sprokie (1992)

Die dinge van 'n kind (1994)

Wegkomkans (1999)

Griet kom weer (2001)

Vergenoeg (2003)

Daar word nêrens titels van vertaalde werke deur Van der Vyver in die doelteks genoem nie. By die doelteks is daar ook geen flapteks nie, maar 'n verkorte, vertaalde weergawe van die Afrikaanse opsomming verskyn wel op die agterblad. Geen foto van die skrywer verskyn in die doelteks nie. Behalwe vir die verkorte opsomming, wat nie regtig afwyk van die bronteks se opsomming nie, is daar die volgende inligting op die agterblad bygevoeg:

With these words award-winning novelist Marita van der Vyer begins the story of her life as a writer, wife and mother in a small Provencal village. First published to great acclaim as *Die Hart van ons Huis*, this *translation* (my kursivering ter beklemtoning) will delight her large following of English readers.

Uit hierdie bykomende inligting op die agterblad van die doeltteks besef die leser dan dat hy of sy met ’n vertaling van die oorspronklike werk te doen het. Vanaf die teks op die agterblad wat ook noem dat haar “large following” Engelse lesers hierdie boek positief sal ervaar, lei die voornemende leser af dat daar reeds werke van Van der Vyver in Engels vertaal is. Alhoewel die woorde “translation” en “translated by” wel in die doeltteks verskyn, is die vertaler se naam weggesteek in die teks en verskyn slegs op die titelblad van die doeltteks.

Hieruit blyk dit dat die doeltteks meer inligting oor die skrywer, Marita van der Vyver, verskaf as die bronteks. Myns insiens word hierdie inligting eerder by die doeltteks as by die bronteks gevoeg, omdat ’n Afrikaanse leser meer bekend en vertrouwd is met Van der Vyver as Afrikaanse skrywer, terwyl ’n Engelssprekende doeltteksleser wat nie met haar as skrywer bekend is nie, deur bykomende inligting meer oor haar as skrywer te wete kom. Geen ander titel van vertaling in Engels deur Van der Vyver word in die doeltteks gelys of aangebring nie. Sien bylae A vir die agterblaaie van die bron- en doeltteks.

3.3.2. Indeling van die teks – hoofstuktitels, aantal en volgorde van die hoofstukke

Dit is soms tydens die vertaling van ’n literêre werk onvermydelik om die inhoud van die doeltteks te laat afwyk van die inhoud van die bronteks. In baie gevalle word teks bygevoeg – hierdie teks sluit soms woordelyste, verklarings, bylaes en voetnote in (sien Appiah se “thick translation” in 2.5.2.) – en veroorsaak dat die indeling van die doeltteks van die indeling van die bronteks afwyk. Dit is dus nie ’n gegewe dat die indeling van hoofstukke noodwendig altyd dieselfde bly nie. In die geval van *Where the heart is – a writer in Provence* het die gebruik van parateks geen invloed op die indeling van die hoofstukke nie, aangesien daar geen parateks soos voetnote en vertalernotas in die hoofteks vervat word nie. Die indeling van die hoofstukke is identies aan dié van die bronteks.

Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence bestaan uit 24 hoofstukke wat as afsonderlike mini-rubrieke gelees kan word, maar tog ’n tematiese eenheid as geheel in die boek skep. Elk van hierdie hoofstukke fokus op ’n afsonderlike tema. In die geval van so ’n bundel, word die hoofstukke op so ’n wyse gerangskik dat dit ’n sekere

volgorde volg. Die openingshoofstuk en slot sal telkens so geplaas word dat die literêre werk as't ware omarm word en tot 'n sikliese gang kom. In die geval van so 'n literêre werk, moet die vertaler daarvan bewus wees dat die hoofstukke in 'n sekere volgorde geplaas is om 'n gewenste effek te verkry en moet die indeling tydens die vertaalproses in oënskou geneem word. Volgens Toury se nosie van norme tydens vertaling, hou hierdie besluitneming verband met die operasionele norm. Die vertaler moet 'n besluit neem wat regdeur die vertaling van die doeltteks aangewend en gevolg word.

In die geval van hierdie literêre werk, wyk die hoofstukvolgorde nie van die bronteks se volgorde af nie. Die eerste hoofstuk, “Ons woon in Kerkstraat” / “We live in Church Street” stel die leser aan Van der Vyver en haar Franse ruimte bekend – dit dien as 'n algehele opening vir die res van die boek en is dus funksioneel geplaas sodat die struktuur wat in die bronteks geskep is, ook in die bronteks gehandhaaf word. Die hoofdeel van die doeltteks, die hoofstukke, is hoofsaaklik in dieselfde formaat en deurgaans dieselfde lengte as dié in die bronteks. Ten spyte van die feit dat elke hoofstuk oor 'n afsonderlike subtema beskik, vorm elke hoofstuk 'n geheel met die oorkoepelende tema. Die titel is na die slothoofstuk, “Die hart van ons huis” / “Where the heart is” van die boek vernoem. In hierdie hoofstuk skryf Van der Vyver meestal oor feestelike onthaalgebruike in haar eie Franse tuiste. Beide bron- en doeltteks word afgesluit met die Franse term *bon appetit*. Dit dra funksioneel by tot die tema van die teks, aangesien dit die algehele tema van die boek effektief afsluit deurdat dié finale hoofstuk die tema van kookkuns en die belangrikheid van kos as kulturele bedryf in Provence, Frankryk beklemtoon.

Soos reeds in afdeling 2.5.1. bespreek, sal die vertaler nie uitsluitlik domestikering of uitsluitlik vervreemding as vertaalstrategie kies nie. Alhoewel vervreemding miskien as primêre vertaalbenadering in die doeltteks voorkom, is domestikering ook in die doeltteks teenwoordig. Daar word ook deels van 'n domestikerende strategie gebruik gemaak deurdat 'n verstaanbare, idiomatiese Engels in die doeltteks gebruik word. Daar kan reeds vanuit die hoofstuktitels afgelei word dat die vertaler poog om die Engelssprekende leser te akkommodeer deur 'n verstaanbare, idiomatiese Engels te gebruik. Die blote feit dat die bronteks in idiomatiese Engels vertaal word, domestikeer reeds die literêre werk vir die Engelssprekende doeltteksleser.

Dit is opmerklik dat die hoofstuktitels in die doeltteks op enkele plekke van die hoofstuktitels in die bronteks afwyk. Vir hierdie bespreking word die hoofstuktitels van die bron- en doeltteks in die onderstaande tabel gelys ten einde die hoofstuktitels te vergelyk.

Tabel 1: Hoofstukindeling

Nommer	Bronteks	Doelteks
1	Ons woon in Kerkstraat	We live in Church Street
2	Tien troues en 'n begrafnis	Ten weddings and a funeral
3	Dinge wat mens mis	Things you miss
4	Papier rym met paniek	Paper equals panic
5	Trou is nie perdekoop nie	Marry at leisure
6	Ek staak!	I'm on strike
7	Dokter, dokter	Doctor, doctor
8	Gebore in drie tale	Born in three languages
9	Vreemder as fiksie	Stranger than fiction
10	Tyd staan stil	Time stops
11	Die troos van tradisies	Tarts and traditions
12	Op hoë noot	On a high note
13	Doen dit self	Do it yourself
14	Waar sal my hulp vandaan kom?	Where will my help come from?
15	As die najaar kom	Falling for autumn
16	So tussen die woorde deur	It's only words
17	Die koninkryk van kos	The kingdom of food
18	Die plesier van pos	Postal pleasures
19	Weer en weer	Under the weather
20	Moenie die noodlot tart nie	Don't tempt fate
21	Die ewige gesoenery	The kissing won't stop
22	Die taal, o, die taal	Lost in translation
23	Kamp is nie kinderspeletjies nie	Camping is no picnic

24	Die hart van ons huis	Where the heart is
----	-----------------------	--------------------

Daar kan geredeneer word dat die titels van die hoofstukke in die doeltteks aangepas is om meer idiomaties vir die Engelssprekende leser te klink. In hierdie gevalle word die titel van hoofstuk 5, “Trou is nie perdekoop nie”, vertaal as “Marry at leisure”, omdat die Afrikaanse idioom wat deur hierdie titel uitgedruk word, nie bloot direk vertaal kan word nie. Daar word dus gesinspeel op die Engelse ekwivalent vir hierdie idioom, “marry in haste, repent at leisure” om ’n idiomatiese vertaalekwivalent vir die Afrikaanse hoofstuktitel te lewer. In die doeltteks is daar ’n bykomende humoristiese element met die verdraaiing van die idioom. In hoofstuk 11 word die titel “Die troos van tradisies” as “Tarts and traditions” vertaal. Hierdie hoofstuk handel oor tradisionele gebruike in Suid-Afrika en Frankryk en sluit ook die gebruik van voedsel, veral ten opsigte van soetgoed wat met tradisionele gebruike voorgesit word, in. Die Engelse titel verklap meer dat tradisies en voedsel in hierdie hoofstuk saamgaan. Die Engelse titel bevat ook alliterasie en assonansie: (“**T**arts and **t**raditions”), waar die Afrikaanse titel net alliterasie bevat (“Die **t**roos van **t**radisies”).

’n Voorbeeld waar ’n Afrikaanse idiomatiese uitdrukking met ’n Engelse idiomatiese ekwivalent vervang is, blyk uit die titel van hoofstuk 23, “Kamp is nie kinderspeletjies nie”, wat met die Engelse idiomatiese uitdrukking “Camping is no picnic” vervang is. Die Afrikaanse titel bevat wel alliterasie, wat dit treffend laat klink (“**K**amp is nie **k**inderspeletjies nie”), maar die Engelse titel werk heel goed, aangesien die idee van “camping” en “picnic” saam goed werk.

By die titel van hoofstuk 6 (“Ek staak!”) is daar gebruik gemaak van interpunksie (die uitroepteken), maar hierdie uitroepteken word nie in hoofstuk 6 se titel (I’m on strike) in die doeltteks gebruik nie. Geen interpunksie word by die ander hoofstuktitels aangetref nie, behalwe die vraagtekengebruik by albei hoofstukke 14.

By die titel van hoofstuk 22, is die “Die taal, o die taal” met “Lost in translation” vervang. In beide gevalle klink die titels in Afrikaans en Engels heel idiomaties vir die lesers van altwee tale. Waar die Afrikaanse titel meer soos ’n uitroep van wanhoop of versugting klink om aan te dui hoe die verskil in tale die verteller affekteer, is die

Engelse titel ook idiomaties van aard, aangesien die vreemdheid van ’n nuwe taal en land haar verdwaal en verwar laat voel. Hieruit kan afgelei word dat heelwat linguistiese domestikering tog plaasvind, aangesien ’n idiomatiese, verstaanbare Engels vir die doelteksleser geskep word.

Die algehele gevolgtrekking oor die indeling van die teks en die titels en volgorde van die hoofstukke, is dat daar nie by die makrovlak van die bronteks afgewyk is nie. Aangesien daar nie juis parateks of bykomende inligting bygevoeg is nie, is dit myns insiens nie nodig om die struktuur van die bronteks aan te pas in die doelteks nie. Alhoewel daar nie van bykomende parateks gebruik gemaak word wat die struktuur van die bronteks sal beïnvloed nie, is dit wel belangrik dat die vertaler moes oplet na die volgorde van die hoofstukke, aangesien dit moontlik ’n funksionele volgorde het. Die vertaler wyk nie van die oorspronklike volgorde af nie en die struktuur en volgorde word in die doelteks onveranderd behou soos in die bronteks.

3.3.3. Narratiewe struktuur en genre

3.3.3.1. Verteller en skrywer – outobiografiese elemente

In die *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence*, is die skrywer, Marita van der Vyver, ook die verteller wat haar ervarings vanuit die perspektief van ’n interne verteller aan die leser weergee. Die interne verteller behels dat die vertellinge vanuit die perspektief vanuit ’n “ek”-stem weergegee word (Brink, 1987:47). Hierdie perspektief direk vanuit die verteller se oogpunt, is kenmerkend van die outobiografie. Soos vroeër in hierdie studie bespreek, is die bronteks deels outobiografies en die vertaler moet dit dus in ag neem.

Sidonie Smith (1990:11) merk op dat die outobiografie beskou kan word as ’n verwoording van die self – ’n werklike “lewe” word deur die uiting van taal aan die buitewêreld beskikbaar gestel. ’n Outobiografie word meestal omskryf as die storie van iemand se lewe, wat deur daardie persoon self geskryf word. Cuddon (1982:63) beskryf ’n outobiografie as “[a]n account of a man’s life by himself.” ’n Outobiografie is dus ’n teks bestaande uit feitelike gegewens wat deur die skrywer self oorgelewer word. Dit is

'n spesifieke persoon se weergawe van gebeure en die feite van sy of haar lewe wat in 'n eie "stem" weergegee word (Honey, 2006:22). Die skrywer word direk gekoppel aan die geskrewe werk en die eerstepersoonsverteller of die "ek"-verteller as narratiewe struktuur is kenmerkend van die outobiografie. Alhoewel *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* deels outobiografies is, kan dié teks nie voorgehou word as 'n volle outobiografie nie, aangesien dele van die teks wel fiktief is. Indien die vertaler te doen kry met 'n outobiografiese werk, is die vertaler nie geregtig daarop om na willekeur enige feite of aspekte soos eiename en plekname te verander tydens die vertaalproses nie. Aangesien die outobiografie met 'n spesifieke stem te make het, sou die vertaler ook daarop moet let om hierdie stem net so oor te dra ten einde die outobiografiese kwaliteit van 'n teks te behou (Honey, 2006:17).

Soos reeds genoem, gebruik Van der Vyver talle outobiografiese elemente in haar werke – dit word dan wel beskou as "verkapte outobiografieë", omdat sy haar eie gebeure met fiktiewe elemente vermeng. Die outobiografiese aard van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* is meer prominent, omdat die skrywer spesifiek noem dat hierdie boek oor haar en haar gesin se lewe in Frankryk handel. Van der Vyver noem in 'n onderhoud dat sy wel tussen die outobiografiese vertellings 'n paar fiktiewe, stereotipe karakters (soos Madame Voisine en Jean-Pierre) in die teks gebruik om die Franse burgers in haar tuisdorp uit te beeld, maar die ervarings wat in die boek verwoord word, is meestal feitelik en word op 'n humoristiese trant aan die leser oorgedra (Jordaan, 2005:217). Die outobiografiese aard van die boek veroorsaak dat die presiese stem en styl van die verteller in die bronteks, ook in die doelteks oorgedra word om nie die oorspronklike genre en humoristiese styl in te boet nie. Die bronteks open byvoorbeeld met die sin (Van der Vyver, 2004:7):

Liewe leser, laat *ek* myself voorstel: Eintlik is daar verskeie maniere om dit te doen. As *ek* 'n illusie van romantiek wil, skeep, kan *ek* sê *ek* is 'n Afrikaanse skrywer wat op 'n Afrikaanse skrywer wat op 'n Middeleeuse dorpie in die suide van Frankryk woon. As *ek* 'n stylvolle indruk wil wek, kan *ek* sê *ek* woon in 'n Provençaalse kliphuis met persblou hortjies, pienk rose en laventel voor die kombuisvenster, 'n enorme ou plataanboom langs die hek. Maar as *ek* eerlik wil wees, moet *ek* sê *ek* is 'n moeë huisvrou met 'n te groot gesin wat in Kerkstraat woon (my kursivering ter beklemtoning).

Uit hierdie openingsparagraaf sien die leser dat 'n eerstepersoonsverteller of “ek”-verteller as narratiewe struktuur aangewend word en dit dra by tot die feit dat Van der Vyver vanuit haar eie outobiografiese perspektief skryf. Hierdie struktuur waar die interne “ek”-verteller aan die woord is, word voorts in die doeltteks behou en die doeltteksleser het te make met dieselfde narratiewe struktuur as wat in die bronteks voorkom. Die outobiografiese genre word sodoende ook in die doeltteks behou en lui as volg (DT:1):

Dear reader, let me introduce myself: There are really several ways in which I could do this. If I wanted to create the illusion of exoticism, I could say that I was an Afrikaans writer living in a medieval village in the south of France. If I wanted to make a romantic impression, I could say that I lived in a Provençal stone house with lilac shutters, pink roses and lavender outside the kitchen window, and an enormous plane tree beside the gate. But if I were honest I would have to say that I am a tired housewife with a large family who lives in Church Street. (my kursivering ter beklemtoning).

Hierdie outobiografiese elemente kom deurlopend in die teks voor. Aangesien Marita van der Vyver vanuit haar Afrikaanse perspektief skryf, kom die verwysing na haarself as skrywer en Afrikaner deurlopend in die teks voor. Alhoewel die volgende outobiografiese verwysings ook mikrostruktureel ondersoek sou kon word, word dit in hierdie hoofstuk bespreek omdat die outobiografiese elemente in die teks deel vorm van die makrovlak.

3.3.3.1.1. Marita van der Vyver as skrywer

In die bronteks maak die leser breedvoerig kennis met Van der Vyver die verteller wat deurlopend na haarself as 'n skrywer van beroep verwys. Sy betrek dus haar beroep en status as skrywer deur deurlopend na verskeie outobiografiese elemente in die bronteks te verwys. Hierdie verwysing na haarself as Afrikaanse skrywer figureer veral op bladsy 134 van die bronteks:

Om in die hart van Europa met Afrikaanse woorde te boer, is 'n bedryf wat waarskynlik aan waansin grens ... [e]k het nog altyd my brood met woorde verdien. Ek was al 'n verslaggewer by 'n dagblad, 'n artikelskrywer by 'n tydskrif, 'n kopieskrywer, 'n

proefleser, 'n subredakteur en 'n vertaler. Ook 'n kinderboekskrywer, jeugboekskrywer en romanskrywer.

Sy spreek ook op spottenderwys die leser van die teks aan en betrek die feit dat sy steeds 'n Afrikaanse skrywer in Provence, Frankryk is (BT:122):

Dink só daaraan. As jy die boek in jou hande self gekoop het, het jy 'n bydrae gemaak tot my nuwe tuinhek, waarvoor ek by voorbaat dankie sê. Waar anders sal my hulp vandaan kom?

Van der Vyver verwys ook intertekstueel na een van haar eie romans in die teks, naamlik *Griet kom weer*. In die doelteks word die titel van die Engels vertaalde teks, *Traveling Light*, gebruik omdat die Engelse leser meer vertrouwd met die titels van Van der Vyver se Engels vertaalde romans sal wees.

Hierdie outobiografiese gedeeltes wat na Van der Vyver as skrywer verwys, word presies so vertaal en behou in die doelteks (DT:132):

Think of it this way. If you yourself bought the book you're now reading, then you've made a contribution to my new garden gate, for which I thank you in advance. Where else will my help come from?

Die outobiografiese elemente wat in die bronteks voorkom, word nie ter wille van die doelteksleser aangepas of weggelaat nie, maar word so na moontlik aan die bronteks vertaal. Die verteller se rol as skrywer en persoonlike stem figureer dus ook sterk in die doelteks.

3.3.3.1.2. Marita van der Vyver as Afrikaanssprekende

Afgesien van Van der Vyver se identiteit as vroueskrywer wat sterk in die teks aan bod kom, speel haar herkoms as Afrikaanssprekende ook 'n kardinale rol waarop die outobiografiese element in die teks berus. Van der Vyver se identiteit as Afrikaner is 'n belangrike kulturele aspek, aangesien baie van die Afrikaanse verwysings in die teks ingesluit word juis vanweë die feit dat Van der Vyver vanuit haar Afrikaanse perspektief skryf.

Voorbeelde van verwysings na Van der Vyver se herkoms en identiteit as Afrikaanse vrou vanuit ’n sekere tydperk en konteks in Suid-Afrika kom heelwat voor in die bronteks. So verwys sy na Suid-Afrika as haar “vaderland” (BT:47) en na haarself en haar mede-Afrikaners as “ons Calviniste” (BT:18) en as ’n “wit Boeremeisie van Afrika” (BT:20). In hoofstuk 8 (“Gebore in drie tale”/ “Born in three languages”) skryf Van der Vyver oor haar dogter, Mia, se geboorte wat deur ’n Franse dokter en Engelse narkotiseur waargeneem word. Toe Mia gebore is, fluister Van der Vyver vir haar “welkom hier by ons, Mia” in Afrikaans (BT:75). Alhoewel Van der Vyver se direkte woorde aan haar dogter in die doelteks in Engels vertaal word, noem die vertaler steeds dat hierdie woorde in Afrikaans, Van der Vyver moedertaal, gesê word (DT:65):

“Welcome here with us, Mia,” I whispered. In Afrikaans.

In die teks word daar ook na mense verwys wat stereotipes van die Afrikaanse kultuur is. Van der Vyver vergelyk byvoorbeeld die Afrikaanse boer met die Franse boer deur die stereotipe Afrikaanse boer in die bronteks te omskryf (BT:96):

Hier waar ek woon, lyk die mense selfs soos my ooms en tantes op die *Suid-Afrikaanse platteland*. Jean-Pierre se welige snor is miskien tipies Frans, maar met sy bonkige lyf en sy boepmaag sal jy hom moeilik uitken tussen die *boere van Piketberg of Porterville*. Dis anders in Noord-Europa. Hollandse en Ierse boere lyk nie soos die Afrikaanse boere nie. Hulle is te bleek, hulle wange te rooi ... Maar die boere (van Suid-Afrika) het daardie befaamde Boere-tan wat jou altyd op die Suid-Afrikaanse strande opval. (my kursivering ter beklemtoning).

Van der Vyver verwys ook na haarself as ’n “bedorwe wit vrou uit Afrika (BT:106) (DT:97) en noem haarself deurlopend in die teks ’n *entrangère* (vreemdeling) in Frankryk. Sy noem dus in die boek dat sy as Afrikaner vreemd voel in haar nuwe Franse omgewing.

Alhoewel die bogenoemde bespreking oor outobiografiese verwysings na die skrywer nie soseer met die vertaling van spesifieke terme en verwysings te make het nie, vorm hierdie outobiografiese verwysings deel van die algehele tema, oorspronklike styl en stem en outobiografiese genre van die teks. Die feit dat hierdie tematiek net so oorgedra en vertaal is in die doelteks en geensins van die bronteks afwyk nie, beteken dat die

vertaler so ver moontlik die vervreemdende effek van die Franse en Afrikaanse teenwoordigheid in die bronteks aan die doelteksleser wou oordra.

3.3.3.2. Konteks, milieu en karakter

Die konteks waarin *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* afspeel, word reeds in die titel weergegee, omdat die plek waar die verteller haar bevind, in die titel afspeel. Die narratiewe struktuur en konteks sluit by mekaar aan deurdat Van der Vyver (die verteller) vanuit haar nuwe tuisdorp (Provence, Frankryk) skryf. Om die algehele boodskap en tema van die bronteks na die doelteks oor te dra, is dit dus belangrik om die konteks van die oorspronklike teks te behou. In hierdie geval bly die konteks dieselfde in *Where the heart is – a writer in Provence* (2006).

Die milieu waarin die boek afspeel, is 'n hedendaagse tydperk (2004) in Frankryk; Van der Vyver deel daaglikse staaltjies uit haar huidige lewe met haar lesers en die leser is bekend met die betrokke milieu. Die boek speel nie in 'n historiese tydperk af wat die leser vreemd kan vind nie, maar is modern en die leser is dus bekend met die tyd waarin die boek afspeel. Soms word daar na minder onlangse Franse geskiedenis verwys wat nie noodwendig in die leser se huidige verwysingsraamwerk val nie, maar die Franse verwysings na kulturele aspekte soos kos en sosiale instansies is steeds relevant binne 'n moderne samelewing. Afgesien van die tydperk waarin die boek afspeel, sluit die milieu ook die ruimte en plek van handeling in die literêre werk in. Volgens Brink (1987:108) hang die begrip van ruimte en milieu saam met die hele sogenaamde narratiewe klimaat of konteks waarin die literêre werk afspeel. Ruimte of milieu het dus ook sosiale, filosofiese of kunsteoretiese konnotasies vir die skrywer – sodoende kan die leser tussen die konkrete en psigologiese ruimte onderskei (Brink, 1987:109). In hierdie geval is Provence, Frankryk die konkrete ruimte waarin die literêre werk afspeel – die verteller bevind haar letterlik in hierdie ruimte. Suid-Afrika is die psigologiese ruimte, aangesien die verteller deurlopend haar herkoms en identiteit aan Suid-Afrika koppel en eg Suid-Afrikaanse tradisies met die tradisies van haar nuwe Franse ruimte vergelyk.

Aangesien die milieu relatief modern is, kan die leser makliker identifiseer met dít waarna die skrywer in die teks verwys. Myns insiens dra dit daartoe by dat daar so min

parateks in die doelteks gebruik word – die doelteksleser word nie gekonfronteer met ’n tydperk wat moontlik buite sy of haar verwysingsraamwerk val en dus verduidelik hoef te word nie. Soms word daar wel Franse kulturele elemente in die doelteks aangetref wat dalk buite die leser se verwysingsraamwerk sal val, maar die kans is dan ewe goed dat hierdie verduideliking ook in die bronteks aangetref sou word vir die bronteksleser se onthalwe en dus net onveranderd oorvertaal kan word.

Die milieu waarin die boek geskryf is, is deel van Van der Vyver se ervaringe en skakel direk met die outobiografiese inhoud en styl van die boek. Die vertaler behou die konteks en milieu van die bronteks in die doelteks, omdat dit onlosmaaklik deel vorm van die deels outobiografiese genre. Geen aanpassings word gemaak nie en geen verduidelikings of verklarings word aan die doelteksleser verskaf nie. Hierdeur word gesuggerer dat die doelteksleser *Where the heart is – a writer in Provence* op dieselfde wyse as die Afrikaanssprekende bronteksleser moet benader – die vreemdheid van die Afrikaanse verteller in haar nuwe Franse ruimte, moet ook deur die doelteksleser ervaar word soos wat die Afrikaanse leser die Franse vreemdheid ervaar, maar vir die doelteksleser is dit nog vreemder. Die Engelssprekende doelteksleser word nie net met die Franse kultuur gekonfronteer nie, maar ook met die vreemdheid wat deur die teenwoordigheid van die Afrikaanse kultuur in die teks geskep word. Die kwessie van “lost in translation” is weer ter sprake, want die doelteksleser ervaar ook die skrywer se kulturele vreemdheid waaroor sy in die bronteks skryf.

Karakters is ’n kardinale element van die geskrewe literêre werk en word as die ‘handelendes’ van ’n verhaal beskou. Volgens Brink (1987:74) word karakterisering gedefinieer as die wyse waarop ’n karakter deur woorde opgebou word. In *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* is die meeste van die karakters feitelik en outobiografies deel van die rubriekbundel, aangesien hulle almal deel uitmaak van Van der Vyver se onmiddellike gesin en ruimte. Die eiename van Van der Vyver se gesin is feitelik en stem ooreen met die werklikheid (haar man, Alain, haar seun Daniel, haar stiefseun Thomas en dogter Mia). Van der Vyver noem wel dat sy party karakters in haar outobiografiese Provence-oeuvre (*Briewe uit Frankryk* en *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence*) humoristies en stereotopies aangepas het om met die egte Franse burgers te spot (Jordaan, 2005:217). Die karakters in die bronteks vorm nietemin

'n kardinale deel van die inhoud van die teks en is onlosmaaklik deel van die outobiografiese gebeure.

Die beskrywing van al die karakters, hetsy outobiografies of fiktief, bly onveranderd in die doeltteks. Hierdie karakters word nie weens kulturele redes gemanipuleer of vir die leser aangepas nie. Sodoende word daar lojaal aan die oorspronklike teks gebly. In die doeltteks bly die eiename van al die karakters ook dieselfde. Dit word gedoen omdat hierdie karakters nie fiktief is nie, maar werklik bestaan en werklik in Van der Vyver se lewe figureer en deel uitmaak van al die gebeure in die teks. Daar is wel twee fiktiewe karakters naamlik Madame Voisine en Jean-Pierre, wat hulle fiktiewe eiename in die doeltteks behou omdat hierdie eiename eg Frans en deel vorm van die karakter (*Voisine* beteken byvoorbeeld “buurvrou” en word so genoem omdat sy die karakter van Van der Vyver se indringerige buurvrou voorstel) is. Sodoende word die fiktiewe karakters deur hulle name gekarakteriseer en is die name nie net toevallig gekies nie. Die karakters word geensins aangepas of verander in die doeltteks nie, maar behou die oorspronklike karakterisering. Alhoewel die gebruik van eiename vollediger tydens die mikrostrukturele ontleding bespreek sal word, vorm eiename deel van die karakterisering wat ook onder makrotekstuele eienskappe kan ressorteer. Die Franse karakters bly dus ewe vreemd vir die brontekstleser as vir die doelttekstleser

3.4. Samevatting

Alhoewel daar baie min parateks gebruik is in *Where the heart is – a writer in Provence* en dit nie gebruik word om enige terme in die doeltteks aan die doelttekstleser te verklaar nie, is dit steeds belangrik om enige makrostrukturele aspekte wat wel in die teks voorkom, tog met dié van die bronteks te vergelyk.

Uit die vergelyking tussen die bron- en doeltteks word daar gesien dat die doeltteks nie baie van die bronteks afwyk wat die struktuur, inhoud, vertelwyse en styl van die bronteks betref nie. Die struktuur en indeling van die doeltteks bly onveranderd en dieselfde inhoud, vertelwyse en styl van die bronteks word in die doeltteks behou sodat die Engelssprekende leser dieselfde outobiografiese gevoel van die oorspronklike Afrikaanse teks kan ervaar. Daar is wel bevind dat die titels van hoofstukke in die

doelteks soms van die bronteks afwyk, maar dit lyk asof hierdie afwykings gedoen is om die Engels meer idiomaties te laat klink.

Omdat daar so min parateks voorkom, word daar afgelei dat die vertaler se betrokkenheid as medeskrywer nie so prominent sigbaar in die vertaalde teks is nie. Dit lyk asof slegs Van der Vyver aan die woord is, aangesien haar sterk, outobiografiese stem in die doelteks behou word. Die vertaler tree dus nie so sterk op as medeskrywer van *Where the heart is – a writer in Provence* nie. Dit word wel duidelik op die titelblad aangedui dat *Where the heart is – a writer in Provence* 'n vertaling is omdat die vertaler se naam daar verskyn.

Daar word afgelei dat die vertaalbenadering wat in *Where the heart is – a writer in Provence* gevolg word, dié van vervreemding is, aangesien die vertaler nie grootskaals aan die teks verander sodat dit kultureel toegankliker vir die doelteksleser is nie. Die teks word nie aangepas vir 'n doelteksleser nie en al die eg kulturele elemente word in die teks behou soos wat dit in die bronteks gebruik word. Myns insiens is die boek so benader word dat dit as 'n oorspronklike Engelse Van der Vyver-tekste uitgegee kan word, maar dat alle kulturele verwysings steeds behou word. Alhoewel daar geen groot afwykings in die doelteks nie, is daar wel elemente van domestisering in die doelteks deurdat 'n idiomatiese, Engelse verteltrant behou word (soos gesien in die vertaling van die hoofstuktitels). Die vertaler se teenwoordigheid in die doelteks is grotendeels een van onsigbaarheid en sy tree hoegenaamd nie prominent in die teks as medeskrywer na vore nie. Die vertaler bly lojaal aan die bronteks, die skrywer van die bronteks en die twee kulture wat in die bronteks figureer (Afrikaans en Frans), maar bly ook lojaal aan die Engelssprekende leser deur 'n idiomatiese Engels te behou wat maklik deur die Engelse leser verstaan sal word. Deur hierdie benadering word die idee en algehele tema van vreemdheid in die teks op 'n verstaanbare wyse aan die doelteksleser oorgedra. By die ontleding van die makrovlak in die teks blyk dit duidelik dat die vertaler lojaal wou bly aan die skrywer en bronteks deur steeds Van der Vyver se unieke styl en vertelstem in die die doelteks te laat klink.

Die besluite wat ten opsigte van vertaling op die makrostrukturele vlak geneem word, behoort 'n invloed te hê op die vertaalstrategieë wat op die mikrostrukturele vlak gevolg is. Vervolgens dan 'n bespreking van die mikrostruktuur van die doelteks.

Hoofstuk 4

Mikro-analise van die doelteks

4.1. Inleiding

Uit die makro-analise van *Where the heart is – a writer in Provence* kan daar afgelei word dat daar 'n hoofsaaklik vervreemdende benadering tot die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* gevolg is. Uit die vorige hoofstuk word dit duidelik dat die vertaler so ver moontlik getrou aan die bronteks bly en ook Van der Vyver se oorspronklike en outobiografiese stem as skrywer en verteller na die doelteks oordra.

Die problematiek by die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* ontstaan deurdat twee kulture sterk in hierdie teks figureer: eerstens het die leser te make met die outobiografiese en oorspronklike stem van Marita van der Vyver, 'n Afrikaanse skrywer wat na 'n nuwe tuisdorp, Provence, Frankryk emigreer en haar lewe daar voortsit. Sy deel verskeie staaltjies en eg Afrikaanse tradisies met die leser deurdat sy gereeld na Suid-Afrika as haar land van herkoms verlang, of op 'n humoristiese wyse die Afrikaanse en Franse kultuur met mekaar vergelyk.

Tweedens deel sy verskeie staaltjies oor haar huidige lewe in Provence, Frankryk – die leser kry veral te doen met verskeie Franse en Afrikaanse gebruike wat betref onthaal en voedsel, sosiale aangeleenthede en tradisionele feesviering. Van der Vyver verwys ook baie na stereotipe Franse karakters met wie sy in haar nuwe omgewing kennis maak.

Dit is veral die gebruik van kultuurspesifieke Afrikaanse en Franse terme wat prominent in die bronteks aan bod kom en dit is juis hierdie elemente wat vertaalprobleme oplewer en die vertaler laat vra: Moet die oorspronklike terme in die doelteks behou word, of kultureel aangepas word sodat alle Engelssprekende lesers, nasionaal en internasionaal, dit ook kan verstaan?

Indien die talle Afrikaanse terme in die bronteks in ag geneem word, sal daar afgelei kan word dat 'n Engelssprekende leser, veral 'n internasionale Engelssprekende leser,

nie noodwendig altyd met al hierdie kultuurspesifieke terme (veral die Afrikaanse kulturele verwysings) bekend sal wees nie. Daar is reeds in hoofstuk 3 tydens die makro-ontleding vasgestel dat daar nie regtig van parateks soos voetnote en woordelyste gebruik gemaak word om terme wat moontlik onverstaanbaar vir die leser kan wees, te verduidelik nie. Waar die leser moontlik nie met 'n Franse term of spesifieke Afrikaanse term bekend sal wees nie, word hierdie term in die bronteks self deur Van der Vyver aan die leser verduidelik. Hierdie verduideliking vorm deel van Van der Vyver se vertelling, juis omdat sy die leser wil inlig en bewus maak van die verskille tussen die (Suid-) Afrikaanse en Franse kultuur.

Uit die bogenoemde benadering wat tydens die ontleding op 'n makrostrukturele vlak vasgestel is, kan daar reeds afgelei word dat die doelteks moontlik meer vir 'n plaaslike Engelssprekende leser vertaal is wat bekend is met die Suid-Afrikaanse konteks.

In hierdie hoofstuk word daar spesifiek op die mikrostrukturele vlak gefokus deur die doelteks te ontleed en dan met die bronteks te vergelyk. In die volgende afdeling word daar gefokus op die wyse waarop die ontleding sal geskied deur verskeie vertaalprobleme aan die hand van 'n model te kategoriseer. In hoofstuk 3 is die makrostrukturele vlak van die doelteks aan die hand van 'n vooropgestelde model ontleed. Daar is vasgestel dat die doelteks op so 'n wyse vertaal is dat die Engels idiomaties verstaanbaar vir die doelteksleser is en dat die vertaler redelik onsigbaar in die teks is. Daar is ook vasgestel dat daar nie van parateks soos vertaalnotas, voetnote of woordelyste gebruik gemaak is nie en dat die doelteks nie juis as vertaling vir die doelteksleser voorgehou word nie, maar eerder as 'n onafhanklike teks op sigself. Die oorkoepelende vertaalbenadering wat tydens hoofstuk 3 vasgestel is, is hoofsaaklik vervreemdend, omdat daar aspekte is wat nie kultureel aangepas word vir die doelteksleser nie. In hierdie hoofstuk word daar vasgestel of die oorkoepelende vertaalbenadering soos in hoofstuk 3 bepaal, ook op die mikrostrukturele vlak van die doelteks gevolg word.

4.2. Model vir mikro-analise

Aangesien die Franse en Afrikaanse kultuur prominent in *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* figureer, is daar heelwat kulturele terme en verwysings, geskiedkundige en geografiese verwysings, sowel as idiomatiese taalgebruik in die bronteks wat tydens die vertaalproses problematies kan wees en wat nie noodwendig deur die Engelssprekende doelteksleser verstaan sal word nie. Die ontleding van ’n teks op mikrovlak vereis dat daar op verskeie “fyner” aspekte van die teks gefokus sal word. Die model wat in hierdie hoofstuk gebruik word, is hoofsaaklik gebaseer op Nord (1997a:59-54) se model vir die ontleding van doeltekste wat ook deur teoretici soos Schäffner en Wiesemann (2001:24-48) toegepas is om vertaalprobleme in literêre tekste te kategoriseer. Newmark se teorie word ook gebruik vir die indeling van kultuurspesifieke verwysings in die teks.

4.2.1 Vertaalprobleme

Vertaalprobleme kan beskryf word as die uitdagings waarmee die vertaler tydens die vertaalproses te doen kry. Schäffner en Wiesemann (2001:24) beskou vertaalprobleme as objektiewe probleme wat reeds in die bronteks geïdentifiseer kan word voordat die werklike vertaalproses begin. Nord (1997) kategoriseer hierdie vertaalprobleme as volg: pragmatiese vertaalprobleme, interkulturele vertaalprobleme, interlinguistiese vertaalprobleme en teksspesifieke vertaalprobleme. Hierdie vertaalprobleme figureer nie noodwendig ewe veel in een teks nie en die navorser moet deur gedetailleerde leeswerk bepaal watter aspekte en terme in die teks problematies kan wees, al dan nie. Eers word ’n definisie van vertaalprobleme gegee en daarna word elke soort vertaalprobleem afsonderlik verduidelik.

Volledigheidshalwe word ’n verduideliking van elke kategorie verskaf:

- **Pragmatiese vertaalprobleme:**

Hierdie vertaalprobleme ontstaan weens die feit dat daar twee partye naamlik die bronkultuur en doelkultuur in die vertaalproses teenwoordig is. Hierdie twee partye moet albei deur die vertaler in ag geneem word. Pragmatiese probleme

spruit uit die gaping wat tussen die bronteks en doelteks ontstaan wanneer 'n sekere kulturele element in die bronkultuur bestaan, maar nie in die doelkultuur nie. Die vertaler moet probeer om hierdie gaping tussen die bron- en doelkultuur te oorbrug deur 'n alternatief vir dié kulturele element te vind, of dit wat ontbreek, op so 'n manier in die doelteks te verduidelik dat die doelteksleser sal verstaan wat oorspronklik in die bronteks bedoel is. Die verskille tussen die bronkultuur en die doelkultuur sorg dus vir pragmatiese vertaalprobleme.

- **Interkulturele vertaalprobleme:**

Elke kultuur beskik oor eie gewoontes, norme en konvensies wat verbale en nieverbale gedrag betref. Interkulturele probleme ontstaan wanneer 'n konsep in sowel die bron- as doelkultuur bestaan, maar in albei verskillend ingeklee word. Die Suid-Afrikaanse kultuur en die Franse kultuur beskik byvoorbeeld altwee oor maateenhede of geldeenhede, maar dit word nie op dieselfde wyse in Suid-Afrika en in Frankryk gebruik nie. Sowel die Suid-Afrikaanse as Franse kultuur beskik byvoorbeeld oor maniere waarop mense aangespreek word, maar die aanspreekvorme word nie dieselfde gebruik in die twee kulture nie. Interkulturele probleme ontstaan dus weens die verskillende konvensies tussen die twee betrokke kulture: Hierdie konvensies waarna Nord verwys, sluit in: maateenhede, formaliteit in die gebruik van taal, tekstipologiese konvensies, maniere waarop persone aangespreek word, en dies meer.

- **Interlinguistiese vertaalprobleme:**

Vertaalprobleme van hierdie aard ontstaan weens die strukturele verskille in die bron- en doeltaal in onder andere die woordeskat en sintaksis tussen die bron- en doeltaal. Volgens Nord (1997a:60) word hierdie vertaalprobleme oorbrug deur 'n goeie begrip van die grammatikale stelsels van die betrokke bron- en doeltaal.

- **Teksspesifieke vertaalprobleme:**

Dit is probleme eie aan die spesifieke teks wat vertaal is. Teksspesifieke vertaalprobleme verwys na daardie vertaalprobleme wat ontstaan weens die teenwoordigheid van metafore, vergelykings, woordspelings, retoriese uitsprake,

ensomeer. Hierdie voorbeelde lewer gewoonlik vertaalprobleme op, aangesien 'n idiomatiese ekwivalent nie altyd in die doeltaal beskikbaar is nie en die doeltteks die oorspronklike nuanse en styl van die bronteks kan verloor indien elemente soos woordspelings, metafore en idiome nie in die doeltteks behou word nie.

Nord identifiseer dus vier kategorieë wat voorsiening maak vir vertaalprobleme wat op 'n kulturele vlak, sowel as 'n linguistiese vlak en binne 'n spesifieke teks kan ontstaan. Daar sal deskriptief gekyk word na die onderskeie vertaalprobleme wat op die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* van toepassing is. Aspekte wat moontlik vertaalprobleme kon oplewer, is meestal op 'n kulturele vlak aangetref – vreemde terme in Afrikaans en Frans. Teksspesifieke probleme soos die gebruik van Afrikaanse en Franse idiome, uitdrukkings en woordspelings, is bykomende aspekte wat vir vertaaluitdagings kon sorg.

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser slegs drie van die vier bogenoemde kategorieë gebruik, naamlik pragmatiese vertaalprobleme, teksspesifieke vertaalprobleme, sowel as interkulturele vertaalprobleme. Dit is nie altyd moontlik om duidelik tussen die vier bogenoemde kategorieë te onderskei nie en aspekte wat onder pragmaties geklassifiseer is, sou net sowel onder interkultureel bespreek word en omgekeerd. Aangesien die studie grootliks op die gebruik van verskeie kulturele terme fokus, word die model daarvolgens aangepas en die doeltteks sal hoofsaaklik aan die hand van die kulturele elemente ontleed word.


'n Skematiese voorstelling van die model word in die volgende onderafdeling verskaf en voorts sal die doeltteks na aanleiding van die model bespreek word. Voorbeelde van elke bespreking sal uit die bron- en doeltteks gegee word

4.2.2. Skematiese voorstelling van Nord se model

Die skematiese model wat hier onder uitgebeeld word, is gebaseer op die drie kategorieë vertaalprobleme soos hier bo bespreek en wat in hierdie studie toegepas word. Onder elke kategorie verskyn daar nog 'n aantal subkategorieë gebaseer op terme wat tydens

die lees van die doelteks geïdentifiseer is en moontlike vertaalkwessies kon oplewer. Hierdie skematiese voorstelling in Figuur 2 dien as opsomming van hoe die doelteks ontleed gaan word en waarna daar gekyk sal word. Enkele voorbeelde van elke kategorie word hier bespreek, maar nog voorbeelde word volledigheidshalwe in die Appendix opgeneem (Sien bylae B).

Figuur 2:



4.2.2.1. Pragmatiese vertaalprobleme

Nord (1997a:59) is van mening dat 'n bronteks in 'n doelteks vertaal word vir 'n spesifieke doel of funksie wat deur die voorafgaande spesifikasie van 'n vertaling uitgewys word (*vir* wie die teks vertaal word en *waarom* – sien die funksionalistiese benadering en lojaliteit in afdeling 2.3.1. Volgens Nord (1997a:59) kan enige bronteks in enige doeltaal vertaal word vir verskeie doelwitte of behoeftes. Tydens die vertaalproses het die vertaler dus te make met die bronteksleser, sowel as die doelteksleser en dit word as twee afsonderlike kommunikatiewe situasies in die vertaalproses gekategoriseer. Die kontras tussen die kulture van die bron- en doelteksleser, of die twee kommunikatiewe situasies, kan vertaalprobleme op 'n sosiokulturele, of pragmatiese vlak voortbring. Pragmatiese vertaalstrategieë word toegepas ten einde altwee kommunikatiewe situasies (die Afrikaanse bronteksleser en die Engelse doelteksleser) te akkommodeer en volgens Chesterman (1997:107) word hierdie strategieë gedefinieer as:

[Strategies which] primarily have to do with the selection of information in the TT [target text], a selection that is governed by the translator's knowledge of the prospective readership of the translation [...] These strategies are often the result of a translator's global decisions concerning the appropriate way to translate the text as a whole.

Bogenoemde aanhaling dui aan dat die oorkoepelende strategie wat tydens die ontleding van die makrostrukturele vlak vasgestel is, die vertaler se besluite op die mikrovlak gaan bepaal. Die besluite wat op mikrovlak geneem is, spruit uit die oorkoepelende vertaalstrategie op makrostrukturele vlak.

Tydens die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* moet die vertaler alle kulturele terme en verwysings wat moontlik vir die Engelssprekende lesersproblematies kan wees, bepaal en besluit watter vertaalstrategie (domestikering of vervreemding) gebruik gaan word. Soos reeds tydens die makro-ontleding bevestig, is daar hoofsaaklik van 'n vervreemdende strategie gebruik gemaak. Daar sal voorts op afsonderlike kategorieë gefokus word om te bepaal of 'n vervreemdende strategie oorwegend ook op 'n mikrostrukturele vlak aangewend is.

Die verskillende onderafdelings wat nou gaan volg, is onder pragmatiese vertaalprobleme gelys omdat hierdie terme kultuurgebonde is en veral vertaalprobleme kan oplewer. Hierdie afsonderlike kategorieë word ingedeel in ekologiese terme, kosterme, eiename, plekname, feeste en tradisies, nasionale simbole, sosiale instansies, verwysings na boeke, films en musiek, geskiedenis en sport en ontspanning⁸.

4.2.2.1.1. Ekologiese terme

Aangesien Van der Vyver na Provence, Frankryk emigreer wat in die Noordelike halfrond geleë is, verskil haar nuwe leefruimte ekologies van haar Suid-Afrikaanse leefruimte. Om hierdie rede skryf Van der Vyver veral in hoofstuk 15 (“As die najaar kom” / “Falling for fall”) en hoofstuk 19 (“Weer en weer” / “Under the weather”), oor die Franse weerstoestande wat vir haar as Suid-Afrikaner soms ’n aanpassing is. Hier verskyn daar dus terme en spesifieke verwysings in die bronteks wat ekologies van aard is.

Van der Vyver beskryf in hoofstuk 15 hoe die Franse weer (*météo*) van die Suid-Afrikaanse weer verskil. Sy vergelyk onder andere die kenmerkende “nat Kaapse weer” (“wet Cape winters”) (BT⁹:166) (DT¹⁰:156) en die “Stellenbosse somers” (“Stellenbosch summers”) (BT:124) (DT:113) met die wispelturige wind, weerlig, sneeu en wisseling van die temperatuur tydens die winters in Frankryk. Sy vergelyk ook die tipiese klimaat in die Suide van Frankryk met die Suid-Afrikaanse klimaat. Hierdie tema word ook in die doelteks behou en nie aangepas of weggelaat nie (DT:113):

The south of France is not ‘pretty’ in winter. Not at any rate in the usual sense of the word ‘pretty’. Unlike in the North of Europe, we have no soft green landscapes to enchant the winter tourist, no velvety hills and lush pine forests, not even a pristine white fairyland of snow. Yes, we are spoilt with a thin layer of snow every winter – even a thick layer in the mountainous areas – but the winter scenery is generally bare and dull. Bare branches scratching against bare stone walls, bare orchards, bare

⁸ Alhoewel daar heelwat terme en verwysings onder elke kategorie voorkom, word daar vanweë die omvang van hierdie studie na enkele voorbeelde verwys. Nog terme word volledigheidshalwe in bylae B gelys.

⁹ BT = Bronteks

¹⁰ DT = Doelteks

vineyards ... Just as the Karoo and the Kalahari have a unique power of attraction that you can experience but not explain, the bare landscape of this region has the power to enchant in unexpected ways.

Die verwysing na plante en insekte in Provence is wel nie onbekend aan die Afrikaanse leser nie. So word “rankrose” (BT:123) met “rambling roses” (DT:112) en “sonbesies” met “cicadas” vertaal. Hierdie ekologiese verwysings na die spesifieke blomsoort en insek is universeel en die Afrikaanse en Engelse leser sal bekend wees met hierdie terme.

In hoofstuk 4 (“Papier rym met paniek” / “Paper equals panic”) (BT:39) (DT:31) verwys Van der Vyver ook na die kenmerkende Provençaalse *mistral*, ’n sterk, koue, droë wind wat vanuit die Noorde van Frankryk, deur die Rhône-vallei na die Mediterreense kus waai. Hierdie spesifieke verwysing na wind is nie ’n term waarmee Suid-Afrikaners bekend is nie en sodoende word die *mistral* in die teks verduidelik en met weersomstandighede in Suid-Afrika vergelyk. Die sogenaamde suidoostewind wat veral tydens somers in Kaapstad voorkom, sal byvoorbeeld nie aan internasionale Engelse doeltekstlesers bekend wees nie (BT:39):

Die Kaapse suidoos is ’n aangename briesie in vergelyking met die Provençaalse mistral ... Die Provençaalse mistral is sterker as die suidoos, kouer as die suidoos, en veral, o wee, meer knaend as die suidoos. Die mistral waai tot dertig dae aanmekaar. Die eerste lente wat ek hier deurgebring het, was daar in die hele April drie windlose dae.

Die Engels is as volg (DT:31):

The Provençal mistral is stronger than the southeaster, colder than the southeaster and, above all, more persistent than the southeaster. The mistral blows for up to thirty days at a time. During my first spring here, there were exactly three windless days in the whole of April.

Van der Vyver verwys ook in die bronteks na die feit dat dit tydens die wintermaande moontlik in Frankryk sneeu. Die wintermaande sluit ook Desember in, aangesien Frankryk in die Noordelike Halfrond geleë is (BT:98):

Ek het nog nooit in Provence die spreekwoordelike Wit Kersees beleef nie. Wel al 'n Wit Tweede Kersdag, 'n Wit Nuwejaar, 'n Wit Week in November, en verskeie Wit Dae in Februarie

Hierdie verwysing na die weertoestande in Provence, Frankryk, word op dieselfde wyse in die doeltteks vertaal en omskryf sonder om enige aanpassings te maak (DT:87):

I've never experienced the proverbial White Christmas in Provence. A White Boxing Day, yes, as well as a White New Year, a White week in November and several White days in February.

In die bronteks word daar ook na die kweek van truffels (BT:151) verwys. 'n Truffel is 'n seldsame swamsort, *tuber mélanosporum*, wat as 'n fynproewergereg in Frankryk beskou word. Van der Vyver verskaf 'n volledige verduideliking van truffels, aangesien dit nie noodwendig 'n kossoort is waarmee die gemiddelde Suid-Afrikaanse leser bekend sal wees nie. Die verwysing na hierdie plantsoort kom ook in die doeltteks (DT:139) voor en Van der Vyver verduidelik ook wat hierdie plantsoort is:

There is another local product for which our region is world-famous, but unfortunately not one with which I seduce my friends because it's anything but abundant and certainly not cheap. It's a black bulb with an overpowering aroma and a unique taste ... The sought after *Tuber melansporum*, to be botanically precise.

Daar word in die bronteks ook na 'n *muguet* (BT:94) (DT:83) verwys – 'n wit lelieblommetjie, ook bekend as 'n meiklokkie of die Engelse "lily of the valley" wat op die eerste Mei (wat in Suid-Afrika as Werkersdag en in Frankryk as Meidag bekend staan) aan mekaar gegee word om die koms van die lente in Frankryk te vier. Hierdie blommetjie kom slegs in die koeler klimaat van die Noordelike halfrond voor en alhoewel Suid-Afrikaners moontlik weet hoe die spesifieke blommetjie lyk, kom dit nie fisies in Suid-Afrika voor nie. Die verduideliking van 'n *muguet* kom in die bronteks, sowel as die doeltteks voor en die Franse term *muguet* word in albei tekste gebruik.

4.2.2.1.2. Kosterme

Aangesien Frankryk bekend is vir ’n ryk kostradisie en belangstelling in kookkuns en onthaal onder die inwoners, is dit vanselfsprekend dat Van der Vyver hierdie element in *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* sal insluit. Die gebruik van kos vorm intrinsiek deel van die Franse kultuur, omdat Frankryk aan sekere kossoorte gekenmerk word (dit sal by die gebruik van algemene Franse kosterme geïllustreer word). Sy illustreer nie net die verskeie kosgebruike in Frankryk nie, maar vergelyk die Franse tradisies en terme met Afrikaanse kostradisies en -terme. Newmark (1998:97) merk op dat kos ’n baie belangrike aspek is waaraan ’n nasionale kultuur gekenmerk word. Kosvoorbereiding en etenstyd is ’n belangrike tydverdryf vir die inwoners in die suide van Frankryk en veral in Van der Vyver se huishouding. Sy en haar man, Alain, kook gereeld as gesin saam of onthaal familie en vriende.

Kos as tema figureer veral prominent in hoofstuk 3 van die teks (“Die dinge wat ons mis” / “Things you miss”), hoofstuk 11 (“Die troos van tradisies” / “Tarts and traditions”), hoofstuk 17 (“Die koninkryk van kos”/ “The kingdom of food”) en hoofstuk 24 (“Die hart van ons huis” / “Where the heart is”).

Soos genoem, is daar heelwat Franse terme en uitdrukkings wat sonder probleme in Afrikaans en plaaslike, sowel as internasionale Engels gebruik word en reeds deel van die leksikon is. Aangesien Suid-Afrikaanse kookkuns heelwat deur die Franse kookkuns beïnvloed is, is dit veral kosterme wat aan die Afrikaanse en Engelse leser bekend sal wees wat nie verklaar word nie. Die afdeling oor Franse kosterme kan dus ingedeel word in terme wat aan die doelteksleser bekend is en dié wat in die teks verklaar word.

Daar word ook in hierdie studie op die gebruik van Afrikaanse kosterme in die bronteks gefokus en daar sal voorts vasgestel word of hierdie Afrikaanse kosterme vir die Engelssprekende doelteksleser verklaar word, al dan nie. Indien die Afrikaanse kosterme nie aan die doelteksleser verklaar word of in die doelteks aangepas of weggelaat word nie, is dit duidelik dat ’n hoofsaaklik vervreemdende vertaalstrategie ook op ’n mikrostrukturele vlak aangewend is, aangesien die vreemdheid van die Franse sowel as Afrikaanse kultuur deur die Engelse leser in die doelteks beleef sal word.

4.2.2.1.2.1. Franse kosterme

Hierdie afdeling word in onverklaarde en verklaarde Franse kosterme verdeel.

4.2.2.1.2.1.1. Onverklaarde Franse kosterme

Die volgende kosterme is algemene leenwoorde uit Frans en is reeds 'n geruime tyd deel van die Suid-Afrikaner (sowel Engels as Afrikaans) se verwysingsraamwerk en leksikon. Hierdie kosterme is items waarmee lesers in Suid-Afrika wel bekend is, aangesien hierdie kosterme net so in Suid-Afrika gebruik word: *soufflé* (BT:41) (DT:32), *baguette* en *croissant* (BT:31) (DT:24) en *mayonnaise*, asook die kaasname *brie* en *camembert* (BT:147) (DT:135). Hierdie terme verskyn in bron- en doeltteks sonder dat dit in die teks verklaar word. Die vertaler aanvaar dus dat die doeltteksleser met hierdie terme bekend is. Die Franse soort wyn, *Châteauneuf du Pape*, word ook net so in beide bron- en doeltteks gebruik sonder dat 'n volledige verduideliking daarvoor verskaf word (BT:20):

Heel gepas, in hierdie streek rondom die Rhônerivier waar wynbou 'n soort religie geword het. En glo my, 'n goeie bottel *Châteauneuf du Pape* kán 'n mistieke ervaring wees.

En in die doeltteks is dit soortgelyk vertaal(DT:13)::

This is quite appropriate in this region around the Rhône River where wine has become a kind of religion. And believe me, a good bottle of *Châteauneuf du Pape* can indeed be a mystical experience.

Aangesien die boek in 'n kontemporêre tydperk vir die kontemporêre leser geskryf is, sal hierdie bekende Franse kosterme nie vertaalprobleme oplewer nie en word hulle in die bronteks en doeltteks onverklaard aan die Frans ontleen.

4.2.2.1.2.1.2. Verklaarde Franse kosterme

Alhoewel die Franse koskultuur deel vorm van sommige Suid-Afrikaners se verwysingsraamwerk, is dit nie noodwendig so dat die Afrikaanse en Engelse leser met al die kosterme wat Van der Vyver in *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* noem, bekend is nie. Van der Vyver skryf juis hierdie teks om die brontekstleser meer oor haar nuwe land, wat sy self as vreemd ervaar, te vertel. Die volgende voorbeelde wat uitgelig word, is Franse kosterme wat minder bekend is as die kosterme in die vorige onderafdeling en dus in die bronteks verklaar word. Alhoewel daar nie parateks in die vorm van voetnote of ’n woordelys verskyn waarin die volgende terme verklaar word nie, verklaar Van der Vyver die terme in die teks. Hierdie terme en hulle verklarings word onverander in die doelteks oorgedra, maar word tog ook in die teks, as deel van die teks verklaar – Van der Vyver verduidelik in haar vertelling wat dit is:

pastis (BT:9) – ’n likeur met ’n anysgeur.

Farine complète (BT:32) – ’n simpel, beige weergawe van gewone wit meel..

morue (BT:211) – ’n soort gesoute Engelse kabeljou wat ongesout moet word vir die maak van aioli

Die bostaande terme en die verklarings daarvoor verskyn ook in die doelteks:

pastis (DT:3) – a cloudy aniseed drink that tastes ... like liquorice.

Farine complète (DT:25) – an insipid beige version of ordinary white flour

morue salée (DT:199) – salted cod (desalted salted fish used for aioli).

Dit is slegs by die voorbeeld van *morue* (BT:211) (DT:199) waar ’n afwyking voorkom. In die Afrikaans word daar slegs na *morue* verwys, terwyl die term *morue salée* in die doelteks verskyn.

In hoofstuk 11 (“Troos en tradisies”/ “Tarts and traditions”) word daar verwys na die terte wat met ’n gelukbringer in die middel gebak word tydens die Franse *Chandeleur* (Fees van Ligte). (BT:89) (DT:79). Hier bespreek Van der Vyver die kostradisies breedvoerig wat met belangrike Franse geleenthede gepaardgaan. Hierdie gedeelte word

net so in Engels vertaal en word nie aangepas vir die doelteksleser nie of uit die doelteks weggelaat nie.

Verdere vreemde kosterme wat in hoofstuk 17 (“Die koninkryk van kos”/ “The kingdom of food”) van die bronteks voorkom, is: *oeuvres d’art* (BT:99) (DT:82), ’n kunstig versierde sjokolade-eier wat tydens paasfees te koop is, *coquilles St. Jaques* (BT:99) (DT:88), skulpvis in ’n bottersous voorberei en *amuse-bouche* (BT:144) (DT:132), ’n klein porsie sop wat in ’n kelkie tussen gange by ’n maaltyd voorgesit word, of ’n klein gereg wat as aptytwekker voorgesit word. Al hierdie terme word breedvoerig in die teks aan die leser verduidelik. Die Franse term en die verduideliking daarvan, kom ook in die doelteks voor. Aangesien die verklaring van hierdie terme deel vorm van die narratief, is dit dus nie nodig om van voetnote as parateks gebruik te maak nie. Franse kaasname wat in die bronteks en doelteks voorkom waarmee die Afrikaanse en Engelse leser nie noodwendig mee bekend sal wees nie, is: *Comté, St. Marcellin, Fourme d’Ambert, Lou Perac, Vieux Lille, Bleu de Brest, Coulomiers* en *Munster* (BT:147) (DT:135). Alhoewel die leser daarvan bewus is dat hierdie terme na verskeie Franse kaassoorte verwys, word die onderskeie tipes kaas nie in die bron- of doelteks verklaar nie.

Ander name van disse wat ook in die teks voorkom, is *ratatouille* (’n tradisionele Provençaalse groentegereg wat as ’n bykos voorgesit word), *tian* (’n gereg van geroosterde groente bedek met kaas) en *farcis provencaux* (’n groentegereg van tamaties, eivrug en murgpampoentjies) (BT:149) (DT:137). Hierdie terme word ook nie in die bron- of doelteks verklaar nie en indien die leser nie bekend is met hierdie kosterme nie, moet dit eers nagevors word. Alhoewel die term *ratatouille* deur party Suid-Afrikaanse lesers verstaan sal word, is dit nie ’n voldonge feit dat elke leser met hierdie term bekend sal wees nie. *Gratin* (BT:151) (DT:138) verwys na ’n gebakte aartappelgereg waar die aartappel in skywe gesny word met kaas bo-oor gestrooi. Soms word hierdie term ook in Suid-Afrika gebruik. Dan word die term *frites* (aartappelskyfies) ook in die teks gebruik. Die term *frites* word wel in die teks behou en nie verklaar nie, maar die leser kan aflei wat dit is deur die gepaardgaande verduideliking (BT:151) (DT:137):

Daar is eintlik net één voedselsoort waarvan ons hele gesin hou, en dis die nederige aartappel ... in reepe gesny as *frites*.

Indien ’n meer domestikerende vertaalstrategie gevolg is, sou die skrywer bloot na *frites* as “potato chips”, “potato wedges” of “french fries” kon verwys.

Daar word ook in die teks na die gebruik van artisjokke verwys. Die gebruik van hierdie term blyk nie problematies te wees nie, omdat die Engelse vertaling “artichokes” (DT:138) in die doelteks gebruik word. Alhoewel hierdie groentesoort iets is waarmee Suid-Afrikaners miskien bekend sal wees, is hierdie groentesoort nie altyd vars in Suid-Afrika beskikbaar nie en is dit ook nie iets wat baie algemeen voorgesit word nie (BT:151):

Ons is formidabele artisjok-eters. Arti-wat? Soos my broer gevra het toe hy hier kom kuier. En toe swig hy binne enkele maaltye voor ons artisjokke ... [t]erug in Suid-Afrika het hy ’n ruk lank aan ernstige ontrekkingsimptome gely. Soos my vriendin Terry, wat ná haar kuier by ons met verontwaardiging laat weet het dat sy net geblikte artisjokke op Stellenbosch kry! Wel, dit wás winter op Stellenbosch. Maar selfs in die somer kan dié groente nie juis by die naaste hoekkafee gekoop word nie.

In die bronteks verwys Van der Vyver ook na die Franse *aïoli*) – ’n soort mayonnaise gemaak van vars knoffel, wat saam met verskeie groentesoorte voorgesit word. Die groente en bygeregte wat voorgesit word saam met die mayonnaise, verskil van land tot land in Europa – in Provence word hierdie dis voorgesit met gekookte of rou groente soos groenbone, murgpampoentjies, tamaties en wortels, sowel as gekookte eier. Hierdie gereg is nie algemeen bekend aan Suid-Afrikaners nie en dit word breedvoerig vir die leser in die teks verduidelik. Hierdie verduideliking kom ook in die doelteks voor en word presies soos die bronteks, sonder enige aanpassings, vertaal:

(BT: 211): *Aïoli* is een van daardie veelsydige geregte wat jy kan improviseer soos jy aangaan. Al wat werklik onontbeerlik is, is die knoffel-*mayonnaise*...

(DT: 199): *Aïoli* is one of those versatile dishes that you can make up as you go along. In Provence the only really indispensable ingredients are the garlic mayonnaise...

Die Franse worstipe, *merquez*, (DT:171) (BT:183) kom ook in die teks voor. Die benadering van hierdie kosterm verskil in die bron- en doelteks. Die term *merquez* word

in die bron- sowel as die doelteks verduidelik deurdat die generiese “worsies” en “sausages” bygevoeg word . Die vertaling wyk effens af: in die bronteks verwys Van der Vyver na haar neef wat dié speseryworsies as “maergatworsies” beskryf omdat dit aansienlik van die Suid-Afrikaanse boerewors verskil (BT:183):

[D]ie rooierige *merguez*-worsies – wat my neef maergatworsies gedoop het, omdat hulle so skraal soos die winterwindjie is.

Dieselfde beskrywing kom nie in die doelteks voor nie(DT:171):

It's true that the reddish merquez sausages have quite a bite.

Daar word wel opgemerk dat die Afrikaanse sin (veral met die gebruik van ‘maergatworsies’) baie meer humoristies en aards is as die Engels, wat die skerp smaak van die Franse worsies baie afgewater, neutraal en sonder humor verduidelik. Die humor in die Afrikaans gaan dus verlore. Vanuit die bostaande ontleding ten opsigte van Franse kosterme, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat alle vreemde Franse kosterme in die doelteks ook in Frans behou word. Daar word opgemerk dat Franse terme waarmee Suid-Afrikaanse lesers reeds bekend sal wees, nie verduidelik word nie, maar minder bekende Franse terme wel as deel van die vertelling in die teks verduidelik word. Die verklarings verskyn nie in die vorm van voetnote of woordelyste nie (soos reeds in hoofstuk 3 vasgestel), maar vorm waar nodig, deel van Van der Vyver se vertelling. Die doelteks word soortgelyk aan die bronteks behou sonder om aanpassings te maak of enige Franse verwysing na kos weg te laat of te neutraliseer, aangesien die vreemdheid wat die Franse terme skep, ook tot die doelteks bydra. Die feit dat hierdie Franse kosterme net so in die bron- en doelteks gebruik word, dra by tot die outentiekheid en oorspronklikheid van die bronteks, aangesien die Franse kultuurspesifieke terme bydra tot die gevoel wat Van der Vyver in die bronteks wil skep.

4.2.2.1.2.2. Suid-Afrikaanse kosterme

Aangesien Van der Vyver heelwat oor haar Afrikaanse herkoms skryf, is dit vanselfsprekend dat sy ook Suid-Afrikaanse kosgebruike in *Die hart van ons huis – ’n*

skrywer in Provence sal insluit. Alhoewel sy groot belangstelling toon in die Franse kookkuns en telkens met Franse geregte en onthaaltradisies eksperimenteer, skryf sy heelwat oor Afrikaanse geregte en kossoorte wat nie in Frankryk beskikbaar is nie en wat sy mis. Soos reeds afgelei, word daar bevind dat die Franse kosterme deurlopend in Frans behou word. Hierdie “vreemdheid” dra tematies by tot Van der Vyver se Afrikaanse perspektief op die Franse kultuur, aangesien Van der Vyver oor haar vreemdheid as Afrikaner in Frankryk skryf.

Die Afrikaanse brontekstleser sal meer bekend wees met die Afrikaanse kosterme wat in die brontekst voorkom en hierdie terme sal nie verduidelik hoef te word nie. Daarteenoor sal die Engelse doeltekstleser moontlik nie heeltemal bekend wees met al die eg Afrikaanse kosterme nie. Voorts sal die gebruik van Afrikaanse kosterme in die doelteks ontleed word om vas te stel of ’n domestikerende of vervreemdende vertaalstrategie aangewend word.

4.2.2.1.2.2.1. Onverklaarde Suid-Afrikaanse kosterme

Die volgende voorbeelde uit die teks, is kosterme wat so na moontlik aan die oorspronklike Afrikaanse term behou is, moontlik vreemd vir ’n Engelssprekende leser sal wees, en nie verklaar word nie.

Reeds in hoofstuk 3 van die brontekst (“Die dinge wat mens mis”) verskyn daar ’n aantal verwysings na Afrikaanse kos: biltong, mieliepap, rooibos (BT:28). In die doelteks (“The things you miss”), word die terme *biltong* en *rooibos* nie vertaal nie (DT:38). Die Engelse vertaling van mieliepap, *mealie meal* (DT:20) word gebruik. Alhoewel ’n Engelse ekwivalent vir mieliepap in die doelteks gebruik word, sal ’n internasionale Engelse leser nie weet watter gereg ter sprake is nie en sou die vertaler eerder ’n meer neutrale term *corn starch* of *porridge* kon gebruik. Die woord *koeksisters* bly *koeksisters* (DT:23) in die doelteks. Blatjang word met *chutney* (DT:21) vertaal. Alhoewel blatjang ’n ou welbekende toevoeging tot die Suid-Afrikaanse koskultuur is, is dit van Maleise oorsprong en *chutney* is die bestaande Engelse term. Die Afrikaanse *koekstruif* word ook in Engels as *trifle* vertaal (BT:23) en *karringmelk* met *buttermilk*

(BT:25). Hierdie terme is heeltemal onproblematisies en kon met erkende en gestandaardiseerde terme in die doeltteks vertaal word.

Kaasname waarmee die Suid-Afrikaanse lesersmark (Afrikaanse brontekstleser en Engelse doeltekstleser) bekend sal wees, sluit in *Gouda* en *Cheddar* (BT:147) (DT:136). Hierdie tipes kaas word bloot in die bron- en doelteks behou en word nie verklaar nie, aangesien dit nie problematisies vir 'n Suid-Afrikaanse Engelse doeltekstleser sal wees nie. Die handelsmerk vir Suid-Afrikaanse wyn, *Meerlust Rubicon* (BT:156) (DT:138), word ook in die bronteks gebruik en in die doelteks behou, waar die vertaler dié handelsmerk vir die internasionale leser kon neutraliseer en dus domestikeer deur te verwys na “a South African brand of red wine”.

Die term *tuisbedryf* (BT:31) kom ook in die teks voor en word as *home industry* (DT:24). Hierdie term is eie aan Suid-Afrika en verwys na 'n tipe winkel wat tuisgebak soos koek, tert en pasteie en handgemaakte ware soos naaldwerkitens en kunsvlyt verkoop. 'n Internasionale leser sal moontlik nie met hierdie soort winkel bekend wees nie en daarom is dit 'n term wat moontlik vervreemdend kan wees.

Die woord *braai* (BT:85) word ook as *braai* (DT:95) in die doelteks behou. Aangesien daar nie 'n meer internasionale Engelse ekwivalent soos *barbeque* of 'n neutrale verklaring soos “meat cooked over a fire” gebruik is nie, word daar aanvaar dat die plaaslike doeltekstleser bekend sal wees met die Afrikaanse woord. 'n Internasionale Engelse leser sal nie bekend wees met die woord “braai” nie. Hierdie woord word ook geensins in die teks of deur middel van parateks in die doelteks vir die doeltekstleser verklaar nie. Die woord *boerewors* word in die doelteks (DT:159) behou, sowel as *biltong* (DT:158) en word ook nie verklaar nie.

Die naam vir die Afrikaanse klapper-en-konfyttertjie, “Hertzoggies”, sowel as melktert, (milk tart in die doelteks) verskyn in die bron-, sowel as die doelteks:

Hulle dink dis 'n tradisionele Suid-Afrikaanse reseep, soos melktert of Hertzoggies (BT:146)

Die doelteks wyk nie baie af van die bronteks nie, maar die term “Hertzoggies” word wel verduidelik deur *jam tarts* by die Engels te voeg:

They think it's a traditional South African recipe, like milk tarts or the jam tarts we call Hertzoggies (DT:133).

Alhoewel “milk tart” nie aan die doelteksleser verduidelik word nie, word “Hertzoggies” wel vlugtig verduidelik deur te noem dat dit konfyttertjies is.

4.2.2.1.2.2.2. Verklaarde/geneutraliseerde Suid-Afrikaanse kosterme

Die volgende voorbeelde word wel in die doelteks verklaar of op so 'n wyse geneutraliseer dat 'n Engelssprekende leser nie sal sukkel met die betekenis van die term nie.

Korrelkonfyt (so genoem weens die korrelrige tekstuur wat die heel druiwe in die konfyt veroorsaak) word bloot vertaal as *grape jam* (DT:21), wat 'n meer geneutraliseerde Engelse term is en nie verklaar hoef te word nie, maar wat ook nie die kulturele oordrag bewerkstellig nie. Heelwat betekenis gaan met hierdie neutralisering verlore, aangesien “korrelkonfyt” juis daarna verwys dat die konfyt met heel druiwekorrels gekook word, terwyl “grape jam” te vaag is en op enige tipe druiwekonfyt kan dui. Internasionale Engelse lesers sal nie met hierdie Suid-Afrikaanse kosterm bekend wees nie. Wat opmerklik is, is die feit dat *droëwors*, wat 'n algemene kosterm in Suid-Afrika is, as “dried sausage” (DT:20) vertaal word en nie as “droëwors” behou word nie. “Dried sausage” is 'n meer neutrale term, aangesien dit die kossoort beskryf – tog sal 'n Engelse leser uit 'n ander nasionaliteit nie noodwendig met hierdie kossoort bekend wees nie. Beskuit word as “rusks” (DT:25) vertaal, omdat dit nie met die Engelse “biscuits” (koekies) verwar moet word nie. Internasionale Engelse lesers sal ook nie met die konsep “rusks” as Suid-Afrikaanse kosterm bekend wees nie. Rooi jellie word bloot as *red jelly* (DT:25) vertaal, wat moontlik problematies vir die internasionale Engelse leser kan wees – in Suid-Afrika word rooi of groen gekleurde jellie as nagereg voorgesit, maar internasionaal word appel- of kruisementjellie saam met vleisgeregte voorgesit.

Alhoewel daar tog Afrikaanse kosname in die teks voorkom, lyk dit asof vertaalbesluite hier inkonsekwent en lukraak geneem is. Indien die vertaler die teks vir 'n

internasionale Engelse mark vertaal het, kon die terme meer geneutraliseer word deur bloot na *boerewors* as *South African sausage* te verwys, of na *biltong* as *dried meat* of *jerkey*. Tans word sommige terme onveranderd oorgedra na die Engelse teks en ander word vertaal wat 'n mens verwag ook onvertaal sou bly. Indien kultuurspesifieke terme soos boerewors, biltong, droëwors en koeksisters in die doeltteks behou word, ter wille van vervreemding en oordrag van die Afrikanerkultuur, sou dit vir die internasionale Engelse leser verstaanbaarder wees indien dit deur die gebruik van 'n verklarende woordelys verklaar word.

4.2.2.1.3. Eiename

Hier word gekyk of kultuurspesifieke eiename in die bronteks gebruik word en of hierdie eiename in die doeltteks behou word. Newmark (1998:215) noem dat eiename die nasionaliteit van karakters in literêre werke weerspieël. Die norm is dus om hierdie eiename gewoonlik net so in die doeltteks oor te dra en nie aan te pas tot eiename wat meer algemeen in die nasionaliteit van die doeltteksleser sal wees nie (soos wat plek-plek in die Afrikaanse vertaling¹¹ van die reeks *Harry Potter* deur J.K. Rowling gedoen word). Indien daar van 'n hoofsaaklik domestikerende benadering in die doeltteks gebruik gemaak word, is dit soms die norm om eiename aan te pas by die doelkultuur.

In *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* is die gebruik van eiename hoofsaaklik outobiografies, aangesien Van der Vyver haar gesin, familieleden en vriende in die narratief betrek. Die name van gesinslede moet dus in die doeltteks behou word: Alain, Thomas, Daniel en Mia word deurlopend in die doeltteks behou. Vriende van Van der Vyver soos Louise van Kaapstad en Santa van Stellenbosch word ook behou, aangesien hierdie karakters outobiografies deel vorm van Van der Vyver se lewe en nie fiktiewe karakters is nie. Die Marokkaanse huishulp, Hakima, se eienaam word ook in die doeltteks behou. Enige ander eiename van vriende en familieleden van Van der Vyver word ook oorspronklik in die bron- en doeltteks behou.

¹¹ Bruwer, D. 2005. *Die Afrikaanse vertaling van eiename in Harry Potter: die konsekwensies vir kultuuroordrag*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde tesis vir die graad MPhil in Vertaling.

Volgens Newmark (1998:215) kan name van bekendes in die bronteks ook as norm in die doelteks behou word. Aangesien die milieu van die bronteks nie aangepas word in die doelteks nie, word enige eiename van bekendes net so na die doelteks oorgedra, aangesien hierdie eiename binne die verwysingsraamwerk van die tipiese doelteksleser behoort te wees. Hierdie eiename sluit onder andere die verwysing na oudpresidente in die bronteks in: die Franse oud-president Jean-Marie la Pen en die Suid-Afrikaanse oud-president Paul Kruger (BT:11) (DT:5). Verwysings na ander bekende musikante, koninklikes, politici of filmsterre kom ook deur die bronteks voor en word nie in die doelteks aangepas nie, maar so behou: Edith Piaf (BT:24) (DT:16) en John Malkovich (BT:78) (DT:70), Bob Dylan, Marilyn Manson en Jacques Brel (BT:93) (DT:96) en skrywers soos Samuel Beckett en Albert Camus (BT:130) (DT:117). Hierdie eiename van bestaande persone is ook belangrik om die milieu van die teks aan te dui, aangesien die bestaande persone deel vorm van die tydperk waarin die teks afspeel.

Name van die Franse karakters, Madame Voisine en Jean-Pierre word ook deurlopend in die bronteks gebruik en in die doelteks behou. In 'n resensie (Jordaan, 2005:74) noem Van der Vyver dat hierdie karakters wel fiktief is omdat hulle slegs Franse stereotipes uitbeeld. Tog vorm die teenwoordigheid van hierdie Franse karakters deel van die tema van die boek en dit is nodig dat hierdie karakters se Franse identiteit behou word, aangesien die karakters nie kultureel vir die doelteksleser aangepas word nie.

Ander eiename in die teks word gebruik om aan te sluit by die tema van kultuurverskille tussen Afrikaners en Franse. In die bronteks (BT:69) word daar veral geskryf oor die manier waarop die Franse verward raak met die uitspraak van Afrikaanse eiename en hoe Van der Vyver se Afrikaanse familie sukkel om die uitspraak van die Franse eiename reg te kry. So word die kulturele belangrikheid van eiename ook in die tema van die teks vervat:

In dié stadium was ons grootste probleem om 'n naam te vind wat dieselfde uitgespreek word in Afrikaans, Frans, Engels of enige ander moontlike taal wat ons kosmopolitiese dogter eendag sou wou praat. Ek het mos gesien hoe Alain se Franse familie my naam verrinneweer – Marita van der Vyver het *Magite wa de Wiewe* geword – en hoe my Afrikaanse familie met sy naam en sy seuns se name sukkel. Alain word in Frans uitgespreek as *Aláh*, Thomas as *Tomma* en Hugo as *Ighô*. Probeer dit nou vir jou oom

op Upington verduidelik. My vriend Koos het ná drie dae opgegee en vir Alain *Elaine* begin noem. Alain noem nou nog vir Koos *Kwies*.

In die doelteks (DT:60) word dieselfde verduideliking van die vreemde uitspraak van die name behou, maar die spelling van die vreemde uitsprake van eiename wat in die bogenoemde uittreksel in kursief gedruk is, word klankgewys aangepas vir die Engelse leser:

Our biggest problem at this stage was finding a name that could be pronounced the same way in Afrikaans, French, English or any other language our cosmopolitan daughter might one day want to speak. After all I'd heard how Alain's French family destroyed my name – Marita van Vyver became *Magite vah de Vivah* – and how my Afrikaans family struggled with his name and those of his sons. In French Alain is pronounced *Aláng*, Thomas is *Thommah* and Hugo is *Ighó*. Try and explain that to your uncle in Upington. My friend Koos gave up after three days and started calling Alain *Elaine*. Alain still calls Koos *Quees*.

Hierdie aanpassings word gemaak omdat dit ortografies nader aan die uitspraak van die Engelse leser is. Die name word dus behou, maar die uitspraak word gedomestikeer.

Eg Afrikaanse name soos Koos en Jan verskyn en word in die doelteks behou omdat dit deel vorm van die narratief self. Omdat daar ook oor hierdie tema in die doelteks geskryf word, word hierdie eiename net so in die doelteks oorgedra, al sal dit baie vreemd vir 'n internasionale leser wees. Die naam “Jan” sal byvoorbeeld sonder konteksleiding as 'n vrouenaam geïnterpreteer word.

Eiename wat minder bekend aan 'n Engelse leser sou wees, is onder ander dié van Suid-Afrikaanse bekende figure soos skrywers. In die bronteks word daar na die Suid-Afrikaanse skrywers en digters Louis Leipoldt en D.J. Opperman verwys. Die verwysing na Afrikaanse skrywers en bekendes illustreer Van der Vyver se herkoms en identiteit as Afrikaanssprekende. D.J. Opperman se naam verskyn in die bronteks waar Van der Vyver na 'n kinderrympie deur hom in die *Kleuterverseboek* verwys (BT:99):

Laat my altyd dink aan daardie plesierige rympe in D.J. Opperman se *Kleuterverseboek*: “Sy sê sy's nie honger nie, maar wragtag sy kan vreet”.

In die doelteks word die naam “D.J. Opperman” uitgelaat (DT:88):

It always makes me think of a silly Afrikaans nursery rhyme: ‘She says she isn’t hungry, but goodness, can she eat.’

In die Engelse teks word die verwysing na D.J. Opperman en die kinderrympie weggelaat, aangesien dit nie moontlik is om presies dieselfde soort kinderrympie in Engels te kry nie. Daar word ook nie in die Engels na die spesifieke rympie verwys soos in die bronteks nie (“daardie plesierige rympie”), maar net in die algemeen na “a silly Afrikaans nursery rhyme”. Dit is wel moontlik om die kinderrympie te vertaal om die betekenis te behou. Die naam van die digter en die bundel waarin die rympie voorkom, word dus uitgelaat. Die Engelse doelteksleser gaan moontlik ook nie die oeuvre van D.J. Opperman en die verwysing na die *Kleuterverseboek* ken nie. Die doelteks is dus as volg aangepas (DT:88):

They start eating on Christmas Eve and don’t stop until New Years Day ... It always makes me think of a silly Afrikaans nursery rhyme: ‘She says she isn’t hungry, but goodness, can she eat.’

In die doelteks word die Franse term *gourmandise* weggelaat en “silly Afrikaans nursery rhyme” ingevoeg. Miskien word die Franse term verwyder omdat die verwysing na die Afrikaanse rympie nou bygevoeg word.

Die nuanse van die idiomatiese uitdrukking gaan dus nie verlore in die Engelse doelteks nie, maar die naam van die Afrikaanse digter word wel weggelaat in die doelteks. Dit word moontlik gedoen omdat die Afrikaanse digter D.J. Opperman nie so bekend is aan die Engelse leser nie.

Anders as die gebruik van die eienaam D.J. Opperman in die bronteks, maar nie in die doelteks nie, is dit opmerklik dat die verwysing in die bronteks na Louis Leipoldt wel, in die doelteks behou word en nie uitgelaat word soos in die bogenoemde uittreksel nie. In die bronteks word daar as volg na Leipoldt verwys (BT:126):

Maar Oktober is die maand wat die naaste aan my eie hart lê. Die mooiste, mooiste maand – om heel ander redes as dié waaroor Louis Leipoldt in die Suid-Afrikaanse lente liries geraak het.

Hierdie uittreksel verwys intertekstueel na die Leipoldt-gedig met die bekende versreël: “Dis Oktober, die mooiste, mooiste maand”. Beide Louis Leipoldt se naam en die verwysing na die versreël verskyn ook in die doeltteks (DT:114):

But of all the months, October is closest to my own heart. The loveliest, loveliest month – for reasons entirely different from those that made the poet **Louis Leipoldt** lyrical about the South African spring.

Die vertaler beskou Leipoldt dus as ’n meer bekende Afrikaanse skrywer onder Engelse lesers as Opperman en hier word daar wel geëkspliseer deurdat daar in die bronteks na Leipoldt verwys word as “the poet Louis Leipoldt” (DT:114) terwyl D.J. Opperman se naam glad nie in die doeltteks verskyn nie.

’n Uitsondering by verwysings na Afrikaanse gesegdes en kulturele aspekte, is waar Van der Vyver in die bronteks na “Emsie Etiket” verwys (BT:53):

Hoewel ek by voorbaat gesidder het oor wat Emsie Etiket sou sê van ’n bruid wat twee keer in dieselfde rok trou.

Hierdie naam is die bynaam van die Afrikaanse etiketkenner, Emsie Schoeman, wat boeke en rubrieke oor etiket gepubliseer het. In die doeltteks word die naam “Emsie Etiket” nie gebruik nie, maar die sin word geneutraliseer en bloot vertaal as (DT:44):

Although I shuddered in advance at what any guide to etiquette would say of a bride who got married in the same dress twice.

Myns insiens vind hierdie afwyking in die doeltteks plaas omdat ’n Suid-Afrikaanse Engelse leser nie so bekend met Emsie Schoeman sal wees soos ’n Afrikaanse leser nie. Sy het wel ’n boek in Engels gepubliseer (*Achieving success with super service*), maar dit is veral haar rubrieke in Afrikaanse tydskrifte en bekende boeke soos *Goeie maniere en etiket* wat haar meer bekend maak. ’n Internasionale doeltteksleser sal nie bekend wees met die naam Emsie Schoeman nie.

4.2.2.1.4. Plekname

In *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* word daar nie slegs aandag geskenk aan die kulturele verskille tussen die inwoners van Frankryk en Suid-Afrika nie, maar ook aan die geografiese verskille tussen die vastelande Afrika en Europa. Aangesien Van der Vyver van leefruimte verwissel, kom die geografiese vergelyking tussen die twee lande prominent na vore in die teks. Die doelteks speel in dieselfde plek en ruimte af as die bronteks, daarom bly alle verwysings na plekname dieselfde.

Omdat daar van 'n hoofsaaklik vervreemdende strategie gebruik gemaak word, verander die verwysing na plek nie in die doelteks nie. Dit sou dus nie nodig wees om enige plekname en verwysings na plek weg te laat of aan te pas in die doelteks nie. Juis omdat die verskil tussen Frankryk en Suid-Afrika as 'n prominente tema in die teks na vore tree, is dit noodsaaklik dat spesifieke verwysings na plek in die bronteks na die doelteks oorgedra behoort te word. Aangesien daar so baie plekname in die teks figureer, sal slegs enkeles ter illustrasie genoem word. Nog voorbeelde van hierdie plekname word in bylae B vervat.

4.2.2.1.4.1. Franse plekname

Wanneer Van der Vyver aan die begin van die teks na haar persoonlike adres in Frankryk verwys, verwys sy bloot daarna as “Kerkstraat”/ “Church Street”, maar noem dat die Franse *Rue de l'église* meer eksoties sal klink (BT:1). Daar word ook na die Rhône-vallei in die bronteks verwys, wat as Rhône Valley in die doelteks behou word. Avignon (BT:31), Lille (BT:43), Marseille (BT:71) en die Lozère (BT:204) is ook Franse plekname wat deurlopend in die teks gebruik word en net so in die doelteks oorgedra word sonder om aangepas te word. Hierdie Franse plekname word betrek omdat Van der Vyver die leser oor haar nuwe land en omliggende omgewing wil inlig.

4.2.2.1.4.2. Afrikaanse plekname

Aangesien Van der Vyver van Suid-Afrikaanse herkoms is, is daar baie verwysings na plekke in Suid-Afrika wat deurlopend in die teks verskyn. Reeds aan die begin van die teks word daar na plekke soos *Stilbaai* (BT:2) en *Voortrekkerstraat* (BT:1) wat in die doelteks *Voortrekker Street* word, verwys. 'n Internasionale Engelse leser sal nie juis vertrou wees met al die plekname wat in die doelteks gebruik word nie. Veral straatname word behou soos wat dit in die bronteks gebruik word, aangesien dit eie is aan die ruimte waarvoor Van der Vyver in die oorspronklike teks skryf. Ander plekname sluit in *Stellenbosch* (BT:35), die *Karoo*, die *Kalahari* en die *Boland*. Plekname kom veral voor in hoofstuk 21 ("Kamp is nie kinderspeletjies nie"/ "Camping is no picnic), aangesien Van der Vyver oor verskeie plekke waar sy en haar gesin al gekamp het, in Afrika en Frankryk, skryf. Van der Vyver verwys nie direk na die eerste twee onderstaande plekname as Namibiese plekke nie, maar bloot daarna as plekke in Afrika waar hulle as gesin saam gekamp het:

Etosha (BT:201) (DT:189)

Ai-Ais (BT:201) (DT:189)

Hermanus (BT:201) (DT:189)

Die Suid-Afrikaanse en Namibiese plekname wat in die bronteks gebruik word, word behou soos wat dit in Suid-Afrika bekend staan en word nie aangepas vir 'n internasionale leser nie. Die Engelse variante word wel gebruik indien dit van die Afrikaans verskil en daar 'n aanvaarde Engelse vertaling vir 'n pleknaam bestaan, soos gesien in die volgende voorbeelde:

Namib-woestyn (BT:201) – Namib Desert (DT:189)

Namakwaland (BT:201) – Namaqualand (DT:189)

Daar is ook nie 'n verklaring van die spesifieke plekke wat in die bronteks betrek word nie en die vertaler neem aan dat hierdie plekke aan die doelteksleser bekend is.

Die plekname word in die doeltteks behou soos wat dit in die bronteks gebruik is. Geen verklarings of parateks word ten opsigte van plekke vermeld nie. Geen aanpassings vind hier op die mikrostrukturele vlak plaas nie.

4.2.2.1.5. Feeste en kulturele tradisies

Feesviering en tradisies is geleentede wat kenmerkend aan elke kultuur is, aangesien dit gewoonlik kollektief beoefen of bygewoon word as tydverdryf deur lede van dieselfde nasionaliteit of kultuur.

4.2.2.1.5.1. Franse feeste en tradisies

Hierdie geleentede weerspieël die Franse nasionaliteit en tradisies wat deur die inwoners van Provence beoefen word. Van der Vyver verwys in die bronteks veral na die feeste en tradisies wat in Frankryk plaasvind, naamlik *Chandeleur* (BT:79), die fees van kerse, *Epiphanie* (BT:90), die Katolieke fees en *Mardi Gras*, nog 'n Katolieke tradisie wat letterlik “Vet Dinsdag” beteken. Verder word daar ook in die teks verwys na karnavalle wat op die Franse *campagne* (platteland) plaasvind. Verder vind die *Fête Nationale* (BT:95), die val van die destydse Franse tronk, die Bastille, jaarliks op 14 Julie plaas. *Mondragon* (Fees van die Draak) (BT:95), *Fête Votive* (die viering van stigtingsdae van klein Franse dorpe) (BT:94), *le rebond* (BT 22), 'n Franse troutradisie waar almal na afloop van die amptelike onthaal terugkeer vir 'n verdere partytjie, en *Toussaint* (Aand van die Allerheiliges of Halloween, soos dit in Afrikaans en Engels bekend staan) (BT:95) word ook in die teks genoem.

Nog 'n Provençaalse gebeurtenis wat prominent in die bronteks voorkom, is die verwysing na die jaarlikse oes wat in die omgewing plaasvind. Die Franse benaming vir oes word in die bronteks gebruik (BT:50):

Dis oestyd, sien, *les vendanges* soos dit in hierdie wingerdwêreld bekend staan ... Seisoenwerkers verskyn oornag uit alle windrigtings. Groot gesinne uit Spanje en die armer Oos-Europese lande, donker, dwalende sigeuners en verveelde

universiteitstudiante uit die stede, rastafariërs en rugsakreisigers, Algeriërs en ander Noord-Afrikane.

Die term *les vendanges* kom ook in die doelteks voor (DT:41):

It was harvest time, you see, *les vendanges* as they call it in this wine region.

Die tradisionele feeste wat in die teks genoem word, is nie iets waarmee 'n leser van Suid-Afrikaanse oorsprong noodwendig bekend sal wees of self sal beoefen nie. Van der Vyver verklaar dus telkens die feeste in die teks. Hierdie name van feeste en tradisies word in die doelteks behou, aangesien die milieu van die bronteks nie aangepas word nie. Die beskrywings van die bostaande feeste verander ook nie in die doelteks nie, maar word behou asof dit vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt vertel is. Die verwysing na feeste en tradisies is ook 'n belangrike toevoeging tot die tema van die teks, aangesien die teks juis handel oor Van der Vyver se ervaring van die Franse kultuur. Om hierdie rede word die name van feeste en tradisies nie aangepas na meer neutrale Engels terme nie, maar in die oorspronklike Frans behou om die outentiekheid van die Franse ruimte wat in die bronteks weerspieël word ook aan die doelteks te verleen.

4.2.2.1.5.2. Afrikaanse feeste en tradisies

Afrikaanse feeste en geleenthede waarna daar in die bronteks verwys word, is onder andere die gebruiklike kerkbazaar (BT:9). Dit word in die doelteks vertaal as *church bazaar* (DT:2) en is nie noodwendig 'n geleentheid wat aan internasionale lesers bekend sal wees nie. Daar word ook na die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn (BT:76) (DT:23) verwys wat jaarliks in Suid-Afrika plaasvind. Van der Vyver verduidelik nie hierdie Suid-Afrikaanse fees in die bronteks nie, maar noem dit met die aanname dat die bronteksleser bekend met hierdie geleentheid sou wees. Dit verskyn ook so in die doelteks – dit word bloot genoem, sonder 'n verduideliking. 'n Internasionale leser sou dus nie bekend wees met hierdie jaarlikse Suid-Afrikaanse fees nie. Ander geleenthede waarna daar in die bronteks verwys word, is onder andere die instelling van vleisbraai as sosiale byeenkoms. Van der Vyver vergelyk die Afrikaanse manier van vleisbraai breedvoerig met die Franse manier:

[V]at nou die Franse manier van vleisbraai ... [s]es uitgeteerde worsies is waaragtag 'n belediging vir die woord "vleisbraai" ... [b]oerewors is boerewors, meen veral my manlike familieledede, en Franse wors is moffiewors.

In die doeltteks lui die bogenoemde uittreksel as volg (DT:171):

Or take a French braai, for example ... Six emaciated sausages for six people is a bloody insult to the word "braai" ... Boerewors is boerewors, as most of my male relatives maintain, and French sausage is sissy sausage.

Die aanpassings wat by bogenoemde uittreksels opgemerk word, is dat die woord "vleisbraai" met "braai" in die doeltteks vervang word – tog word die eg Suid-Afrikaanse woord behou en nie geneutraliseer met iets wat meer bekend aan 'n internasionale leser sal wees nie. Die woord "moffie" ('n pejoratief in Afrikaans wat vir verfynde of homoseksuele mans gebruik word) word met die Engelse woord "sissy" vervang. Hierdie Engelse ekwivalent is heelwat meer aanvaarbaarder en dui nie noodwendig op homoseksualiteit nie, maar op verfyndheid. Die Engelse woord "sissy" is dus baie meer neutraal.

Aangesien Afrikaners meestal met die Calvinistiese geloofsbeweging vereenselwig word, verwys Van der Vyver ook na geloofstradisies wat eie is aan die Afrikaanse kultuur. Van der Vyver skryf byvoorbeeld in die bronteks hoe Afrikaanse gesinne van destyds saans stiltetyd en gebed gehandhaaf het (BT:166):

Dis amper soos huisgodsdien in die ou dae. Die kinders swyg en die grootmense konsentreer.

Hierdie verwysing na geloofsbeoefening word ook in die doeltteks herhaal. Die term "huisgodsdien", wat 'n bekende term in Afrikaans is, word met "family prayer" in Engels vervang (DT:155):

It's almost like family prayers in the old days. The children keep quiet and the grown-ups concentrate.

Dit is ook asof die kulturele betekenis van "huisgodsdien" verlore gaan met die vertaling "family prayers". Waar huisgodsdien behels het dat 'n gesin gewoonlik destyds aan tafel 'n gedeelte uit die Bybel lees en daarna as gesin saambid en soms ook

saamsing, klink “family prayers” asof dit net na tafelgebed tydens ete of “saying grace” verwys. Hier vind dus neutralisering of kulturele verarming plaas.

4.2.2.1.6. Nasionale simbole

In die teks word daar ook deurlopend na nasionale simbole van Frankryk en Suid-Afrika verwys. Hierdie verwysings sluit in elemente soos volksliedere, landsvlae, verwysings na politieke figure, nasionale leuses en munisipale geboue. Hierdie nasionale simbole is veral belangrik om kultuur te weerspieël. Die definisie van kultuur is reeds in hoofstuk 2 bespreek, maar die term “kultuur” kan onder andere verwys na al die artefakte wat kollektief deur ’n nasionale groep as deel van hulle herkoms of bestaan beskou word. So is enige simbool wat die nasionaliteit weerspieël, ’n goeie manier waardeur die kultuur van die betrokke nasionaliteit uitgewys kan word.

4.2.2.1.6.1. Franse nasionale simbole

Dit is veral die Franse verwysings wat prominent in die bronteks voorkom. So verwys Van der Vyver byvoorbeeld na die Franse vlag, die *tricolore* (driekleur in Afrikaans). Die Franse volkslied se titel *Allons, enfants de la patrie* kom ook in die bronteks voor. Van der Vyver verduidelik in die bronteks dat dit die Franse volkslied is (BT:113). Daar word ook in die bronteks na die heersende Franse politieke party in 2004, die Union For a Popular Movement (UMP), sowel as die “verregse” party, die *Front National* verwys (BT:112) verwys. Dit is onveranderd na die doelteks oorgedra. Deur na die politieke omgewing van Frankryk in die bronteks te verwys, word die spesifieke milieu en konteks van die literêre werk weerspieël. Die nasionale Franse leuse, *Liberté, égalité, fraternité* (BT:112) (DT:93) vind sy oorsprong uit die Franse rewolusie en beteken “Vryheid, gelykheid en broederskap”. Hierdie leuse word in Frans in die bronteks gebruik en word ook so in die doelteks behou. Van der Vyver verduidelik nie hierdie leuse in die bronteks nie en daar is ook nie ’n verduideliking in die doelteks nie. Indien die bron- of doelteksleser nie weet wat die leuse beteken nie, moet dit self nageslaan word om die konteks waarin hierdie leuse gebruik word, te verstaan.

4.2.2.1.6.2. Suid-Afrikaanse nasionale simbole

Nasionale simbole binne die Suid-Afrikaanse konteks kom ook in die bronteks voor, aangesien dit Van der Vyver se herkoms as Afrikaner weerspieël. Voorbeelde hiervan is byvoorbeeld die ossewa (BT:24) wat met *ox wagon* vertaal word (DT:30). Die plaaslike Engelse leser sal moontlik bekend wees met die ossewa as simbool van die Groot Trek in 1838, aangesien die geskiedenis aan ’n Suid-Afrikaanse burger bekend sal wees. Van der Vyver verduidelik nie die geskiedenis van die Groot Trek in die teks nie. Sy neem dus aan dat haar leser met die Suid-Afrikaanse geskiedenis bekend is. Vanuit die konteks sal die internasionale leser nie weet waarom die ossewa so ’n prominente simbool in die Afrikaanse geskiedenis is nie.

4.2.2.1.7. Sosiale instansies

Volgens Newmark (1998) word ’n land se politieke en sosiale konteks weerspieël deur die benaming van sosiale instellings. Hierdie sosiale instellings sluit verwysings na munisipaliteite, departemente, publikasies soos koerante en tydskrifte, winkels, ensomeer in. Aangesien Frankryk se politieke en sosiale konteks heelwat van Suid-Afrika s’n verskil, is ’n instansie soos die munisipaliteit relevant in die teks.

In die bronteks word daar ook na verskeie munisipale terme en sosiale instellings van Frankryk verwys, wat net so in die doelteks behou word. In hoofstuk 4 (“Papier rym met paniek”/ “Paper equals panic”) skryf Van der Vyver oor haar ervaring met die Franse burokrasie om haar burgerskap te verkry. Van der Vyver is vreemd in Frankryk en gewoond aan Suid-Afrikaanse sosiale instansies. Om hierdie vreemdheid te beklemtoon, gebruik sy die Franse terme om na die munisipale geboue en sosiale instansies te verwys, eerder as om die term in Afrikaans of Engels te neutraliseer. So word terme soos *mairie* en *préfecture* (BT:50) en *securité sociale* (BT:52) in die bronteks gebruik om na die Franse munisipale geboue te verwys. Sy verduidelik wel kortliks in die teks dat hierdie gebou “die Franse weergawe” van ’n Suid-Afrikaanse munisipaliteit of Binnelandse Sake is. Van der Vyver skryf oor die sosiale instellings in die Franse kultuur, wat sy met Suid-Afrika vergelyk. Die Franse terme, tesame met die verduideliking daarvan, word ook in die doelteks (DT:36) gebruik.

Van der Vyver verwys ook na die rubriek wat deur die sogenaamde Oom Krisjan Lemmer (BT:58) in die Suid-Afrikaanse Engelse koerant *Mail & Guardian* gepubliseer word. Hierdie eienaam van Oom Krisjan, sowel as die verwysing na die *Mail and Guardian* as nasionale publikasie word in die doelteks behou en nie vervang met 'n meer universele publikasie wat aan internasionale lesers bekend sal wees nie. Die naam *Mail & Guardian* word nie in die bron- of doelteks aan die leser verduidelik nie en Van der Vyver neem aan dat die leser met hierdie publikasie bekend is. 'n Doelteksleser van internasionale afkoms sal moontlik nie bekend wees met hierdie publikasie nie en beslis nie met Oom Krisjan Lemmer nie.

Daar word ook in die teks na die Suid-Afrikaanse supermark *Seven Eleven* verwys. Hierdie supermark is 'n bekende kettingwinkelgroep wat in Noord-Amerika ontstaan het en tans in Suid-Afrika bedryf word. Plaaslike Engelse lesers sal bekend wees met hierdie winkel. Hierdie naam van die supermark word ook in die doelteks behou en nie vervang met 'n soortgelyke kettingwinkelgroep wat meer bekend vir internasionale lesers sal wees nie. Van der Vyver verduidelik nie dat dit waarna sy verwys 'n bekende kettingwinkelgroep in Suid-Afrika is nie, maar noem dit bloot as deel van haar vertelling van hoe verskillend die kultuur van inkopies in Suid-Afrika en Frankryk is (DT:76):

And then I went back to South Africa for a visit and before I knew it, I was greeting the cashier at the Seven Eleven like an old friend.

Dit is opmerklik dat Van der Vyver nie 'n groter en bekender kettingwinkelgroep in Suid-Afrika soos Pick & Pay of Shoprite Checkers gebruik het nie. Selfs al is 'n internasionale leser nie met Seven Eleven as winkelgroep bekend nie, sal hy of sy uit die konteks van die teks kan aflei dat Van der Vyver na 'n supermark verwys.

4.2.2.1.8. Verwysings na boeke, films en musiek

Dit is reeds genoem dat die konteks en milieu van die bronteks nie in die doelteks aangepas word nie, maar so behou word. Hierdie verwysings is belangrik, omdat dit vir die leser aandui dat die teks in 'n moderne konteks geplaas word en die spesifieke

milieu waarin die teks afspeel, ook weerspieël. Van der Vyver is wyd belese en beskik oor 'n goeie algemene kennis en dit skyn deur in die teks deur die intertekstuele verwysing na hierdie kulturele elemente.

Aangesien die milieu dié van 'n hedendaagse samelewing is, behoort die verwysing na boeke, films en musiek nie vertaalprobleme op te lewer nie. Omdat baie verwysings na kultuurgoedere soos musiek, boeke en films universeel bekend is aan mense van verskeie nasionaliteite, behoort beide Afrikaanse en Engelse leser met hierdie name in hulle verwysingsraamwerk bekend te wees. Enkele voorbeelde van boeke, musiek en films wat in die bronteks gebruik word, verskyn terselfdertyd in die doelteks:

Being John Malkovich (film) (BT:78) (DT:68)

Edith Piaf (Franse sangeres) (BT:24) (DT:16)

The Rolling Stones (Britse rockgroep) (BT:33) (DT:23)

The Addams Family (film) (BT:26) (DT:17)

Harry Potter (fantasieboekreeks deur skrywer J.K. Rowling) (BT:58) (DT:47)

4.2.2.1.9. Geskiedkundige verwysings

Geskiedkundige gebeure is ook prominente bakens van 'n sekere land/nasionaliteit se kultuur. Van der Vyver se herkoms as Afrikaner kom prominent in die bronteks na vore deurdat sy in die teks na Suid-Afrikaanse geskiedenis en politiek verwys. Dit dra daartoe by om haar identiteit deurlopend in die bronteks te konstrueer. Sy vergelyk die Suid-Afrikaanse geskiedkundige gebeure in haar vertelling met die Franse geskiedenis, wat deel vorm van die kultuur wat aan haar nuwe ruimte gekoppel word. Voorbeelde van hierdie geskiedkundige verwysings word deurlopend in die bronteks gesien. Hierdie geskiedkundige verwysings word ook net so in die doelteks behou aangesien die aanwending van die geskiedkundige verwysings belangrik is om die Afrikaanse en Franse kultuur in die teks te illustreer. Die geskiedkundige gebeure in die teks word nie aangepas, weggelaat, of verduidelik in die doelteks nie.

4.2.2.1.9.1. Franse geskiedkundige verwysings

In die bronteks word daar baie oor die Franse geskiedenis geskryf. Van der Vyver skryf byvoorbeeld oor die Rooms-Katolieke klipkerke in Frankryk wat vroeg in die 12de eeu opgerig is en hoe sy haar as “nuweling uit die Derde Wêreld” daaraan verwonder (BT:9). Suid-Afrikaanse geskiedenis strek nie sover terug soos die Europese geskiedenis nie. Van der Vyver skryf oor die Franse geskiedenis omdat die ontdekking daarvan vir haar as nuwe inwoner nuut is. Die geskiedenis oor Franse gebeure en kulturele elemente soos literatuur en kuns is dus iets waaroor Van der Vyver meer leer soos sy in Frankryk tuis raak. Sy verwys ook baie in die teks na Frankryk se rol in die Tweede Wêreldoorlog en Frankryk se verhouding met ander lande, sowel as die politiek.

Van der Vyver betrek ook die geskiedenis van haar nuwe provinsie, Provence, in die bronteks en verwys onder andere na die digter Petrarca wat tydens die veertiende eeu aan die pous se hof in Avignon verbonde was en liries geraak het oor die Provençaalse omgewing (BT:131). Sy noem ook die skilder Paul Cézanne van Aix-en-Provence wat ’n bergpiek in die omgewing geskilder het. Van der Vyver skryf oor die geskiedenis van haar Franse omgewing juis om die leser daarvoor in te lig en haar ervaring van die Provençaalse omgewing weer te gee. Saam met die Franse geskiedenis, is ou Franse argitektuur en kuns ook vir Van der Vyver nuut. Hierdie geskiedkundige verwysings moet dus intrinsiek deel vorm van die doelteks omdat dit met die kulturele tematiek van die teks te make het en is vir die bronteksleser net so vreemd soos die doelteksleser. Daarom behoort hierdie geskiedkundige verwysings redelik getrou aan die bronteks vertaal te word. ’n Internasionale Engelse leser beskik dalk oor meer kennis van Franse en Europese geskiedenis as ’n plaaslike Engelse leser. Enkele voorbeelde wat uit die bron- en doelteks betrek word, is (BT:9):

Die kerk oorkant ons huis lyk heel anders as die Calvinistiese kerke met die maer wit torings op die plattelandse dorpe van my jeug. En dis eeue ouer as enige gebou op enige dorp in my geboorteland. Dis ’n Rooms-Katolieke klipkerkie wat vroeg in die twaalde eeu opgerig is – ’n datum waaraan ek as nuweling uit die Derde Wêreld my steeds verwonder.

Hierdie verwysing na Franse geskiedenis word in die doeltteks so na as moontlik aan die bronteks vertaal (DT:3):

The church across the road from our house looks completely different from the Calvinist churches with their skinny white spires in the country towns of my childhood. And it's centuries older than any building in any town in the country of my birth. It's a Roman Catholic stone chapel that was built early in the twelfth century. As a newcomer from the Third World, I still marvel at that date – along with a Cistercian abbey next door.

Vanuit die bogenoemde uittreksels uit die bron- en doeltteks merk die leser op dat Van der Vyver as Suid-Afrikaanse burger die Franse geskiedenis baie merkwaardig vind. Dit is ook waarom hierdie verwysings na Franse geskiedenis in die teks ingesluit word.

4.2.2.1.9.2. Suid-Afrikaanse geskiedkundige verwysings

Alhoewel Van der Vyver breedvoerig uitbrei oor die Franse geskiedenis omdat dit ook aan die bronteksleser onbekend is, verwys sy ook heelwat na die geskiedenis van die Afrikaner. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie so oud soos die Europese geskiedenis en ook nie internasionaal bekend nie. Van der Vyver noem net Suid-Afrikaanse en Afrikaanse geskiedkundige verwysings en verduidelik dit nie so breedvoerig soos die Europese geskiedenis nie. Daar word aangeneem dat 'n plaaslike Engelse leser met Suid-Afrikaanse gebeure soos die Anglo-Boereoorlog en Groot Trek bekend sal wees. Verwysings na gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sal dalk nie aan almal bekend wees nie. Van der Vyver wil nie net die leser inlig van haar nuwe Franse omgewing nie, maar wil haar Afrikaanse herkoms teenoor haar nuwe omgewing in Frankryk jukstaponeer.

Daar word in die teks na die Groot Trek (*Great Trek*) en Voortrekkers (word as Voortrekkers in doeltteks behou) (BT:28) (DT:38) verwys. Die Groot Trek as 'n gebeurtenis vorm 'n prominente deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die grootouers van heelwat Afrikaners was deel van die Voortrekkers wat van die kusgebiede af binneland toe getrek het. Hierdie deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis sou nie noodwendig aan 'n gemiddelde internasionale leser bekend wees

nie. Van der Vyver verwys ook na die Anglo-Boereoorlog waarin haar “Afrikaanse voorvaders” (Afrikaans ancestors) geveg het (BT:11) (DT:5). Hierdie oorlog is ook ’n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaner en die plaaslike sowel as Britse Engelse. Die term “Anglo Boer-war” word dus ook in doeltteks behou.

Ander verwysings na die Suid-Afrikaanse geskiedenis behels nie noodwendig die gebruik van enkele terme of verwysings nie, maar word tematies in die teks vervat. Van der Vyver verwys byvoorbeeld in hoofstuk 13 (“Doen dit self”/ “Do it yourself”) na haar herkoms as Afrikaanse Calvinis en ’n Suid-Afrikaner wat daaraan gewoond was dat “onbekende swart engele” haar kamer van kleins af skoonmaak. Hierdie gedeelte verwys indirek na die heersende omstandighede in Suid-Afrika, waar swart persone meestal handarbeid vir witmense moet verrig en dat dit steeds in die sosiale struktuur van Suid-Afrika so is. In Europa is dit anders – dit is nie algemeen om huishulpe en tuiniers te huur vir algemene take nie en Van der Vyver verwys juis hierna om dié sosiale verskil tussen Suid-Afrika en Europa te beklemtoon.

Soos in 4.2.2.1.4 genoem is daar ook verskeie verwysings na Suid-Afrikaanse bekende figure o.a. oudpresidente Nelson Mandela en F.W. de Klerk. Die verwysing na hierdie politieke figure weerspieël die sosiale en politieke konteks en tydperk waarin die teks afspeel. Aangesien die tydperk waarin die teks afspeel, nie in die doeltteks verander of aangepas word nie, bly alle politieke verwysings in die bronteks dieselfde in die doeltteks.

4.2.2.1.10. Sport en ontspanning

Daar word in die bronteks verwys na die Voortrekkers, ’n Afrikaanse jeugbeweging waaraan heelwat Afrikaanssprekende skoolkinders behoort. Die verwysing na Voortrekkers sal nie noodwendig deur internasionale of plaaslike Engelse lesers verstaan word nie en sou vergelyk kon word met ’n meer internasionaal bekende term soos “boy scouts” of “girl guides” (wat soortgelyk aan die Voortrekkers is, maar in Amerika beoefen word) (BT:168):

[S]oos ek as jeugdige Voortrekker in ’n noodhulpkursus geleer het

Dié term word nie vir die leser in die teks verklaar nie. In die doelteks word die term “Voortrekker” weggelaat (DT:157) en dieselfde sin neutraal verklaar, sonder om die eg Afrikaanse verwysing daarin te betrek:

[T]he way I've been taught in a first aid course.

Hier word die teks gedomestikeer deur die term “Voortrekker” uit die doelteks te skrap en hierdeur word die doelteks ietwat kultureel verarm. Daar word nie ’n alternatief uit ’n ander kultuur in die plek van “Voortrekker” gebruik of ’n verduideliking gebied nie. Die verklaring vir hierdie aanpassing is moontlik omdat die Engelse plaaslike leser nie met die Voortrekkerbeweging bekend is of daarby sou aanklank vind nie.

Sportaangeleenthede vorm intrinsiek deel van die nasionale kultuur van ’n land, aangesien hierdie aktiwiteite ’n kollektiewe belangstelling van die inwoners van ’n land verg. In die teks word daar ook na hierdie aktiwiteite verwys. In die bronteks verwys Van der Vyver na die inwoners wat graag aan *boules* of *petanque* (’n soort rolbal) (BT:9) (DT:4) deelneem. Hierdie Franse ontspanningsaktiwiteite is vreemd vir die bronteksleser en word in die bronteks verduidelik. Die Franse terme en die verduidelikings daarvan word dus net so in die doelteks behou.

In die teks word daar ook na rugby en die rugbyskrum (BT:187) (DT:175) verwys. Alhoewel die Franse ook aan rugby deelneem, is hierdie sportsoort ’n prominente deel van die breë Suid-Afrikaanse kultuur en samesyn. Rugby as gewilde Suid-Afrikaanse sportsoort word daarom sonder enige verduideliking in die bron- en doelteks genoem.

4.2.2.2. Teksspesifieke vertaalprobleme

Teksspesifieke vertaalprobleme spruit uit die gebruik aan elemente wat eie is aan die spesifieke taal – hier word gefokus op die teenwoordigheid van idiome, metafore en woordspelings in die bronteks. Dit is soms problematies om hierdie elemente te vertaal, aangesien daar nie altyd ’n spesifieke ekwivalent in die doeltaal vir die betrokke idioom of woord beskikbaar is nie. Indien die idioom, woordspeling of metafoor geneutraliseer, weggelaat of verduidelik word, ontstaan die moontlikheid dat die doelteks die styl en nuanse van die bronteks kan verloor. In die geval van *Die hart van ons huis* – ’n

skrywer in Provence, kom daar heelwat humor in die gebruik van idiome en woordspelings in Frans en Afrikaans na vore. Die vertaler moet hierop bedag wees.

4.2.2.2.1. Idiomatiese uitdrukkings en woordspelings

Die vertaler tree as interkulturele bemiddelaar op wat die verskille tussen die bron- en doelkultuur, sowel as die bron- en doeltaal moet oorbrug. Waar daar by die pragmatiese vertaalprobleme gekyk is na kultuurspesifieke terme wat in die bronteks voorkom, word daar by teksspesifieke vertaalprobleme op die verskil tussen Afrikaans en Engels as tale gefokus. Aangesien daar reeds op die makrostrukturele vlak vasgestel is dat die doelteks so na moontlik aan die genre, stem en styl van die bronteks bly, moet dieselfde benadering min of meer op 'n mikrostrukturele vlak gevolg word. Vertaalbesluite wat op die mikrostrukturele vlak geneem word, volg dus so ver moontlik die besluite wat op makrostrukturele vlak geneem is. Aangesien die bronteks outobiografies lees en die oorspronklike Van der Vyver-stem klink, is dit belangrik dat die doelteksleser die teks dieselfde as die bronteksleser sal ervaar – 'n pittige, humoristiese styl wat maklik verstaanbaar is. Hierdie styl is die gevolg van heelwat woordspelings en Afrikaanse gesegdes wat in die bronteks aangetref word. Woordspel is algemeen bekend daarvoor dat dit baie problematies vir vertalers is. Newmark (1998:104) sê dat alhoewel die grootste uitdaging van vertaling is om 'n gepaste vertaalstrategie te vind wat vir die teks sal werk, is dit die vertaling van iets wat eie aan 'n taal is, soos idiome of metafore, wat 'n groot deel van vertaalprobleme kan veroorsaak.

Die vertaler behou 'n idiomatiese gebruik van Engels met baie woordspelings en gesegdes om die oorspronklike gesellige trant van Van der Vyver se literêre werk te behou. Dit is belangrik om in 'n vertaling spreekwoorde, idiome en woordspelings te vervang met ekwivalente wat in die doelteks bestaan sodat die doelteksleser bewus daarvan sal wees dat hy of sy hierdie uitdrukkings nie letterlik moet interpreteer nie. Die doelteksleser moet hierdie uitdrukkings ook figuurlik kan verstaan.

Indien die Afrikaanse idiome wel weens kulturele redes behou word en net in Engels verklaar word, sal die pittige verteltrant wat Van der Vyver in haar oorspronklike teks handhaaf, vir die Engelse leser verlore gaan en sal die Engels nie so verstaanbaar vir die

doeltekleser wees nie Indien die idiome bloot in Engels geneutraliseer word, sal die humoristiese geselstrant van die bronteks ook verlore gaan en die styl van die oorspronklike teks sal nie in die doelteks gehandhaaf word nie. Die vertaler moet dus hier kompenseer deur waar moontlik die idiomatiese Afrikaans met soortgelyke idiomatiese Engels te vervang. Hier kom dus 'n mate van domestikering voor, aangesien die idiome aangepas word om natuurliker vir die Engelse leser te wees.

Afgesien van die gebruik van Afrikaanse idiome en woordspelings word daar ook van Franse uitdrukkings in die bronteks gebruik gemaak. Hierdie Franse uitdrukkings word gewoonlik in die dialoog van die Franse karakters in die bronteks aangetref. Daar is reeds in 3.3.3.2 genoem dat die karakters onveranderd in die doelteks behou word en nie aangepas word nie. Die oorspronklike Franse gesegdes wat in hulle dialoog voorkom, sal dus grotendeels behou word en nie geneutraliseer word of vervang word soos in die geval van die Afrikaanse en Engelse dialoog nie. Hier word weer vervreemdend te werk gegaan, maar dit geld vir sowel die bron- as doeltaal.

Die volgende vertaalstrategieë sou toegepas kon word om woordspelings en idiome in enige doeltaal oor te dra: Newmark (1998:217) omskryf 'n woordspeling as 'n woord of twee woorde van dieselfde klank of soortgelyke klanke, wat in dieselfde sin gebruik word om 'n humoristiese effek by die leser te skep. Indien die woordspeling slegs ter wille van humor aangewend word, kan die woordspeling in die bronteks deur 'n woordspeling met ander woorde in die doelteks geskep word, mits die boodskap van die oorspronklike woordspeling behou kan word.

Newmark (1998:81) noem dat daar 'n paar maniere is waarop idiome en woordspelings in die bronteks met ekwivalente in die doelteks vervang kan word:

Die funksionele ekwivalent van 'n idiomatiese uitdrukking kan gebruik word – dit beteken dat 'n meer neutrale of algemene woord of uitdrukking in die idioom se plek gebruik word. Beekman en Callow (1974 in Shuttleworth & Cowie, 1997:35) stel voor dat kulturele substitusie gebruik word – dit behels die gebruik van 'n werklike-wêreldelement van die doeltkultuur as 'n plaasvervanger vir 'n onbekende element van die oorspronklike, die bronteks. Beide elemente behou wel dieselfde funksie. Hervey en Higgens (1992 in Shuttleworth & Cowie, 1997:36) noem ook dat detail van die

bronkultuur in die bronteks vervang word deur doelkultuur-elemente. Dit het tot gevolg dat die teks (gedeeltelik) herskryf word en 'n "nuwe" teks geskep word sodat die doelteksleser dit beter kan verstaan.

Vertaalstrategieë soos vereenvoudiging, uitbreiding, verkorting en verheldering en kompensasie kan ook gebruik wees om 'n teks meer verstaanbaar vir die doelkultuur te maak (Chesterman, 1997:87-116). Die aanpassing van die teks by die doelkultuur se norme en konvensies en perspektief is ook 'n strategie wat aangewend kan word om die doelteks toegankliker vir die doelteksleser te maak (Chesterman, 1997:87-116).

Newmark (1998:106) merk op dat dit aanvaarbaar is om woordspelings in die bronteks met 'n soortgelyke woordspeling in die doeltaal te vervang, mits die betekenis daardeur oorgedra word. Hy stel voor dat die betekenis van die metafoor en die rol wat hierdie metafoor in die teks speel, teen die linguïstiese en kulturele konteks daarvan opgeweeg word. Die vertaalstrategie wat in die doelteks gevolg sal word, word sodoende bepaal. Newmark (1998:82-90) stel ook voor dat die vertaler 'n kulturele of funksionele ekwivalent vir die metafoor of idioom kan vind – 'n kulturele ekwivalent is 'n element wat in die doelkultuur bekend is, wat gebruik word om die kulturelement wat in die bronteks verskyn, te vervang. 'n Funksionele ekwivalent is 'n meer neutrale term waarmee kulturelemente in 'n vertaalde teks vervang kan word. Funksionele ekwivalente kan wel tot kulturele verarming in 'n teks lei. Verder stel Newmark (1998:87) voor dat die vertaler ook van "through-translation" of leenvertaling gebruik kan maak – die metafoor of idioom kan letterlik vertaal word en in die doeltaal gebruik word.

Baker (2006:230) verskaf ook strategieë waarmee daar met idioome en metafore in 'n teks omgegaan kan word. Baker sê dat die grootste probleem met idioome spruit uit die feit dat daar nie altyd 'n kulturele ekwivalent daarvoor in die doeltaal beskikbaar is nie. Sy merk op dat dit wel moontlik is om 'n idiomatiese uitdrukking in die doeltaal te vind wat soortgelyk is aan die brontaal, maar dat hierdie idioom moontlik nie dieselfde betekenis binne die teks sal hê nie en iets heeltemal anders kan beteken. Idioome en vaste uitdrukkings wat na kultuurspesifieke elemente verwys, is nie noodwendig onvertaalbaar nie, maar dit is soms eerder die betekenis en die assosiasie wat dit met die kultuurspesifieke elemente het, wat die vertaling daarvan bemoeilik.

Sy stel voor dat 'n idioom met 'n soortgelyke betekenis, maar met 'n verskillende vorm as die oorspronklike idioom gebruik kan word. Verder kan 'n idioom ook vertaal word deur dit te parafraseer of heeltemal uit te laat en net die betekenis daarvan oor te dra (soortgelyk aan funksionele ekwivalent of neutralisering).

In hierdie afdeling sal daar na enkele voorbeelde van idiomatiese taalgebruik, woordspelings en die gebruik van Franse gesegdes gekyk word om te bepaal of die vertaler die oorspronklike stem van Van der Vyver en die Franse karakters in die teks behou, al dan nie. Dit is nie altyd moontlik om 'n gepaste Engelse ekwivalent vir 'n Afrikaanse gesegde te vind nie en daarom word uitsonderings gemaak deur 'n Afrikaanse woordspeling of idioom met 'n neutrale, verklarende Engelse ekwivalent te vervang.

4.2.2.2.1.1. Franse uitdrukkings

Deur die loop van die teks kry die leser nie net te make met Van der Vyver se vertelling oor haar Afrikaanse herkoms nie, maar ook met 'n verskeidenheid inwoners van die Franse platteland. Hierdie karakters word kleurrik en lewendig beskryf deurdat Van der Vyver 'n eg Franse dialek in elkeen se mond lê.

Van der Vyver se beskrywing van die Franse inwoners gaan gepaard met die vele Franse uitdrukkings wat in die bronteks verskyn deur hierdie karakters se dialoog. Ten einde die outentiekheid van die bronteks ook in die doelteks te behou, sou hierdie Franse uitdrukkings wat in die bronteks verskyn, ook na die doelteks oorgedra moet word en oorspronklik in Frans behou word. Daar is ook reeds vasgestel dat die doelteks getrou aan die bronteks bly wat die uitbeelding van karakters betref. Die stem van die karakters behoort dus op 'n mikrostrukturele vlak ook nie aangepas of weggelaat te word nie. Die bronteksleser ervaar hierdie Franse karakters vanuit die direkte perspektief van die verteller en word sodoende reeds “vervreem” van sy of haar eie Afrikaanse kultuur deurdat die leser met vreemde Franse begrippe gekonfronteer word sonder dat verklarings bygevoeg word.

Alhoewel daar van baie Franse terme in die bronteks gebruik gemaak word, is nie almal ewe problematies vir die leser nie. In die praktyk gebeur dit dikwels dat leksikale items vanuit een taal aan 'n ander taal ontleen word. So word woorde en begrippe wat uit Frans afkomstig is, reeds 'n geruime tyd deur Afrikaanse sprekers gebruik: Uitdrukkinge soos *c'est la vie* is nie onbekend aan die Afrikaanse of Engelse spreker nie en blyk nie problematies vir die bron- en doelteksleser van die teks te wees nie. 'n Ontlening is 'n woord of groep woorde uit een taal wat onveranderd in 'n ander taal gebruik word. Sulke ontlenings word net so in die doeltaal aan die brontaal ontleen (Shuttleworth & Cowley, 1997:41).

Alhoewel die Franse uitdrukking, soos bo genoem, geredelik tot die Engelse en Afrikaanse taal toegevoeg word, is daar wel uitdrukkinge wat minder verstaanbaar vir die Engelse en Afrikaanse leser is. Waar die dialoog van die Franse karakters in die teks betrek word, word gewone sinne bloot in Frans behou en indien die leser nie die Frans verstaan nie, sal die leser dit moontlik self moet ontsyfer. Alhoewel hierdie uitdrukkinge nie noodwendig idioome is nie, is dit steeds in 'n vreemde taal wat nie deur die leser verstaan word nie. Met die lees van die doelteks, blyk dit dat al hierdie terme behou word soos wat dit in die bronteks aangetref word. Geen aanpassing word gemaak sodat die Afrikaanse of Engelse leser die uitdrukkinge beter in hulle eie taal sal verstaan nie. Dit is wel opmerklik dat party Franse terme, veral ten opsigte van kos, drank en sport (gelys onder interkulturele probleme), wel in die teks verduidelik word, maar geen Franse uitdrukkinge word verder verklar nie. Myns insiens word 'n verklaring vir die Franse uitdrukkinge nie verskaf nie, aangesien dit in die dialoog van die ander karakters verskyn. Van der Vyver wil dus nie die unieke stem van die Franse karakters laat verdwyn deur verklarings vir die vreemde Franse terme te verskaf nie.

In Frans word daar ook na die karakter Jean-Pierre en verskeie ander Franse burgers in die teks verwys as 'n *pique-cul* (BT:23). Hierdie metafoor kan omskryf word as 'n Franse persoon wat al lank in die omgewing bly en baie gesteld is op sy of haar Franse herkoms en soms arrogant of pretensieus voorkom. In die Afrikaanse bronteks word die term *in-die-gat-gesteekte ter* verduideliking toegevoeg. In die doelteks word slegs *pique-cul* gebruik, sonder om enigsins verder te verduidelik. Dit lyk hier dus of die vertaler dink haar lesers het nie soos die Afrikaanse lesers die ekstra inligting nodig nie.

Hierdie vervanging van die Franse term met 'n Afrikaanse term is die enigste afwyking wat ten opsigte van die Franse terme in die teks voorkom.

Franse uitdrukkings, wat grotendeels in die dialoog deur die twee karakters Madame Voisine en Jean-Pierre verskyn, word deurlopend in die bron-, sowel as die doeltteks aangetref. Die verklarings wat hier gelys word, is 'n ruwe vertaling deur die navorser self. Die onderstaande uitdrukkings word glad nie in die teks verklaar nie. Alhoewel die leser min of meer uit die konteks kan aflei wat gesê word, is daar wel kere dat die uitdrukkings nageslaan moet word:

'Bof', he said, 'we're now talking about the recent past' – 'n uitdrukking soortgelyk aan die Engelse "whatever!" (DT:5)

Madame Voisine sighs, *le bon vieux temps*– "the good times" (DT:10)

Santé (DT:12) – die Franse woord vir "gesondheid", wat as uitdrukking gebruik word wanneer 'n heildronk ingestel word, soos die Afrikaanse "gesondheid" of Engelse "cheers".

'Non, non', she said– Herhalende ontkenning, "nee, nee" of "no, no" (DT:32)

Pourquoi pas?– "Waarom nie?" of "Why not?" (DT:48)

Quelle chance!– uitroep wat beteken "how lucky!" of "wat 'n geluk!" (DT:56)

Quelle horreur– uitroep wat beteken "how horrible!" of "hoe afgryflik!" (DT:75)

Ça va? Et les petits-enfants? (BT:76) – gesprek wat deur die winkeleienaar aangeknoop word en vertaal word as: "Hoe gaan dit? En met die klein kindertjies?"

C'est comme ça (BT:81) – 'n uitdrukking wat beteken "it is like that" of "dit is so".

Oui, oui oui, I murmured (DT:82) – "yes, yes, yes" of "ja ja ja"

Votre mari? (DT:133) – "Jou man?" of "your husband?"

Die volgende uitdrukkings kom vanuit Van der Vyver se eie perspektief en stem en is nie deel van die dialoog van die Franse karakters nie. Hierdie uitdrukkings word wel in

die doelteks tussen hakies deur die skrywer in die bronteks self verklaar. Hierdie verklaring deur die skrywer word ook na die doelteks oorgedra (DT:153):

Il fait beau! Quelle pluie! Ça caille! Ça souffle! (Nice day, isn't it? Heavens, look at the rain. It's freezing cold! My, but it is windy today!)

Party Franse uitdrukkings wat in die bron- en doelteks verskyn, is bekender aan die Afrikaanse en Engelse leser. Alhoewel hierdie Franse terme en uitdrukkings nie deel vorm van die formele Afrikaanse en Engelse leksikon nie, is dit wel woorde en terme wat aan Frans “ontleen” is en in Afrikaans of Engels gebruik word:

Bon appétite (BT:13) – ’n meer bekende uitdrukking in die Afrikaanse en Engelse leksikon, wat beteken: “Lekker eet.”

Impossible! (BT:34) – herkenbaar in Engels, as die woord “impossible” of “onmoontlik” en word in hierdie konteks as ’n uitroep gebruik.

C'est la vie (BT:75) – ’n Franse uitdrukking wat al deel vorm van die Afrikaanse of Engelse leksikon, wat beteken, “such is life” of “so is die lewe”.

Bonjour en *au revoir* (BT:76) – die Franse groetvorm waarmee Afrikaans- en Engelssprekende lesers ook bekend behoort te wees.

Laissez-fair (BT:124) – ’n argelose houding.

Faux pas (BT:211) – ’n fout wat begaan is.

Deur op hierdie Franse uitdrukkings te fokus, is dit duidelik dat dieselfde benadering in die doelteks as in die bronteks gevolg word. Al die Franse uitdrukkings wat gebruik word in die bronteks, word ook in die doelteks in Frans behou. In hierdie teks is die gebruik van die Frans baie funksioneel alhoewel dit vir sowel bronteks- as doeltekslesers problematies kan wees.

4.2.2.2.1.2. Afrikaanse uitdrukkings

Aangesien Marita van der Vyver vanuit ’n sterk outobiografiese perspektief skryf, is haar identiteit en oorspronklike stem as Afrikaanse skrywer onlosmaaklik deel van die bronteks en is daar daarom heelwat Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings wat ook in die

bronteks voorkom. Om hierdie outobiografiese stem te behou, is dit belangrik dat die vertaler Van der Vyver se humoristiese, gesellige styl in die doelteks oorgedra word.

Waar die Franse uitdrukkings in die doelteks in Frans behou word, word idiomatiese Afrikaanse uitdrukkings plek-plek gedomestikeer om die Engelssprekende doelteksleser te akkommodeer. Dit word reeds op 'n makrostrukturele vlak in hoofstuk 3 by die vertaling van die hoofstuktitels geïllustreer.

Die Afrikaanse uitroep 'a nee a!' wat in Afrikaans bekend is, kom in die bronteks voor (BT:24):

Maar toe die volgende begrafnis kom, is dit komplete of ek my ouma se stem iewers hoor: "A nee a! Mens moet darem respek hê vir die dood!"

Aangesien daar nie werklik 'n Engelse ekwivalent vir hierdie Afrikaanse uitroep bestaan nie, is hierdie uitroep wegvertaal (DT:17):

But when the next funeral came, it was as if I heard my grandmother's voice somewhere: 'That simply wouldn't do, my dear. One must have respect for the dead, you know!'

In die doelteks word daar gekompenseer vir die weglaat van die Afrikaanse uitroep deur die byvoeg van "you know". Dit is 'n voorbeeld van 'n strategie waar die idiomatiese uitdrukking in die bronteks eerder met 'n funksionele ekwivalent vervang word, of weggelaat word in die doelteks.

'n Voorbeeld van 'n idioom eie aan Afrikaans, wat met 'n idiomatiese ekwivalent in Engels vervang word en waar die idiomatiese uitdrukking nie geneutraliseer word of bloot weggelaat word nie, kom in die bronteks voor (BT:35):

Betaal, so is ons kleintyd geleer, is die wet van Transvaal.

Baker (2006:230) en Newmark (1998:82) se strategie om 'n idioom in die bronteks met 'n kultuurspesifieke ekwivalent te vervang, kom weer in die doelteks voor. In die doelteks word hierdie idioom met 'n Engelse idiomatiese uitdrukking vervang, eerder as om dit letterlik te vertaal of te neutraliseer (DT:27):

Render unto Caesar the things that are Caesar's, is what we were taught at school.

In die bronteks berus die idiomatiese uitdrukking op die bekende Afrikaanse volkswysie “Vat jou goed en trek, Ferreira” (BT:111):

Dit was dus ’n geval van vat jou goed en trek, Ferreira. Of vat jou goed en trek self, Ferreira.

In die doelteks word hierdie Afrikaanse idiomatiese uitdrukking vereenvoudig deur neutrale uitdrukkings om beter verstaanbaar vir die Engelssprekende doelteksleser te wees. Die verwysing na die volksliedjie “Vat jou goed en trek, Ferreira” word weggelaat en bloot vervang met geneutraliseerde Engels:

It was therefore a case of do it yourself. Pack your things yourself (DT:121).

Bogenoemde neutralisering van die Engels is ’n voorbeeld van Newmark (1998:82) se strategie waar ’n funksionele ekwivalent ’n kultuurspesifieke idioom vervang – internasionale, sowel as plaaslike Engelssprekende doeltekslesers sal nie bekend wees met die volksliedjie en konteks van “Vat jou goed en trek, Ferreira” nie en daarom word ’n neutrale ekwivalent wat die betekenis oordra, in die plek van die idiomatiese uitdrukking gebruik.

Een idiomatiese uitdrukking wat direk vertaal is en soos die oorspronklike behou is, is : “A Boer makes a plan (DT:24)” na aanleiding van “ ’n Boer maak ’n plan (BT:31). Die woord “Boer” word behou omdat die Suid-Afrikaanse Engelse leser bekend sal wees met die definisie van die woord “boer” binne ’n Suid-Afrikaanse konteks. Die internasionale Engelse leser sal nie noodwendig bekend wees met hierdie term idiomatiese uitdrukking nie. Hier is Newmark (1998:104) se strategie om ’n idioom in die bronteks letterlik te vertaal deur “through-translation”, of leenvertaling, gevolg.

’n Ander bekende Afrikaanse idioom, “skoemaker, hou jou by jou lees” (BT:64) (om te doen wat jy opgelei is om te doen) word die Engelse idiomatiese ekwivalent, ‘cobbler, stick to your last!’ vervang. In hierdie geval bestaan daar wel ’n direkte kulturele ekwivalent in die doeltaal en is dit nie nodig om die Afrikaanse idioom te laat wegval nie. Dit is weer eens ’n voorbeeld van Newmark (1998:82) en Baker (2006:230) se strategie waar ’n kultuurspesifieke ekwivalent gevind word, maar terselfdertyd is dit ook ’n voorbeeld van ’n idioom wat letterlik en direk vertaal kon word.

Woordspelings wat in die bronteks voorkom, is uit die aard van die saak moeilik om ook in Engels as 'n woordspeling te vertaal. In die meeste gevalle word daar wel treffend met die woordspelings in die teks omgegaan deur soortgelyke woordspelings in Engels te skep (BT:31):

Dis nie koekstruif nie, het Daniel gegiggel, dis koekdryf

Hierdie woordspeling word wel in Engels as 'n woordspeling vertaal en die oorspronklike nuanse van die woordspeling in die bronteks gaan nie verlore nie (DT:24):

Everyone knows a Coke float, Daniel giggled, but this is the first time he's seen a cake float.

Nog 'n Afrikaanse idioom en woordspeling wat in die bronteks voorkom (BT:32):

Hulle sê nood leer bid. In my geval is dit nood leer bak.

Die uitdrukking “nood leer bid” is 'n algemene gesegde in Afrikaans, wat beteken dat iemand gewoonlik desperaat om hulp sal vra sodra daar 'n noodgeval is. In die doelteks word die Engelse idiomatiese ekwivalent vir hierdie gesegde gebruik. Die woordspeling wat in die bronteks verskyn, word ook behou (DT:25):

They say necessity is the mother of invention. In my case, necessity was the mother of baking.

Daar word ook 'n woordspeling van die bronteks aangetref. Aangesien hierdie woordspeling met die skryfwyse van die woord te make het, sou 'n Engelse ekwivalent moeilik wees om te vind (BT:124):

En natuurlik in jou gasvrou se kombuis. Besig om jou gewillige gasvrou as proe(f)konyn te gebruik.

Die enigste wyse waarop hierdie woordspeling in Engels vertaal kan word, is om die spesifieke idee van die woordspeling te omskryf, aangesien dit moeilik is om hierdie woordspeling met 'n gepaste Engelse ekwivalent te vervang. Hierdie soort woordspeling kan nie letterlik vertaal word nie en moet aan die Engelse doelteksleser

verduidelik word. Die vertaalde weergawe lees meer omslagtig en die oorspronklike Afrikaanse woordspeling gaan in hierdie geval verlore (DT:112):

[A]nd in your hostess's kitchen, of course, turning your willing hostess into a guinea pig for culinary experience with local produce.

Die Afrikaanse term “Boere-tan” word ook in die bronteks gebruik (BT:97):

[H]ulle gesigte is gebrons deur die son en die res van hulle lywe het daardie befaamde Boere-tan wat jou altyd op Suid-Afrikaanse strande opval. Bleek bors, bo-arms en bobene, donkerbruin voorarms.

Die uittreksel lui as volg in die doelteks (DT:86):

[T]heir faces are bronzed by the sun and on the rest of their bodies they sport that famous Boere tan that's so conspicuous on South African beaches. Pale chest, upper arms and thighs, dark brown forearms, knees and calves.

Dit verwys na die bruingebrande arms en bene van iemand wat meestal 'n kortbroek en kortmouhemp dra (in dié geval word daar spottend na boere in Suid-Afrika verwys, omdat hulle meestal in hierdie soort uitrusing in die buitelug werk). Die woord “Boere-tan” word net so in die doelteks behou. Alhoewel die woord in die doelteks behou word, verklaar Van der Vyver reeds in die bronteks wat hierdie term beteken, en die verduideliking word ook vertaal. Aangesien dit 'n eg Afrikaanse verwysing is, sou dit nodig wees om dit vir 'n internasionale leser te verklaar.

4.2.2.2.2. Samevattende opmerkings oor teksspesifieke vertaalprobleme

Vanuit die voorbeelde van Afrikaanse idioome wat in Engels vertaal is, is dit duidelik dat daar meer aanpassings ten opsigte van verstaanbaarheid vir die Engelse leser gemaak word om die oorspronklike nuanse en styl in die bronteks so ver moontlik in die doelteks te behou. Die Franse uitdrukkings word vervreemdend vertaal en die Afrikaanses word gedomestikeer vir die Engelse leser.

4.2.2.3. Interkulturele vertaalprobleme

Soos genoem, ontstaan interkulturele vertaalprobleme uit die onderskeie gewoontes, norme en konvensies tussen die betrokke bron- en doelkultuur. Alhoewel hierdie onderafdeling van Nord nie so sterk in die studie figureer soos pragmatiese en teksspesifieke vertaalprobleme nie, is daar wel enkele interkulturele vertaalprobleme wat uitgewys kan word.

4.2.2.3.1. Geldeenhede

Geldeenhede word geklassifiseer onder maateenhede, wat van kultuur tot kultuur verskil. Alhoewel daar nie baie geldeenhede in *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* verskyn nie, is dit wel opmerklik dat die Franse woord vir “sent” in die doelteks gebruik word terwyl dit in die spesifieke uittreksel nie in die bronteks voorkom nie. Waar die Afrikaanse teks bloot lui: “wat niks kos nie” (BT:46), word dit in die doelteks vervang met “[it] doesn’t cost a centime. Die woord *centime* verwys na die Franse geldeenheid vir “sent”. Hierdie afwyking is onverklaarbaar, aangesien die bronteks andersins nou gevolg word.

4.2.2.3.2. Aanspreekvorme

4.2.2.3.2.1. Afrikaanse aanspreekvorme

Aangesien die interkulturele vertaalprobleem te doen het met die verskil in norme, konvensies en gedrag tussen verskillende kultuurgroepe, word aanspreekvorme en die verskil in formaliteit by hierdie aanspreekvorme, onder interkulturele vertaalprobleme gekategoriseer. Daar is wesenlike verskille in die aanspreekvorme in Afrikaans en Engels. Vlakke van formaliteit in aanspreekvorme is duideliker in Afrikaans: daar is ’n verskil in formaliteit tussen die gebruik van “u” en die gebruik van “jy” en “jou”, terwyl Engels bloot “you” gebruik.

Afrikaans beskik ook oor die aanspreekvorme “Oom” en “Tannie”, wat nie bloot vir familieleden soos “Uncle” en “Aunt” in Engels gebruik word nie, maar uit respek teenoor

ouer persone. ’n Voorbeeld van die Afrikaanse woord “oom” kom in die bronteks voor waar daar na die rubriek “Oom Krisjan Lemmer” wat in die *Mail and Guardian* verskyn (BT:58):

Herinner my aan ’n storie wat ek ’n jaar of wat gelede in oom Krisjan Lemmer se rubriek in die *Mail and Guardian* gelees het.

Die naam “Oom Krisjan Lemmer” (BT:49) verskyn net so in die doelteks, omdat dit ’n bekende naam van ’n rubriek is:

It reminds me of a story that I read a year ago or so in Oom Krisjan Lemmer’s column in the *Mail and Guardian*.

’n Internasionale Engelse leser sal nie bekend wees met die aanspreekvorm “Oom” nie en daarom kan dit as ’n kultureel vreemde element in die doelteks beskou word. Die enigste verskil is dat “Oom” met ’n hoofletter in die doelteks geskryf word.

4.2.2.3.2.2. Franse aanspreekvorme

Alhoewel daar nie baie Franse aanspreekvorme in die bronteks teenwoordig is nie, is daar wel twee wat deurlopend gebruik word: *madame* en *monsieur*. Van der Vyver se buurvrou word deurlopend as *Madame* Voisine aangespreek en haar man as *Monsieur* (BT:59). Hierdie aanspreekvorme word net so in die doelteks behou (DT:50). Die Franse aanspreekvorm vir “mamma”, “ma” of “moeder”, *maman*, kom in die doelteks (DT:22) voor, maar nie in die bronteks nie. In die bronteks word die Afrikaanse aanspreekvorm “mamma” gebruik. Die betrokke uittreksel uit die bronteks lui as volg (BT:29):

Franse mammas beskou sulke koeke waarskynlik as ’n bietjie vulgêr. As klein Alexandre of Amélie verjaar, koop mamma ’n koek by die *pâtisserie*.

en in die doelteks:

French *mamans* probably consider suchs cakes a little vulgar. On little Alexandre’s or Amélie’s birthday, *maman* buys a cake at the *pâtisserie*.

Die Franse aanspreekvorm *maman* sorg vir ietwat meer vervreemding in die doelteks, waar die bronteks slegs van die Afrikaanse “mamma” gebruik maak.

4.3. Samevatting

Soos reeds gesien vanuit Nord se opvatting oor funksionalisme en lojaliteit, is dit belangrik om die bronkultuur, sowel as die doelkultuur in ag te neem in die vertaling van ’n teks. In die geval van *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* figureer die Afrikaanse en Franse kultuur sterk in die bronteks, maar ook in die doeltekstaal alhoewel die doelteks wat uitdrukkings en idiomatisering betref meer gedomestikeer word as die bronteks. Alhoewel die Franse kultuur behou word deur die Franse idiomatiese uitdrukkings in die doelteks te behou, word die Afrikaanse uitdrukkings idiomaties aangepas sodat ’n Engelse leser dit kan verstaan.

Uit die gebruik van Afrikaanse en Suid-Afrikaanse terme in die doelteks, word daar afgelei dat hierdie doelteks hoofsaaklik vir ’n plaaslike Suid-Afrikaanse Engelse leser vertaal is, aangesien die meeste verwysings na kos, Suid-Afrikaanse geskiedenis en sosiale instansies en plekname dieselfde in die doelteks behou word en nie met geneutraliseerde terme of verklarings vervang word nie. Deur vreemde Franse terme in die doelteks in te sluit, word die vreemdheid en Franse outentiekheid wat deur die verteller in haar nuwe ruimte ervaar word, ook nou deur beide bron- en doelteksleser ervaar. Ten einde die outobiografiese gevoel en oorspronklike vertelstyl van Van der Vyver te behou, is dit dus nodig dat beide Afrikaanse en Franse verwysings in die doelteks behou word.

Die prominente vergestaltung van die Afrikaanse en Franse kultuur in *Die hart van ons huis – ’n skrywer in Provence* word duidelik deur die talle kulturele verwysings en terme wat in die teks voorkom. Vanuit die bogenoemde ontleding is dit duidelik dat die kosterme in die doelteks almal behou word soos in die doelteks behalwe by enkele uitsonderinge van Suid-Afrikaanse kosterme. Waar die Suid-Afrikaanse leser moontlik nie met ’n Franse term bekend sal wees nie, word die term in die bron- en doelteks verklaar. Waar die Franse term nie verklaar word nie, aanvaar die skrywer/vertaler dat

die Suid-Afrikaanse leser wel met die spesifieke term bekend sal wees, of dit sal kan naslaan.

Eg Suid-Afrikaanse en Afrikaanse terme (soos kosterme, plekname, eiename, geskiedkundige verwysings) word presies dieselfde in doeltteks behou en word nie deur parateks of in die teks self vir die Engelse doeltteksleser verklaar nie. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n hoofsaaklik vervreemdende vertaalstrategie gevolg word, aangesien die Afrikaanse en Franse kultuur deur die gebruik van outentieke terme behou word. 'n Suid-Afrikaanse Engelse leser sal die teks reeds vervreemdend vind, maar 'n internasionale Engelse leser meer so, aangesien so 'n leser die Franse, sowel as Afrikaanse kultuurelemente vreemd sal ervaar. Indien die vertaling vir laasgenoemde bedoel was, sou 'n mens veel meer eksplisering en neutralisering kon verwag.

Die oorkoepelende vervreemdende benadering wat op makrostrukturele vlak gevind is, word dus ook op die mikrostrukturele vlak van die doeltteks gevind

Hoofstuk 5

Gevolgtrekking en slot

5.1. Inleiding

In die vertaling van *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence* is dit duidelik dat daar wel sekere besluite en strategieë gevolg is en dat die teks nie sonder enige beplanning in Engels vertaal is nie. Die vertaler gaan funksioneel te werk deur die spesifieke kulturele verwysings in die doelteks te behou – alhoewel daar nie 'n vertaalspesifikasie by die doelteks ingesluit word nie, blyk dit uit die ontleding dat die doelteks aan 'n plaaslike Engelssprekende leser gerig is. In die doelteks, *Where the heart is – a writer in Provence* word daar lojaal aan Van der Vyver as die skrywer van die bronteks gebly. Daar word ook lojaal aan die bronteks self gebly, deurdat daar min afwykings plaasvind. Die vertaler bly ook lojaal aan die doelteksleser deurdat natuurlike en idiomatiese Engels aangewend word om die humoristiese trant van Van der Vyver se oorspronklike literêre werk vir die Engelssprekende leser te ontsluit. Die vertaler voldoen dus aan Nord se maatstawwe vir aanvaarbare vertaling deur lojaliteit aan die skrywer van die bronteks en die bronteks self, sowel as lojaliteit aan die doelteksleser.

Uit die ontleding blyk dit dat vertaalbesluite nie bloot lukraak geneem is nie, maar dat daar op enkele afwykings na van een benadering, naamlik meer vervreemdend, gebruik gemaak word om die doelteks te vertaal. Afwykings in die doelteks kan meestal gemotiveer word – hierdie afwykings is meestal op 'n intertaalige vlak en behels dat die Engels verstaanbaarder en meer idiomaties vir die doelteksleser vertaal word.

5.2. Teoretiese uitgangspunt

In hierdie studie is daar van 'n deskriptiewe benadering gebruik gemaak, aangesien die kwaliteit van die doeltteks nie die fokus van die studie was nie, maar eerder die werkswyse en strategieë wat tydens die vertaalproses gebruik is.

Vanuit die oorsig van die polisisteamteorie en die deskriptiewe vertaalbenadering word dit duidelik dat literêre werke deel is van 'n groter sisteem en dat die vertaling van literêre werke ook binne hierdie sisteem geplaas word. Die deskriptiewe vertaalbenadering spruit uit die polisisteamteorie, wat voorsiening maak vir die kulturele konteks waarin 'n literêre werk bevind word. Uit hierdie benadering spruit die twee kulturele vertaalstrategieë, vervreemding en domestikering, aan die hand waarvan *Where the heart is – a writer in Provence* ontleed is.

5.3. Oorkoepelende vertaalbenadering

Daar vind altyd interaksie tussen twee literêre sisteme en twee kulture plaas wanneer 'n teks vertaal word. 'n Teks word uit een literêre sisteem in 'n ander oorgedra. Sodoende moet daar 'n kompromie tussen hierdie twee sisteme en kulture en ook die bron- en doeltaal getref word (Lefevre, 1982:248). Tydens die ontleding van *Where the heart is – a writer in Provence* kon daar gesien word dat die Afrikaanse en Franse kultuur 'n groot invloed op die vertaling daarvan gehad het aangesien die Afrikaanse herkoms van die skrywer en die Franse konteks intrinsiek deel vorm van die doeltteks. In hierdie studie is dit duidelik dat die bronkultuur 'n groot impak op die vertaling van die doeltteks gehad het en dat daar min aanpassings van die bronkultuur na die doeltteks plaasvind.

Die oorkoepelende vertaalbenadering in *Where the heart is – a writer in Provence* is vervreemding met domestikering as sekondêre benadering. Daar word baie naby die bronteks gebly en enige terme wat die Franse en Afrikaanse kultuur in die bronteks uitbeeld, word in die doeltteks behou. Die tyd, plek en verwysingsraamwerk waarin die bronteks afspeel, word nie in die doeltteks aangepas nie. Die vervreemdingsproses word hier verhoog omdat die Engelssprekende bronteksleser nie slegs vervreem word deur die Afrikaanse terme nie, maar ook deur die Franse terme. Domestikering word as

sekondêre vertaalbenadering in die teks ontleed omdat die Engels deurgaans grammatikaal bly, ten spyte van die vreemde terme wat in die doeltteks oorgedra is.

Berman (1985:284) noem dat die vervreemdende benadering goed werk om die vreemdheid of andersheid van 'n teks te beklemtoon. Die doeltteksleser kan sodoende iets meer van 'n ander kultuur leer deurdat sy/haar kennis verryk en verdiep word (Benjamin, 1932:22).

5.4. Vertaler se werkswyse

Teen die gegewe teoretiese agtergrond wat in hierdie studie bespreek is, is dit duidelik dat vertaling as 'n aktiwiteit van kulturele oordrag beskou kan word en nie slegs op die oordrag van grammatikale eenhede berus nie. Vertaling is dus nie meer slegs die oordrag uit een taal in 'n ander ten einde basiese kommunikasie te bevorder nie, maar ook 'n aktiwiteit van herskepping en herskrywing. Die konteks waarbinne 'n literêre werk geskep is, is belangrik vir die verstaan daarvan en dit moet dus tydens die vertaalproses in ag geneem word, tesame met wie die potensiële doeltteksleser sal wees. Dit is veral in hierdie betrokke teks waar kultuur sterk teenwoordig is en die vertaler moet beseft dat hierdie kulturele oorwegings deel vorm van die teks en nou verweef is met die temas wat in hierdie rubriekbundel na vore kom.

In die geval van *Where the heart is – a writer in Provence* word 'n vertaalbenadering gevolg wat hoofsaaklik bronteksgeoriënteerd is. Die doeltteks bly so na moontlik aan die bronteks en dit vervreem die leser tot 'n mate van sy/haar doeltaal- en kultuur. Dit lei daartoe dat die outentiekheid van die outobiografiese vertelling in die vertaalde rubriekbundel behou word.

Uit die makro-ontleding van die teks is daar vasgestel dat daar 'n oorkoepelende vertaalbenadering gebruik is wat hoofsaaklik van 'n vervreemdende strategie gebruik maak aangesien makrostrukturele aspekte soos die voorblad, agterblad, hoofstukverdeling, titel en nie kultureel aangepas is vir die doeltteksleser nie. Daar is bevind dat die meeste potensiële vertaalprobleme uit die gebruik van die talle Afrikaanse en Franse kulturele terme spruit. Die vertaler het die Afrikaanse en Franse

verwysings en terme meestal onveranderd in die doelteks behou. By minder bekende terme en verwysings word daar wel verklarings in die teks verskaf. Dit behoort dus vir die Engelse lesers duidelik te wees dat hulle 'n vertaalde werk uit Afrikaans lees of dan minstens dat 'n Afrikaanssprekende outeur aan die woord is.

Dit beteken dus dat daar tematies ook nie in die vertaalde teks van die bronteks afgewyk word nie. Aangesien Van der Vyver vanuit 'n outobiografiese perspektief skryf, is dit belangrik dat haar oorspronklike stem en styl sover moontlik behou word. Die vertaler slaag hierin, aangesien die humor en lewendige verteltrant van die bronteks deur die idiomatiese gebruik van Engels aan die doelteksleser oordra. Al die temas wat in die bronteks aan bod kom, verskyn ook in die doelteks en word nie weggelaat of aangepas nie. Alhoewel vervreemding as die mees prominente strategie in die doelteks geïdentifiseer is, toon hoofstuk 4 dat teksspesifieke intertalige vertaalprobleme soos idiome en woordspelings opgelos word deur van idiomatiese Engels in die doelteks gebruik te maak. Hier word linguisties gedomestikeer.

5.5. Stem en styl van die skrywer en bronteks

Daar is reeds daarop gewys dat Van der Vyver se literêre werke oor 'n sterk outobiografiese inslag beskik. Dit blyk by uitstek in Van der Vyver se werke oor Provence, Frankryk. In *Where the heart is – a writer in Provence* is daar so ver moontlik probeer om lojaal aan Van der Vyver as bronteksskrywer te bly, en haar so veel moontlik aan die woord te stel.

5.6. Verdere studiemoontlikhede

Verdere studiemoontlikhede wat tydens hierdie navorsing geïdentifiseer is, is dat daar byvoorbeeld 'n resepsiestudie gedoen kan word oor Van der Vyver se oeuvre wat in Engels vertaal is. Daar sou ook deskriptiewe studies vergelykende studies oor al haar vertaalde werke gedoen word, byvoorbeeld, verskil die vertaalstrategieë in haar werke wat oor Frankryk handel van dié wat in Suid-Afrika gesitueer is. Die vertalings van haar

kinder- en jeugliteratuur kan ook teenoor haar volwasse literatuur gestel word. Daar sou ook 'n vergelyking getref kon word tussen die vertaalbenaderings van die onderskeie vertalers van Van der Vyver se werke.

'n Verdere studiemoontlikheid waarna daar op 'n vertaalteoretiese basis gekyk kan word, is die vertaling van gender in Van der Vyver se ander romans waarin daar vroulike kwessies betrek word. Romans wat in so 'n studie van toepassing kan wees, is vertalings van *Griet skryf 'n sprokie (Entertaining Angels)* en die opvolgroman, *Griet kom weer (Traveling Light)*.

5.7. Algehele slotsom

Die navorsingsvrae wat in hoofstuk 1 gestel word, word beantwoord deur tot die gevolgtrekking te kom dat daar hoofsaaklik van 'n vervreemdende vertaalstrategie gebruik gemaak word en dat eg Afrikaanse en Franse kulturele aspekte in die doeltteks behou word. Daar is vasgestel dat die bronteks ook die bronteksleser vervreem deurdat die Franse kultuur as vreemde ruimte deur Van der Vyver bespreek word. Die vertaler hanteer hierdie tematiek dus deur die doeltteks getrou aan die bronteks te behou en die vreemde Franse aspekte na die doeltteks oor te dra, maar bykomend hiertoe is die Afrikaanse kulturele elemente ook vreemd vir die doeltteksleser . Omdat daar so min eksplisering van die Afrikaanse kultuurterme (in vergelyking met die Franse kultuurterme) in die doeltteks voorkom, lyk dit asof die doeltteks bestem is vir 'n oorwegend Suid-Afrikaanse Engelsprekende.

Bronnelys:

Adendorff, E.M. 2003. *Digdebute teen die milleniumwending – 'n polisistemiese ondersoek*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde MA-tesis

Appiah, K.A. 2001. Thick Translation. In Venuti, L. (red.). 2002. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge.

Arrojo, R. 1997. The “death” of the author and the limits of the translator’s visibility. In Snell-Hornby, M., Jettmarova, Z. & Kaindl, K. (reds.). 1997. *Translation as Intercultural Communication. Selected papers from the EST congress, Prague 1995*. Amsterdam: Benjamins. 21-32.

Arrojo, R. 1998. The revision of the traditional gap between theory & practice & the empowerment of translation in postmodern times. In *The translator*. 4(1): 25-48.

Baker, M. 2006. *In other words – a coursebook on translation*. Londen: Routledge.

Baker, M & Saldanha, G . 2009. *Routledge Dictionary of Translation*. Londen: Routledge

Bassnett, S. & Lefevere, A. 1990. *Translation, history and culture*. Londen: Pinter.

Bassnett, S. 2002. *Translation studies*. New York: Routledge.

- Benjamin, W. 1932. The task of the translator. In: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 15–25.
- Berman, A. 1985. Translation and the trials of the foreign. In: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 284–297.
- Boase-Beier, J.& Holman, M. 1999. *The practices of literary translation*. Manchester: St Jerome.
- Brink, A. 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*, Pretoria: Academica.
- Britz, E. 2006. Insig se boekklub - Emosionele mynveld. *Insig*. November: bl. 79
- Brisset, A. 1996. The search for a native language: translation and cultural identity. In Venuti, L (red.). 2000. *The Translation Studies Reader*. New York: Routledge. 343-375.
- Cai, K. 2008. *Optimizing translation through accommodation*. [Aanlyn]: Beskikbaar: <http://www.sytra.cn/optimizing-translation-through-accomodation.html>. [Geraadpleeg 14 September 2011].
- Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans – enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Chesterman, A. 1997. *Memes of translation*. Amsterdam: John Benjamins.

Coetser, J.L. 2009. Wat het van Griet geword? (Sy't 'n ander naam, maar woon nog in 'n sprokie). *Unisa Press Mousaion*. 27(2): bl. 128-138.

Cuddon, J.A. 1982 (hersiene uitgawe). *A dictionary of literary terms*. New York: Penguin Books.

Even-Zohar, I. 1979. Polysystem Theory. *Poetics Today* 1(1/2):287-310.

Even-Zohar, I. 1990. Polysystem studies. *Poetics Today* 11(1):1-262.

Even-Zohar, I. 2000. The position of translated literature within the literary polysystem. In Venuti, L. (red.). 2000. *The translation studies reader*. Londen:Routledge. 192-197.

Hambidge, J. 2006. Marita word haar eie slagoffer. *Die Burger*. 23 September: bl. 9.

Gentzler, E. 2002. Translation, poststructuralism and power. In Tymoczko & Gentzler, M. 2002. *Translation and power*. Amherst: University of Massachusetts Press. 195-218.

Hermans, T. 1985. *The manipulation of literature: studies in literary translation*. New York: St. Martin's Press.

Hermans, T. 1994. Dissiplinary objectives: the shifting grounds of translation studies, in: Nistal, PF & Gozalo, JMB (reds.). 1994. *Perspectivas de la Traducción Inglés/Español. Tercer Curso Superior de Traducción*. Valladolid: Instituto de Gervcas de la Educación, Universidad de Valladolid. 1-25.

Hermans, T. 1997. *Translating literature*. Cambridge: Brewer.

Hermans, T. 2002. Paradoxes and aporias in translation studies. In Riccardi, A. (Red.) *Translation Studies: Perspectives on an emerging discipline* Cambridge: Cambridge University Press 10-23

Honey, M.F. 2006. *(Un)(sub)conscious manipulation: Antjie Krog's translation of Nelson Mandela's "Long walk to freedom"*. Ongepubliseerde MPhil-tesis: Universiteit van Stellenbosch.

Horier, V. 2006. Delightful and heartfelt musings from Provence. *Cape Argus*. 20 Maart: bl. 12.

House, J. 2002. Universality vs. culture specificity in translation. In Riccardi, A. (Red.) 2002. *Translation Studies – Perspectives on an emerging discipline*. United House Kingdom: Cambridge.

Iliescu, C. 2001. What's in a title? A cognitive approach to the role played by translated text labels and unadapted semiotic elements. In *Revista Alicantina de Estudios Ingleses* 14:93-109.

Jordaan, A. 2005. Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence. In *Tydskrif vir Letterkunde*. 42(2): bl. 217-218.

Katan, D. 2004. *Translating cultures*. Manchester: St Jerome.

Katan, D. 2009. Translation as intercultural communication. In Munday, J. (Red.) 2009. *The Routledge Companion to Translation Studies*. Londen: Routledge.

Kemp, T. 2008. Dié sukses is 'storieloos, swetsloos, seksloos'. *Rapport*. 23 November: bl. 22.

Kruger, H. 2011. Preliminary norms in the selection of children's books for translation in South Africa. In *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 29(3): 293-311. (Special issue: Language Practice in Africa).

Lambert, J. & Van Gorp, H. 1985. On describing translations. In Hermans, T. (red.) 1985. *The Manipulation of Literature*. New York: St. Martins. bl. 42-53.

Lefevere, A. 1981. Translated literature: towards an integrated theory. In *Bulletin of the Midwest Modern Language Association* 14(1):68-78.

Lefevere, A. 1982. Mother Courage's Cucumbers: text, system and refraction in a theory of literature. In: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 231-249.

Lovell, K. 2006. An Afrikaans writer living in a foreign land. *Natal Witness*. 5 April: bl. 10.

Munday, J. 2001. *Introducing translation studies – theories and applications*. New York: Routledge.

Naudé, JA. 2000. The Schocken Bible as source-oriented translation: description and implications. In: *Acta Theologica*. 2000. 20(1): 1-33.

Newmark P. 1998. *A textbook of translation*. New York: Prentice Hill.

Nida, E. 1964. Principles of Correspondence. In Venuti, L. (red.). 2000. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge.

Nord, C. 1991. *Text Analysis in Translation – Theory, Methodology and Didactic Application of a Model for Translation-Oriented Text Analysis*. Amsterdam: Rodopi.

Nord, C. 1995. Text-functions in translation: titles and headings as a case point. In *Target*. 7(2): 261-284.

Nord, 1997a. A functional typology of translations. In Trosberg, A. (red.) 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins. 43-66.

Nord, 1997b. *Translating as a purposeful activity*. Manchester: St. Jerome.

Nord, C. 1998. The concept of norms in translation studies. In *Current issues in language and society*. 5(1,2):1-9.

Pinto, D. 2000. Power relations in the Portugese translation of Alan Paton's "Life for a life". In Kruger, A (red.). 2001. *Language Matters*. 31:130-154.

Pym, A. 2010. *Exploring translation theories*. Londen: Routledge.

Ohlhoff, H. 1995. Kanon en instansies. 'n Afrikaanse perspektief. In *Tydskrif vir Letterkunde*. 33:2. Bl. 39-46

Salafranca, A. 2007. Nothing lost in translation as this great yarn is spun. *Star*. 31 Mei: bl. 10.

Schäffner, C, Wieseemann, U. 2001. *Annotated texts for translation: English-German – Functionalist approaches illustrated*. In *Topics in translation* 20. Bassnett, S, Gentzler, E (reds.). Sydney: Multilingual Matters.

Schäffner, C. 1998. Translation studies. In Ostman, J., Verschueren, J., Blommaert, J., Bulcaen, C. (eds). *Handbook of Pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins.

Schäffner, C. 2003. Translation studies. In Östman, J, Verschueren, J, Blommaert, J & Bulcaen, C (reds.). 2006. *Handbook of pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins. 1-14.

Shevlin, I. 2006. A poppie in Provence. *Sunday Tribune*. 19 Maart: bl. 4.

Shuttleworth, M & Cowie, M. 1997. *Dictionary of translation studies*. Manchester: St. Jerome.

Smith, S. 1990. Self, subject and resistance: marginalities and twentieth-century autobiographical practice, in *Tulsa Studies in Women's Literature*. 9(1): 11-24.

Snell-Hornby, M. 1988. *Translation studies – an integrated approach*. Amsterdam: Benjamins.

Spies, C. 2009. *Die Agterhuis – Lina Spies se vertaling van Anne Frank se dagboek, Het Achterhuis, in Afrikaans: besluite, benaderings en strategieë*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde Mphil-tesis vir Vertaling

Spivak, G. 1992. The politics of translation. In Venuti, L. (red). 2002. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge.

Toury, G. 1995. The nature and role of norms in translation. In: *Descriptive translation studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamin.

Ulrych, M.en Bossinelli, R.M.B. 1999. The state of the art in Translation Studies: An overview, in: *Textus: English Studies in Italy*. XII(2): 219-242.

Van Coller, H. 2011. Literatuur in die marge: die plek van die middelmoet-literatuur. In *Litnet Akademies Jaargang 8(2)*: Augustus 2011.

Van der Merwe, A. 2007. *Marita van der Vyver (1958-)*. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=22853&cause_id=1270 (Datum afgelaai: 20 November 2010).

Van der Vyver, M. 2004. *Die hart van ons huis – 'n skrywer in Provence*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Vyver, M. 2006. *Where the heart is – a writer in Provence*. Kaapstad: Double Storey.

Van der Walt, T.B. & Niemann, M.M. 2009. Die feministiese uitbeelding van die gesin in Marita van der Vyver se boeke vir jong volwassenes. In *Unisa Press Mousaion*. 27(2): bl. 150-163.

Visagie, A. 2008. Identity and rediscovery – Andries Visagie interviews Marita van der Vyver and Ingrid Winterbach. In *Tydskrif vir Letterkunde*. 45(1): bl. 165-174.

Van der Merwe, A. 2007. *Marita van der Vyver (1958-)*. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=22853&cause_id=1270 (Datum afgelaai: 20 November 2010).

Van Leuven-Zwart, K. 1992. *Vertaalwetenskap: ontwikkelings en perspektieven*. Muidelberg: Dick Coutinho BV.

Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility – A history of translation*. Tweede Uitgawe. London, New York: Routledge.

Venuti, L. 2002. Translation, community, utopia. In Venuti, L. (red.). 2002. *The Translation Studies Reader*. Londen: Routledge.

Von Flotow, L. 2005. Tracing the context of translation: The example of gender. In Santaemilia, Josè (Red.). 2005. *Gender, Sex and Translation – The Manipulation of Identities*. Manchester: St. Jerome.

Vosloo, F.A. 2005. *Antjie Krog se vertaling van die sterre sê 'tsau': 'n deskriptiewe analise*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde tesis vir die graad MPhil in Vertaling.


Vosloo, F.A. 2010. *Om te skryf deur te vertaal en te vertaal deur te skryf: Antjie Krog as skrywer/vertaler*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde proefskrif vir die graad DLitt in Vertaling.

Appendiks

Bylae A

1. Voor- en agterblad van die bronteks

Figuur 1: Voorblad van bronteks




Figuur 2: Agterblad van bronteks




2.Voor- en agterblad van die doelteks

Figuur 1: Voorblad van bronteks



Figuur 2: Agterblad van bronteks



Bylae B

1. Woordelys van kulturele terme in bronteks

Die volgende kultureel verwante terme en uitdrukkings word onder verskillende subkategorieë in alfabetiese volgorde gelys. Hierdie lys is slegs ter illustrasie van die gebruik van terme in die teks en dien nie as woordelys om terme breedvoerig te verduidelik nie. In party gevalle kan die bladsynommers van 'n voorbeeld wat in die teks bespreek is, moontlik van die gelyste voorbeeld hier onder verskil, aangesien voorbeelde van terme telkens elders in die teks ook verskyn.

1.1. Aanspreekvorme

1.1.1. Aanspreekvorme (Afrikaans):

Afrikaans Oom Krisjan Lemmer 58

1.1.2. Aanspreekvorme (Frans):

madame/monsieur 59

1.2. Akteurs en aktrises:

Bruce Willis 79

Catherine Deneuve 76

Johnny Depp 77

John Malkovich 77

Nicole Kidman 76

Robin Williams 76

1.3. Boeke:

By Grand Central Station I sat down and wept 39

Catch-22 38

1.4. Eiename

1.4.1. Eiename (Afrikaans):

DJ Opperman 99

Emsie Etiket 53

Leipoldt 126

Mandela 11

Paul Kruger 11

1.4.2. Eiename (persoonlike kennis van outeur):

Alain 8

Hakima 51

Heloïse 9

Hugo 8

Louise 33

Marè 126

Mia 9

Peta 126

Thomas 8

1.4.3. Eiename (Frans):

Jean-Pierre 9

L'Auberge Fleurie 137

Madame Viosine (buurvrou) 23

1.5. Ekologiese terme:

krismisrose 202

mistral 16

muguet (meiklokkie) 94

rankrose 123

truffels 151

Wit Kersfees 98

1.6. Films:

Being John Malkovich 78

Harry Potter 57

Jaws II 49

1.7. Franse uitdrukings:

Allons, enfants de la patrie 113

au revoir 86

Bof! 11

bon appétit 21

bonjour 86

c'est comme ça 90

c'est la vie 83

ça caille 83

ça soufflé 85

campagne 91

chanson 16

château 152

en famille 113

étrangers 11

et les petits enfants? 86

factrice 163

il y a quelqu'un? 160

il fait beau! 160

la chaise 170

le bon vieux temps 17

Liberté, égalité et fraternité 112

lycée 195

magnifique 202

météo 166

moustiques 203

non, non 40

oui, oui, oui

Parisien 13

pas terrible 103

pourquoi pas? 48

quelle chance! 66

quelle pluie! 15

santé 19

second degré 165

supermenteur 12

une famille nombreuse 62

une soirée inoubliable 102

viola 19

1.8. Geldeenheid:

(Frans) centime 60

1.9. Geskiedenis:

1.9.1. Geskiedenis (Afrikaans):

Anglo-Boereoorlog 11

Groot Trek 38

Voortrekker 200

1.9.1. Geskiedenis (Frans):

Cisterciënse abdy 9

Donatien Alphonse François, die markies van Sade 129

Gui de Cavaillon 129

Raimbaut d'Orange 129

1.10. Handelsnaam:

Tupperware 33

1.11. Kosterme

1.11.1. Kosterme (Afrikaans):

biltong 28

blatjang 28

boerewors 156

Cheddar 147

droëwors 28

Gouda 147

groenvyekonfyt 28

Hertzoggies 146

koeksisters 28

koekstruif 30

korrelkonfyt 28

Meerlust Rubicon 156

Melktert 31

mieliepap 28

rooibostee 28

taaipitperskes 28

tuisbedryf 31

vleisbraai 24

1.11.2. Kosterme (Frans):

aïoli 211

amuse-bouche 144

aubergine 149

baguette 31

Bleu de Brest 147

camembert 147

Châteneaneuf du Pape (Franse wyn) 20

chipolatas 183

chocolatiers 92

cognac 99

comtè 147

coquilles St Jacques 99

Coulommiers 148

courgette 149

crème anglaise 31

croissant 31

en robe de chambre 212

farcis provençaux 149

farine complete 33

Fourme d'Ambert 147

frites 151

gourmandise 99

grand cuisine 99

l'apéritif 213

gratin 151

kersies – duifhartjies 93

mayonnaise 93

merquez 183

oeuvres d'art 92

pastis 9

paté de foie gras 99

pâtisserie 29

ratatouille 149

Roquefort 147

soufflé 41

St. Marcellin 146

tarte citron 145

tian 149

truffels 30

Vieux Lille 147

1.13. Kuns:

Dali 139

Chagall 132

Gauguin 132

Picasso 132

Trechikof 33

Van Gogh 132

1.14. Musiek en musikante:

Bob Dylan 104

Edith Piaf 24

Frank Zappa 15

Knocking on Heaven's Door 15

Led Zeppelin 15

Non, je ne regrette rien 144

Rolling Stones 16

Satchmo 14

Schubert 16

1.15. Opera:

Angea Gheorghiu 100

Roméo et Juliette 100

1.16. Plekname (Afrikaans):

Ai-Ais 201

Etosha 201

Franskraal 156

Hermanus 201

Kalahari 125

Karoo 125

Kerkstraat 1

Koeëlbaai 28

Namakwaland 201

Namib-woestyn 201

Oudtshoorn 77

Piketberg 96

Porterville 96

Riversdal 156

Stellenbosch 151

Stilbaai 201

Tafelberg 28

Transvaal 203

Visrivier-canyon 62

1.17. Plekname (Frans):

Avignon 41

Bastille-plein 113

Bollène 113

Bretagne 202

Brittany (doelteks) 199

Champs Elysées 58

Côtes d Rhône 18

Grignan 152

Lille 56

Lourdes 77

Marseilles 11

Nîmes 129

Pont du Gard 129

Réunion 158

Rhône-vallei 39

Rhône-rivier 20

Rue d'Eglise 7

Toulouse 183

Vaison la Romaine 100

1.18. Politiek (Frans):

Front National 112

Jacques Chiras 112

1.19. Skrywers:

Albert Camus 130

Charles Dickens 132

Henry James 132

Petrarca 131

Samuel Beckett 132

Simone de Bouvoir 132

1.20. Sosiale instansies

1.20.1. Sosiale instansies (Afrikaans):

Calvinistiese kerk 9

Mail & Guardian 58

Oom Krisjan Lemmer 58

1.20.2. Sosiale instansies (Frans):

carnet de santé (ID-dokument) 34

Cisteriënse abdy 9

collège 8

L'Abbaye 20

La Provence 54

mairie 35

préfecture 35

Sécurité Sociale 38

1.21. Sport en ontspanning

1.21.1. Sport en ontspanning (Afrikaans)

rugby 187

rugbyskrum187

1.21.2. Sport en ontspanning (Frans):

boules 17

la longe 18

pétanque 17

1.22. Tradisies

1.22.1. Tradisies (Afrikaans):

kerkbasaar 9

Pase/Pinkster 9

1.23. Tradisies (Frans):

chandeleur 89

epiphanie 90

Fête de Musique 102

Fête Nationale 95

la sieste 83

le rebond (trou-onthaal) 22

Mardi Gras 91

Meidag 94

Mondragon 95

Toussaint 97

vendanges (Franse oestradisie) 51

1.24. TV-reeks:

The Adams Family 26

Two Fat Ladies 25

2. Woordelys van kulturele terme in doelteks

Die volgende kultureel verwante terme en uitdrukkings word onder verskillende sub-kategorieë in alfabetiese volgorde gelys. Hierdie lys is slegs ter illustrasie van die gebruik van terme in die teks en dien nie as woordelys om terme breedvoerig te verduidelik nie. In party gevalle kan die bladsynommers van 'n voorbeeld wat in die teks bespreek is, moontlik van die gelyste voorbeeld hier onder verskil, aangesien voorbeelde van terme telkens elders in die teks ook verskyn.

2.1. Aanspreekvorme:

2.1.1. Aanspreekvorme (Afrikaans):

Oom Krisjan Lemmer 49

2.1.2. Aanspreekvorme (Frans):

mamans 21

madame/monsieur 3

2.2. Akteurs en aktrises:

Bruce Willis 67

Catherine Deneuve 67

Johnny Depp 67

John Malkovich 67

Nicole Kidman 67

Robin Williams 67

2.3. Boeke:

By Grand Central I sat down and wept 30

Catch-22 30

2.4. Eiename:

2.4.1. Eiename (Afrikaans):

Koos 60

Mandela 5

Paul Kruger 5

2.4.2. Eiename (Persoonlike kennis van outeur):

Alain 1

Amélie 21

Daniel 1

Hakima 6

Heloïse 3

Louise Steyn 26

Maré 115

Mia 2

Michiel 1

Peta 115

Taouk & Zerafa 55

Thomas 1

2.4.3. Eiename (Franse karakters):

Jean-Pierre 3

L'Auberge Fleurie 3

Madame Coccimarket 74

Madame Viosine (Mevrou Buurvrou) 49

Supermenteur Jean-Marie le Pen

2.5. Ekologiese terme:

cicadas 111

Mistral 31

muguet 83

rambling roses 111

truffles 139

Snow/White Christmas 86

South-Easter 31

2.6. Films:

Being John Malkovich 67

Jaws II 39

Harry Potter 40

2.7. Franse uitdrukings:

Allons, enfants de la patrie 113

au revoir 76

Bof 5

Bon appétit 13

bonjour 76

campagne 6

c'est comme ça 80

c'est la vie 75

chanson 9

château 152

campagne 81

déménager 100

en famille 101

entrangère 77

patrice 147

Il ya quelqu'un? 150

il fait beau! 150

lavoir 10

le bon vieux temps 10

Liberté, égalité et fraternité 93

lycée 195

magnifique 202

météo 166

moustiques 203

non, non 32

oui, oui, oui 82

Pas terrible 91

petit-enfants 76

pique-cul 4

pourquoi pas? 39

Quelle chance! 56

quelle horreur 75

santé 12

tour de fource 136

Toussant 86

une famille nombreuse 53

votre mari? 133

2.9. Geldeenheid:

(Frans) centime 90

2.10. Geskiedenis:

2.10.1. Geskiedenis (Afrikaans):

Anglo-Boer War 5

Great Trek 28

2.10.2. Geskiedenis (Frans):

Cisterian abbey 3

Donatien Alphonse François, the Marquis de Sade 118

Gui de Cavaillon 118

Raimbaut d'Orange 118

2.11. Handelsnaam Afrikaans:

Tupperware 110

2.12. Identiteit (Afrikaans):

Afrikaner farms 85

Calvinist 3

Identiteit Calvinist 56

2.13. Kosterme:

2.13.1. Kosterme (Afrikaans):

grape jam 20

biltong 20

Boerewors 144

braai 16

braai fire 85

buttermilk 20

Cheddar 136

chutney 21

cling stone peaches 20

coconut ice 24

dried sausage 20

Gouda 136

green fig preserve 21

Hertzoggies 133

home industry 24

jelly 23

koeksisters 20

mealie meal 20

Meerlust Rubicon 138

pannekoek 134

rooibos tea 20

2.13.2. Kosterme (Frans):

aïoli 199

amuse-bouche 132

baguette 24

Bleu de Brest 135

Brie 135

Châteneuf du Pape 13

chocolatiers 82

Comté 135

coquille st Jacques 88

crème anglais 23

crêpe 134

croissant 24

Coulomiers 135

en robe de chambre 200

farcis provençaux 137

farine complete 25

Fourme d'Ambert 135

frites 1

gourmandise 88

grande cuisine 88

l'apéritif 201

Lou Perac 135

merquez 171

Munster 135

oeuvre d'art 82

pastis 3

patisseries 24

Rasteau 24

soufflé 32

St. Marcellin 135

tarte citron 133

tian 137

truffles 23

Vieux Lille 135

2.14. Kuns:

Chagar 119

Gauguin 119

Picasso 119

Trechikoff 25

Van Gogh 119

2.16. Musiek en musikante:

Bob Dylan 96

Edith Piaf 16

Frank Zappa 9

Knocking on Heaven's Door 96

Led Zeppelin 9

Non, je ne regrette rien 182

Rolling Stones 9

Satchmo 14

Schubert 9

2.15. Opera:

Angela Gheorgiu 89

Romèò et Juliette 89

2.16. Plekname

2.16.1. Plekname (Afrikaans):

Boland 20

Church Street 1

Fish River Canyon 53

Kalahari 113

Karoo 113

Kogel Bay 20

Oudtshoorn 67

Piketberg 85

Porterville 85

Stellenbosch 138

Table Mountain 20

Transvaal Laeveld 191

Voortrekker Street 1

2.17.2. Plekname (Frans):

Auvergne 192

Avignon 29

Cannes 67

Champs Elysées 49

Hereinriver 10

Lille 137

Pont au Gard 117

Rhône Valley 31

Rue de L'église 1

Sommiers 117

Vaison la Romaine 117

Vaison la Romaine 89

Valence 29

Trois Châteaux 139

2.18. Skrywers:

Albert Camus 117

Kafka 29

Lourmarin 117

Samuel Beckett 117

2.19. Sosiale instansies

2.19.1. Sosiale instansies (Afrikaans):

Church bazaar 2

Mail & Guardian 49

2.19.2. Sosiale instansies (Frans):

Carnet 28

collège (secondary school) 28

L'Abbaye 12

mairie 26

préfecture 26

securité sociale 30

WC (water closet) 128

liberté, égalité, fraternité 128

2.20. Sport en ontspanning

2.20.1. Sport en ontspanning (Afrikaans):

rugby 175

rugby scrum 175

2.20.2. Sport en ontspanning (Frans):

boules 11

la longue 11

petanque 11

2.21. Tradisies

2.21.1. Tradisies (Afrikaans):

braai 16

huisgodsdienst 155

pentecost 14

2.21.2. Tradisies (Frans):

caméran 81

Chandeleur 79

épiphanie 80

Fête de Musique 91

Fête National 84

French May Day 83

Frans la sieste 73

le rebond 15

les vendanges 41

mardi gras 81

2.22. TV-reekse:

The Adams Family 19

Two Fat Ladies 25